# HOOFSTUK VIER

## ISRAEL

### A. Oriënterende oorsig.

(1) Israel teen die agtergrond van die ou kultuur.

Dit word tans aanvaar dat die kulture van die tyd van die Bybel nie as afsonderlike, outonome entiteite beskou moet word nie, maar as deel van een groot, omvattende kultuur. 1) Hierdie eenheid is van tweeërlei aard. Eerstens wys dit moontlik terug na 'n gemeenskaplike neolitiese kultuur 2); tweedens berus dit op die noue handels- en kulturele betrekkinge wat 'n kenmerk van die oudheid was. Nog deur alle eeue heen het handel en beskawing saam ontwikkel: handelsbande lei tot kultuuruitruiling. So het die verdeling van die destyds bekende wêreld in Europa, Asië en Afrika reeds vir Herodotus kunsmatig voorgekom. 3)

Van hierdie omvattende kultuurkompleks het die klein Bedoeïenvolkie, Israel, 'n deel gevorm. Die bande wat hom met ander volkere verbind het, was van verskillende aard.

(a) Herkoms.

Anders as die Grieke en Romeine, wat van Indo-Europese oorsprong was, was die Israeliete, of Hebreërs, 'n tak van 'n Semitiese volk wat Arabië as tuisland gehad het. Die Babiloniërs, Assiriërs en Phoeniciërs het ook aan hierdie Semitiese taalfamilie behoort 4), wat egter nie noodwendig 'n etniese verwantskap beteken nie. Volgens hulle eie geskiedskrywing voer die Israeliete hulle afstamming terug na Abraham, wat van Ur in Babilonië afkomstig was. Boonop is Israel in die jaar 586 v.C. met geweld as balling na Babilonië teruggevoer waar hy in aanraking gekom het met die legendes en wetenskappe van die Ooste juis in dié periode van sy ontwikkeling waarin sy denke tot rypheid gekom het. 5) Ook met omwonende nasies soos die Arameërs van Damaskus en sy omgewing, en met Edom, Moab en Ammon was Israel verwant. Israel was met ander woorde deur sy gemeenskaplike herkoms met sy buurvolkere en veral met die Babiloniërs verbonde.

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 40. Vgl. ook hierdie studie, p. 79-82.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 24. Vgl. Woltjer: De beteekenis van het Oosten voor de klassieke oudheid, p. 30-31.
3) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 7.
4) Ibid., p. 8.
5) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 90. Vgl. Kellett: A short history of religions, p. 38.

(b) Geskiedenis.

Israel se geskiedenis het meegebring dat hy ten nouste met ander volkere in aanraking gekom het. Die woord Hebreër (ibri) beteken bes moontlik swerwer en is sover bekend tussen die jare 1500 en 1400 v.C. vir die eerste keer gebruik, dit wil sê in die tyd van Israel se bestaan as nomadevolk. 1) Hierdie swerwers-aanraking met ander volkere het tweërlei gevolg gehad.

(i) Sinkretisme (die oorname van religieuse opvattinge). Veral tussen die Babiloniese en Israelitiese religieuse tradisies soos laasgenoemde in die eerste hoofstukke van die boek Génesis aangeteken staan, is groot ooreenkoms. In albei word vertel van die tuin van Eden, van die sondvloed en die toring van Babel. Volgens 'n Midrash-bewering is die twaalftal van die stamme in die wêreldorde gegrond en stem dit ooreen met die twaalf beelde van die diereriem. 2) Daar sou dus 'n noue verband tussen die Israelitiese beskouing van sy ontstaan as volk en die Babiloniese astrologie bestaan. Josef sou byvoorbeeld die stierbeeld verteenwoordig. 3) Daardeur sou die aanbidding van die goue kalf in die woestyn moontlik selfs elemente van primitiewe voorvaderaanbidding kon bevat het. Ook die Israelitiese gebruik om van twaalf klippe 'n gilgal as gedenkteken op te rig, soos na die deurtog deur die Jordaan 4), sou volgens Jeremias verwantskap met die Babiloniese diereriem vertoon. 5)

Ook die kontak met ander, nie-verwante volkere het moontlik religieuse beïnvloeding tot gevolg gehad. Dit word onder andere beweer dat die opvatting van Satan aan die Persiese teologie ontleen is. So word ook die geloof in engele beskou as ontleen aan die Persiese fravashi, wat self waarskynlik van Boeddhistiese oorsprong is. 6) (Volgens die godsdiens van Zarathustra word Ahura-Mazda, die God van die Ryk van die Lig, bygestaan deur ses goeie geeste, die angaroi; Ahriman, sy teenstander, word bygestaan deur ses bose geeste of devs. Taalkundig is dit die oorsprong van engele en duiwels). 7)

Ook die Spreuke van Salomo sou groot ooreenkoms met sowel die Egiptiese as die Babiloniese wysheidsliteratuur vertoon. 8)

---

1) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 59-60. Vgl. Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 184.
2) Jeremias, A.: Das Alte Testament im Lichte des alten Orients, p. 386. Vgl. Gen. 49:3-28.
3) Jeremias: Op. cit., p. 390. Vgl. Deut. 33:17.
4) Josua 4:1-24.
5) Jeremias: Op. cit., p. 461.
6) Kellett: A short history of religions, p. 67-68. Vgl. ook p. 375.
7) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 67.
8) Dürr: Das Erziehungswesen, p. 97, 105. Vgl. Vriezen: Hoofdlijnen, p. 360.

Beweerde ooreenkomste tussen die godsdiens van Israel en dié van sy bure dui natuurlik nie noodwendig op 'n oorname deur Israel nie, maar waarskynlik eerder op 'n gemeenskaplike ou kultuur waaraan al die betrokke volkere bepaalde elemente ontleen het. Dat sekere skrywers, soos Jeremias, geneig is om ooreenkomste te oordryf, kan ook nie ontken word nie. Dat daar egter duidelike ooreenkomste bestaan, is egter onloënbaar.

In Egipte het Israel sonder twyfel aan die afgodediens meegedoen [1]) en dit het so 'n behoefte by die volk geword dat Aäron moes swig voor die aandrang om 'n goue stierbeeld te maak. [2]) Die volk se drang tot deelname aan die vrugbaarheids- of oesfeeste is egter deur Moses en sy opvolgers met die vreugde oor die bevryding uit die Egiptiese slawerny in verband gebring en het daardeur 'n hoogstaande etiese en religieuse inhoud gekry. [3]) Die God van Israel versmelt nooit met die heidense afgode nie: Hy is uniek, Hy is die <u>lewende</u> God en toon geen ooreenkoms met die heidense vegetasiegode wat aan die natuurritme van sterfte en herlewing onderhewig was nie. [4])

Later sou die opkoms van die Hellenisme groot invloed op die Israelitiese geestes- en religieuse lewe bring. Veral op die kulturele lewe van Israel het dit diepgaande invloed uitgeoefen. [5]) In die 3de eeu v.C. was Griekse nedersettings oor die hele Palestina en selfs in die Heilige Stad versprei. In die 2de eeu v.C. het die Jode van Alexandrië 'n Griekse weergawe van die Ou Testament, die <u>Septuagint</u>, tot stand gebring omdat hulle lank reeds hulle eie taal afgesterf het. Baie Jode in Palestina self het voor die bekoring van die Griekse kultuur geswig. [6])

Deur sy geskiedkundige ervaringe en veral in die Diaspora (Verstrooiing) aan langdurige beïnvloeding deur ander kulture blootgestel, was dit onvermydelik dat die Israelitiese kultuur gewysig - en in sekere opsigte verryk - sou word. "Dat het O.T. met allerlei algemene oud-oosterse voorstellingen, en zelfs met wat men 'primitieve' elementen noemt, belast is, kan noch behoeft men uit theologisch oogpunt te ontkennen of te verdoezelen. Het O.T. is immers ten volle een oud-oosters boek en draagt allerlei kenmerkende eigenschappen van zijn tijd." [7])

---

1) Josua 24:14.
2) Kroeze, J.H.: Handboek Bybelse geskiedenis, die Ou Testament, p. 167.
3) Knight: Christelijke theologie, p. 193-194. Vgl. Deut. 16: 9-12.
4) De Bondt, A.: Wat leert het Oude Testament aangaande het leven na dit leven? p. 221.
5) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 12-13. Vgl. ook Castle: Ancient education and today, p. 158, 162.
6) Castle: Op. cit., p. 166-167.
7) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 29.

Terselfdertyd moet daarop gewys word dat hierdie sinkretisme nooit 'n kritieklose oorname van vreemde elemente behels het nie, maar dat die volk Israel in sy geskiedenis unieke openbaringe van God ontvang het, sodat sy religie van die begin af deur besondere geestelik-sedelike elemente gekenmerk is. [1]) Godsdienstig-historiese vergelyking bring eerder verskille as ooreenkomste met ander kulture en religieë na vore. [2])

(ii) Veranderde samestelling van die Israelitiese volk. Behalwe tot die wysiging van Israel se kulturele en religieuse opvattinge het die aanraking en gevolglike vermenging met ander volkere ook tot die verandering van die fisiese samestelling van die volk aanleiding gegee.

Ten spyte van die feit dat God die vermenging van Israel met ander volkere van ouds af verbied het [3]), het die volk nie suiwer gebly nie. So het Moses reeds 'n Kusitiese vrou geneem wat volgens Joodse verhale 'n Ethiopiese koningsdogter maar bes moontlik eerder lid van 'n gemengde bevolking was [4]); Josef is met 'n Egiptiese vrou getroud en uit hierdie verbintenis het die stamme Efraim en Manasse ontstaan. [5]) Die volk het nooit in sy geheel geantwoord op Jahwe se beroep dat dit sy troue volk moet wees nie. "Israël naar het vlees was op geen enkel moment identiek met Israël naar de geest. Het volk dat optrok uit Egypte, bestond niet alleen uit Hebreeën - 'een menigte van allerlei slag trok met hen mee' (Ex. 12,38)." [6])

Die vermenging met ander volkere het ook ná die uittog uit Egipte voortgegaan: nadat Israel met sy intog in die beloofde land die Midianiete verslaan en die mans gedood het, is die Midianitiese vroue in die volk opgeneem, 'n getal van 32,000. [7]) Ander voorbeelde van die vermenging van Israel met ander volkere is onder meer Simson se huwelike met Filistynse vroue, die verhaal van Rut en Salomo se huweliksverbindinge met vreemde koningshuise, asook die huwelik van Ester met die Persiese koning Xerxes (Ahasveros).

Ten tye van die terugkeer uit die Babiloniese gevangenskap was die meerderheid van die Israeliete reeds so ingeburger dat hulle verkies het om in Babel agter te bly. [8]) In 458 v.C. kom nog sowat 10,000 Israeliete

---

1) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 23.
2) C. van Leeuwen: Hoe moeten wij het Oude Testament uitleggen? in De Beus, C.e.a.: Op het spoor van Israël, p. 95-96. Vgl. Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 91.
3) Exodus 34: 15-16; Deut. 7:3.
4) Kroeze: Handboek Bybelse geskiedenis, p. 175.
5) Ibid., p. 120, 128.
6) Knight: Op. cit., p. 214. 7) Kroeze: Op. cit., p. 189.
8) Ibid., p. 515. Drazin, N.: History of Jewish education , p. 4.

onder leiding van die profeet Esra na Jerusalem terug. "As Esra goed en wel in Jerusalem is, kry hy besoek van die owerstes van die volk. Hulle bring onder sy aandag dat die Jode, priesters en Leviete inkluis, hulle nie afgesonder het van die volk van die lande nie, maar van hulle dogters vir hulself en vir hul seuns geneem het, sodat die heilige geslag hom met die volke van die lande vermeng het." 1) Waar gemengde huwelike plaasgevind het, is die vreemde vroue deur die profeet weggestuur. 2) Nogtans het baie sulke huwelike bly voortbestaan. Die Jode het Asdodiese, Moabitiese en Ammonitiese vroue getrou en die kinders kon later nie meer die taal van hulle vaders praat nie. Die religieuse verval wat 'n kenmerk van die gemengde huwelike was, het dit noodsaaklik gemaak dat die wet van God deurvors en aan Israel geleer moes word. 3)

Die noodsaaklikheid om die wet pertinent aan die volk te leer, het gelei tot die uitbreiding van die sinagoges. Weens die religieuse verval van die na-eksiliese Israelitiese gesin het die georganiseerde skool ontstaan om die religie-onderrig te verskaf waartoe die gemengde gesin nie meer in staat was nie.

Deur die opname van vreemde bevolkingselemente het Israel nie suiwer gebly nie. 4) Talle Jode het egter ook vir die volk verlore gegaan. Dit is bekend dat daar in die Romeinse Ryk reeds sowat ses- tot sewemiljoen Jode was, terwyl voor die Tweede Wêreldoorlog slegs 15-miljoen mense in die hele wêreld as Joods geïdentifiseer is. 5) Nogtans bly Israel ondanks sy vermenging en verwatering as religieuse gemeenskap onverswak voortbestaan, veral danksy sy geloof in Jahwe, sy nasionale solidariteit, sy hoë agting vir die Sabbat, sy verering vir Jerusalem as sentrum van die godsdiens en sy eerbied vir die tradisie en geskiedenis wat in die Ou Testament vervat is. 6)

(c) <u>Geografiese ligging van Palestina</u>.

Israel het deur die besondere ligging van sy vaderland in voortdurende kontak met ander kulture gestaan. Nie alleen in die geestegeskiedenis nie, maar ook geografies is Palestina die brug tussen Europa en Asië, tussen Wes en Oos.

Wat aktuele bodemgesteldheid betref, is Palestina nie die "land van melk en heuning" wat dit in eschatologiese sin vir Israel is nie. In

---

1) Kroeze: Handboek Bybelse geskiedenis, p. 531.
2) Fensham: Kultuur in die tyd van die Bybel, p. 25.
3) Esra 7:10, 25; Nehemia 8: 7-8; II Kon. 17: 8-9.
4) Matter, H.M.: Aldus zal geheel Israël behouden worden <u>in</u> Grosheide: Arcana revelata, p. 61. 5) Ibid., loc. cit.
6) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 187.

vergelyking met die Sinaï-skiereiland, die Negeb en die woestyn in die laagliggende gebiede ten suide van die Dooie See, waardeur Israel vermoedelik getrek het, moes Kanaän egter seker na 'n paradys gelyk het. Nogtans lê daar binne die grense van die land 'n groot aantal onvrugbare heuwels wat elf maande van die jaar deur droogte geteister word, vlak by die heilige stad begin die woestyn van Juda, en by die agterdeur van elke landbouer was altyd die woestyn. Gedurende die hele koningstydperk was die Filistyne in besit van die enigste vrugbare vlakte in die land.

Geleë op die handelspad waarlangs goedere en gedagtes tussen Egipte en Babilon uitgeruil is, die brug tussen drie kontinente, het die land Palestina sy inwoners met al die kulture van die tyd in aanraking gebring, net soos die geskiedenis die volk met ander nasies in aanraking gebring en selfs laat vermeng het. Net soos die volk Israel as geestelike en religieuse gemeenskap egter feitlik onaangetas bly voortbestaan het, het die land Palestina ook dank sy die geestelike betekenis wat dit vir Israel gehad het, bygedra tot sy behoud en voortbestaan juis deurdat dit vir hom 'n dieperliggende betekenis gehad het wat nie uit sy fisiese bodemgesteldheid afgelei kan word nie. Die Heilige Land was dus nie net die taamlik onvrugbare land Kanaän nie: aangesien Kanaän die besondere land van die heilige God was, was ook die land heilig en so het dit 'n betekenis gehad wat ver bo die gegewe feitelikheid uitgegaan het. [1])

(d) Handel.

Geleë op die karavaanroete van Egipte na Damaskus en Babilon en binne maklike bereik van die Phoeniciese handelstede, het Palestina 'n lewendige aandeel aan die handelslewe van die tyd geneem. [2])

Jerusalem was self 'n belangrike handelstad waarin handelsware van oor die hele wêreld te koop was. [3]) In die stad was ses gedifferensieerde markte, naamlik vir diere, wol, ysterware, klerasie, hout, en vir brood, vrugte en groente. Inspekteurs het toesig gehou oor mate en gewigte asook die gehalte van voedsel en drank en het pryse beheer. In die stad was vermoedelik groot opslagplekke vir ware wat van die nabygeleë hawestad Joppa afkomstig was en van Jerusalem af het handelaars hulle ware oor die hele land gesmous. [4]) Selfs vis, wat as 'n besondere lekkerny beskou is, is op groot skaal ingevoer, sodat een van die ingange van Jerusalem as die Vispoort bekend was. Volgens oorlewering is 600,000 vaatjies sardiens

---

1) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 262.
2) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 117.
3) Ibid., p. 116.
4) Ibid., p. 117.

weekliks ingevoer, wat ongetwyfeld 'n oordrywing is, maar die feit bly dat die vishandel so belangrik was dat een van die patriarge van die Sanhedrin daaraan deelgeneem het en self skepe voorsien het vir die vervoer van vis, hoofsaaklik uit Egipte en Spanje. [1])

Ou Joodse geskrifte maak dit moontlik om nie minder nie as 118 verskillende artikels te identifiseer wat uit vreemde lande ingevoer is. Dat Israel handelsooreenkomste met buurlande gehad het, blyk ook uit Benhadad se vredesvoorstelle aan Agab waarin hy onder meer aanbied dat Agab winkelstrate in Damaskus kan aanlê, dit wil sê handelsvoorregte bekom. [2])

Ook Salomo het omvattende handelsbetrekkinge met ander lande onderhou, nie alleen wat die bou van die tempel betref nie, maar ook wat gereelde handelseevaart aangaan. [3]) Aan die oostelike uitloper van die Rooi See lê Elat en Eseon-Geber, waar Salomo belangrike skeepsbouwerke gehad het [4]) en waar koper ontgin en verwerk is volgens 'n proses waarby die woestynwind deur die hoogoonde gelei is, soortgelyk aan die moderne Bessemerproses. [5]) Dit is moontlik dat Salomo se vlote tot in Afrika en Indië gevaar het. [6]) Ofir, die beroemde goudland, lê volgens sommige kenners van die Ou Testament aan die suid-ooskus van die Rooi See. [7]) Tirus en Sidon was die middelpunt van die purperbedryf, 'n kleursel wat uit die Murex-seeslak verkry is. Verder was daar 'n bloeiende handel in parfuum en grimeerstowwe.[8]) Die geurstowwe, wat ook in die tempeldiens, in die huis en in die bed gebruik is [9]), was in baie gevalle van Indië, China, Persië, Arabië en Somaliland afkomstig. [10])

Voorgaande gee 'n beeld van Israel as 'n volk wat in noue aanraking met ander kulture van sy tyd staan. Wat sy herkoms, sy geskiedenis, die ligging van sy land en sy handelsbetrekkinge betref, is hy ten nouste ingeskakel by die lewe van sy tyd.

Naas die beeld van 'n volk wat aktief aan die lewe van sy tyd meedoen en wat dikwels skromelik daarin faal om aan sy geroepenheid te gehoorsaam, kom egter 'n baie belangrike feit na vore: as gevolg van die Godsopenbaring wat deur die profete oorgedra word, bly 'n klein kern van die volk

---

1) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 473.
2) Kroeze: Handboek Bybelse geskiedenis, p. 372.
3) Vgl. I Kon. 9: 17-19; I Kon. 9:26,28; I Kon. 10: 21-22.
4) I Kon. 9:26,28.
5) Keller, W.: Die klippe het dit uitgeroep, p. 198-199.
6) I Kon. 10:22.
7) Kroeze: Op. cit., p. 390. Vgl. Keller: Op. cit., p. 202.
8) Hooglied 4:3, 10-11; 7:5.
9) Spreuke 7: 16-17.
10) Keller: Op. cit., p. 220.

getrou aan sy verbond met God.

(2) Oorsig oor die verloop van die geskiedenis van Israel.

Politiek gesien is die verhaal van Israel van weinig belang vir die verloop van die wêreldgeskiedenis. [1]) Dit is in die betekenis wat Israel aan sy wedervaringe toegeken het dat die sin van sy volkswees en sy geskiedenis lê. [2])

In hierdie afdeling sal slegs 'n oorsigtelike skets van die aktuele gebeurtenisse gegee word om as raamwerk vir die Ou Testamentiese verhaal te dien. Die interpretasie wat Israel daaraan geheg het, sal gaandeweg in die res van die hoofstuk aangedui word.

In ruime sin omvat die geskiedenis van Israel 'n periode wat van ongeveer 2000 v.C. tot sowat 150 n.C. strek.

(a) Die aartsvaders.

Israel spoor sy afkoms as volk terug na Abraham, 'n welgestelde inwoner van die stad Ur wat sowat 2000 v.C. met sy familie sy tuiste verlaat het in antwoord op die roepstem van Jahwe. [3]) Ur was een van die rykste kultuursentra van die tyd en het onder andere 'n reusagtige trappetempel van die maangod Sin bevat. [4]) Dat Abraham aan die diens van dié god meegedoen het, is nie bewysbaar nie, maar kan uit Josua 24:2 afgelei word en ook uit die feit dat die trek van Ur af na Haran gegaan het, nog 'n belangrike sentrum van hierdie godsdiens. [5])

Die volk Israel se oorspronklike fisiese tuiste was met ander woorde Babilonië. Ook op geestelike gebied is daar baie punte van ooreenkoms tussen die kulture van die Tweestroomland en Israel. [6])

Gedurende die leeftyd van Jakob het die volk na Egipte verhuis.

(b) Die verblyf in Egipte.

Volgens oorlewering het Abraham, Jakob en Josef geruime tyd in Egipte gewoon. Dit is moontlik dat hierdie eiename simbolies is vir afsonderlike landsverhuisings van die nakomelinge van Abraham wat toe die Hebreërs genoem is. [7]) Die tydperk van Israel se verblyf in Egipte word op van ongeveer 1700 v.C. tot sowat 1400 of 1200 v.C. gestel. [8])

1) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 126.
2) Jeremias: Das Alte Testament im Lichte des alten Orients, p. 160.
3) Kroeze: Handboek Bybelse geskiedenis, p. 75. Vgl. Gen. 12: 1-4.
4) Fensham: Kultuur in die tyd van die Bybel, p. 17, 22. Vgl. ook Jeremias: Op. cit., p. 293.
5) Kroeze: Op. cit., p. 77. Vgl. Jeremias: Op. cit., p. 304.
6) Kellett: A short history of religions, p. 38.
7) Ibid., p. 39.
8) Kroeze: Op. cit., p. 545.

Aanvanklik is Israel welwillend behandel, maar later is die volk met dwangarbeid belas en genadeloos vervolg. [1]

(c) Die uittog uit Egipte.

Onder leiding van Moses verlaat 'n groot deel van die Israeliete, vermoedelik tydens die regeringstyd van Toetmoses of Ramses II, Egipte. 'n Woestynreis van veertig jaar volg eerdat Israel, wat nou 'n nuwe, geharde en ondernemende geslag opgebou het, van die beloofde land besit neem.

(d) Die rigtertydperk.

Hierdie tydperk duur ongeveer van 1225 tot 1025 v.C. en val dus met die begin van die Ystertydperk saam. In hierdie jare gaan die stryd voort om ten volle van die land besit te neem. Dit is 'n tyd waarin die volkslewe dikwels verswak word deur die aanbidding van die inheemse gode van die land. Daar is 'n gebrek aan nasionale gevoel en eenheid. Verskillende rigters tree in hierdie ordelose tyd soms gelyktydig in verskillende dele van die land op, verlos 'n beperkte gebied van die bedreiging van vyande en wend pogings aan om die afgodery van die volk te bekamp. [2]

(e) Die koningstyd van Saul, Dawid en Salomo.

Dié roemryke koningstyd duur ongeveer van 1025 tot 931 v.C. Die konings van Israel was nooit Oosterse despote nie maar "middelaar-konings" wat die wil van God met sy volk moes uitvoer. [3] Veral Dawid snoer die afsonderlike stamme saam, verslaan die vyande en maak van Israel 'n magtige ryk. [4] Onder Salomo bereik die koningskap 'n glorieryke hoogtepunt en word die tempel ter ere van God in Jerusalem, die heilige stad, gebou.

(f) Skeuring van die ryk.

Na die dood van Salomo skeur die ryk in twee: die ryk van Juda wat aan die huis van Dawid getrou gebly het, en die Tienstammeryk of ryk van Israel. (Die stam van Benjamin is teen die begin van die rigtertydperk in 'n burgeroorlog feitlik uitgeroei). [5] Ondanks die bemoeienis van verskillende profete soos Elia en Elisa neem die Kanaänitiese afgodediens in Israel vinnig toe, daar is dikwels burgeroorlog tussen Israel en Juda en die vyande maak van die geleentheid gebruik om die verdeelde volk te oorheers. Dit is 'n tyd van tragiese verval op politieke en religieuse gebied.

---

1) Kroeze: Handboek Bybelse geskiedenis, p. 138-139.
2) Ibid., p. 251.
3) Ibid., p. 263.
4) Ibid., p. 323.
5) Ibid., p. 211-212. Vgl. Rigters 19:1-48.

(g) Ondergang van die Tienstammeryk.

In 721 v.C. word Samaria, die hoofstad van die ryk van Israel, deur koning Sargon van Assirië ingeneem. Feitlik die hele bevolking word in ballingskap weggevoer en met koloniste uit Assirië en ander lande vervang. Die bannelinge het nooit weer na hulle vaderland teruggekeer nie.

(h) Juda word bedreig.

In 701 v.C. beleër die Assiriese koning Sanherib Jerusalem, maar word deur 'n goddelike ingryping, waarskynlik 'n pes-epidemie, gedwarsboom. [1]) In hierdie jare van die koningskap van Hiskia tree die profeet Jesaja as geestelike leier van die volk op. Later konings verval egter weer in afgodery. [2]) Intussen vind daar groot veranderinge in die wêreldpolitiek plaas. Ooreis deur sy wrede veroweringstogte het die Assiriese ryk verswak. Die Meders en die Babiloniërs span saam en verower in 612 v.C. Ninevé en vernietig die mag van Assirië. Voortaan het Babilonië (Chaldea) Israel se gevaarlikste vyand geword. Die Nieu-Babiloniese ryk sou van 612 tot 539 v.C. in die Midde-Ooste oppermagtig wees. [3]) In 597 v.C. ontvoer Nebukadneser 'n deel van die bevolking van Israel na Babel.

(i) Die einde van die ryk van Juda.

In 586 v.C. swig Jerusalem na 'n aaklige stryd voor die aanslae van die Chaldeërs. [4]) Die volk word as slawe weggevoer, die tempel beroof en verbrand, die stadsmure verwoes. [5]) Oor die armsalige groepie Israeliete wat in die land oorbly, stel Nebukadneser 'n landvoog aan.

(j) Ballingskap.

Na skatting is sowat 50,000 Jode na Babilonië ontvoer, maar onder hulle was die belangrikstes van die volk. [6]) Dié deel van die ballinge wat in die vreemde hulle godsdiens suiwer bewaar en die Sabbat, die besnydenis en die reinheidswette streng nagekom het, het ondanks die feit dat 'n groot deel van die volk in Babel ingeburger geraak het, die kern gevorm wat die volk se identiteit bewaar het.

(k) Terugkeer na Jerusalem.

Na die dood van Nebukadneser in 562 v.C. het die Babiloniese ryk vinnig verswak, juis in die tyd toe Persië se mag aan die opkom was. Onder Cyrus (Kores) verslaan die Perse die Chaldeërs in 539 v.C.

---

1) Kroeze: Handboek Bybelse geskiedenis, p. 211-212.
2) Ibid., p. 472.
3) Ibid., p. 545.
4) Ibid., p. 484.
5) Ibid., p. 485.
6) Ibid., p. 497.

In die daaropvolgende jaar laat Cyrus die Israeliete wat dit verkies toe om na Jerusalem terug te keer. In die sowat vyftig jaar wat die ballingskap geduur het, het baie egter so ingeburger geraak in Babilonië dat hulle verkies het om daar te bly. Oorlaai met geskenke, wat ook van die gebuite tempelskatte ingesluit het, keer sowat 42,000 Jode na die heilige land terug en vestig hulle, nog as onderdane van Cyrus, in verskillende dorpe en stede. 1) Die beste dele van die land was egter deur vreemdelinge geokkupeer, sodat 'n vertaling van die Talmoed meld: "Many cities that were conquered by those who had gone forth from Egypt were not reconquered by those who had gone out of Babylonia." 2)

Diegene wat in Babel agtergebly het, het egter nie almal hulle afkoms verloën nie: meer as duisend jaar sou in Babel nog 'n bloeiende Joodse gemeenskap voortbestaan, waarvan die Babiloniese Talmoed die monument sou word. 3)

In 458 v.C. keer nog 'n groep van sowat 10,000 Jode onder leiding van die profeet Esra na Palestina terug. Dertien jaar later volg die profeet Nehemia hom daarheen. Die teruggekeerdes het intussen in Palestina huweliksbande met lede van die inheemse bevolking aangeknoop en in baie gevalle nie alleen in afgodery verval nie, maar selfs hulle taal prysgegee. Nehemia onderneem die groot taak om die mure van die heilige stad weer op te bou en om sosiale misstande reg te stel. 4) Gedetailleerde studie van die wet en strenge kasuïstiek tree nou op die voorgrond in 'n poging om die godsdiens en die gemeenskapslewe te suiwer.

Met die geskiedenis van Nehemia sluit die tydperk wat deur die Ou Testament gedek word, af.

(1) <u>Verdere verloop</u>.

Vir Juda sou daar egter nog donker eeue voorlê. Kans op die herstel van sy nasieskap is hom nie gegun nie. In 334 v.C. trek Alexander die Grote teen Persië op. Soos 'n onstuitbare vloedgolf stroom die Macedoniese magte oor die hele bekende wêreld van die tyd. Alexander se verklaarde oogmerk was om die hele wêreld te verenig en nou brei die Hellenisme ver oor sy natuurlike grense uit.

Na Alexander se vroeë dood in 323 v.C. het hy geen opvolger gehad nie, en dus het sy generaals, die <u>Diadoche</u>, sy ryk onder hulle verdeel. Beide

---

1) Kroeze: Handboek Bybelse geskiedenis, p. 513-514.
2) Drazin: History of Jewish education, p. 4.
3) Bronkhorst, A.J.: De geschiedenis van Israël van Alexander de Grote tot Bar Kochba, p. 15.
4) Kroeze: Op. cit., p. 534.

die Ptolemeërs (Egipte) en die Seleuciede (Sirië) het op Palestina aanspraak gemaak. In die tyd toe die Ptolemeërs oor die heilige land regeer het, ontstaan die Septuagint, die Griekse vertaling van die Ou Testament.

Die Seleuciede verower Palestina in 198 v.C. van die Ptolemeërs. Veral onder die heerskappy van die Seleucidiese koning Antiochus IV belewe Israel moeilike dae en gedwonge Hellenisering, wat deur die party van die hoëpriester Jason en sy opvolger Menelaüs gesteun is. 1)

Hierdie gedwonge Helleniseringspogings lok gewelddadige protes uit in die vorm van die Makkabeëropstand van 167 v.C. 2) Die Makkabeus-dinastie, wat met die swaard vir Israel 'n groot mate van vryheid herower het, het tot in 25 v.C. voortbestaan toe dit deur Herodes geheel uitgeroei is.

(m) <u>Die geskiedenis van Israel in Nuwe Testamentiese tye</u>.

Intussen het Rome die versplinterde ryk van Alexander oorgeneem. In 40 v.C. word Herodes deur Rome as koning van Palestina benoem. Sy bloedige terreur-bewind het groot haat onder sy onderdane aangewakker en die Selotiese vryheidsbeweging laat ontstaan wat in die tyd van die Nuwe Testament die Jodedom beheers het. 3) Herodes se bewind word gevolg deur regstreekse Romeinse beheer deur middel van prokurators. 4) Van hulle het veral Pilatus in die godsdiensgeskiedenis blywende bekendheid verwerf. Die prokuratorperiode is gevolg deur die regering van afstammelinge van Herodes, maar van 44 tot 66 n.C. heers 'n tweede reeks prokurators oor die land. 5)

Intussen het die Selotiese vryheidsbeweging weens swak Romeinse administrasie in bitterheid en felheid toegeneem en is dit aangevul deur die Sicarii, 'n sluipmoord-afdeling wat selfs die hoëpriester Jonathan om die lewe gebring en moord op die apostel Paulus beplan het. 6)

In die jaar 66 n.C. breek oorlog tussen Romein en Jood uit. Jerusalem word egter deur burgeroorlog verswak en die Selote voer 'n skrikbewind in die stad. In 70 n.C. ruk Titus van drie kante af teen die stad op en na 'n beleg van drie maande waarin onbeskryflike ellende geheers het onder die 600,000 mense wat vir die paasfeesviering daar vergader het, neem hy dit in. 7) Die tempel word van sy skatte beroof en afgebrand. 8)

---

1) Kroeze: Handboek Bybelse geskiedenis, p. 542-543.
2) Ibid., p. 543.
3) Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 115.
4) Ibid., p. 122-123.
5) Ibid., p. 134-135.
6) Ibid., p. 137.
7) Sien Josefus se beskrywing soos weergegee <u>in</u> Keller: Die klippe het dit uitgeroep, p. 379-385. 8) Bronkhorst: Op. cit., p. 150.

Van Jerusalem bly feitlik geen steen op 'n ander nie.

Die verwoesting van die heilige stad het 'n ingrypende invloed op die Joodse godsdienstige lewe gehad. Die tempel- en offerdiens is daardeur beëindig en die priester-adel, die Sadduseërs, was nou ook uitgeskakel. 1) 'n Sterk reaksie teen die Hellenisering tree by die Jode in want Hellenisme en die Romeinse ryk was sedert die middel van die 2de eeu v.C. feitlik identiese begrippe.

Onder keiser Hadrianus (117 - 138 n.C.) breek weer hewige onluste in Palestina uit wat in die opstand van Bar Kochba in 132 n.C. kulmineer. Drie jaar later is hierdie verbete, Messianistiesgekleurde rebellie in bloed gesmoor. Die gevolge van hierdie laaste Joodse opstand was vernietigend: Jerusalem het vir eeue 'n heidense stad geword waarin geen Jood of Jodechristen mog kom nie. Die stad is heruitgelê en 'n Griekse bevolking het die verdrewe Jode vervang. Jarelank was iedere uiting van Joodse vroomheid in Palestina verbode. Baie het as martelaars gesterf en 'n gloeiende haat teenoor Rome het die geloof en die vroomheid vergiftig. Die rol van die Palestynse Jodedom was uitgespeel en die leiding van die Judaïsme het al hoe meer in die hande van die Babiloniese Diaspora gekom. Die groot ballingskap wat eers 1800 jaar later sou eindig, het begin. 2)

In hooftrekke gee die voorgaande 'n oorsig van die belangrikste gebeurtenisse op die lang lydingsweg van die volk Israel. Uit die oogpunt van menslike, aardse geluk beskou, is dit 'n tragiese geskiedenis, die verhaal van 'n mislukte volk, van aardse verwagtinge wat nie bewaarheid is nie.

Deur die interpretasie wat hierdie religieus geniaalbegaafde volk aan sy geskiedenis gegee het, het dit egter betekenis gekry wat vir alle eeue van grondliggende belang is. Soos Hellas het Israel eers na die vernietiging van sy nasionale bestaan en die verdrywing uit sy geboorteland sy geestelike werking ten volle ontplooi, as 't ware losgemaak van tyd en plek. Daardeur het Israel méér geword as sy konkreetheid en sy geskiedenis: dit het die sigbare openbaring van God se plan met die mens en die wêreld geword.

1) Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 158.
2) Ibid., p. 164.

B. Die Israelitiese mens in enkele kenmerkende ontmoetingsituasies.

Die mens van Israel sal in hooftrekke die mens wees soos hy in bepaalde situasies in die Ou Testament geteken word. Nietemin sal hiermee nie volstaan kan word nie: ook die vertolking wat hy aan die Ou Testamentiese gebeure gegee het of gee, werp 'n verhelderende lig op die antropologie van die verbondsvolk. Benewens na die Ou Testament sal in hierdie afdeling dus ook na ander Joodse geskrifte en na die Joodse volksgeloof verwys word.

(1) Die liggaam en materie.

(a) Verskille tussen Griekse en Joodse denkwyses.

Vergeleke met die Griek het die Jood 'n totaal verskillende lewensbeskouing. Die Griek is begaafd met 'n filosofiese benadering van die lewe en sy hele bestaan word deur wysgerige beginsels gereguleer; die Jood het nie die spekulatiewe insig wat van die Griek die helderste logiese en metafisiese denker van alle tye gemaak het nie. 1) Jood en Griek benader die lewe en die wêreld vanuit totaal verskillende vertrekpunte: "Als Denker ist der Grieche Plastiker, ein sensorischer Mensch; die Sinneseindrücke, die ihm vor allem durch das Auge zukommen, werden ihm zum Bilde, zum Erlebnis der Gestalt, zum eidos, zur Formgebung. Ueber dem Leben des Juden spannt sich das Sinnbild der Beziehung wie ein alles verbindender, in ewiger Bewegung tätiger Strom ... Er sieht vielmehr das Geschehen und die Gebärde der Dinge, ihre Beziehung und ihre Gemeinsamkeit, ihren Zusammenhang und ihre Nacheinander in der Zeit. So ist der Zeitsinn des Juden, und damit sein Gehör, stärker entwickelt als der Raumsinn, der das Auge beherrscht. Der Zusammenhang der Generationen ist ihm ein stärkeres Lebensprinzip als der Genuss der Gegenwart." 2)

As gevolg van sy optiese instelling het die Griek filosofie ontwikkel, want net soos die oog is die rede 'n orgaan wat objektiveer, isoleer, bekyk en beskrywe. Daarom is die Griekse filosofie ook op die materiële, die bekykbare gerig. 3) Teenoor die wesenlik objektiveerbare en dus statiese wêreld- en mensbeskouing staan die Jood met sy ouditiewe instelling wat vanself op verbondenheid en die dinamiek van die aansprekende en veranderende gerig is. Daarom beweeg die denke van die Jood in die tyd; dié van die Griek vind sy vergestalting in die ruimte. 4) Dit is opvallend dat helder denke vir die Griek van die gesigsvermoë afgehang het. Hiervan getuig nie

1) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 1-2.
2) Kohn, H.: Martin Buber, p. 105.
3) Buber, M.: Godsverduistering, p. 47; De vraag naar de mens, p. 23.
4) Boman, T.: Das hebräische Denken im Vergleich mit dem griechischen, p.104.

alleen die meetkunde van Euklides, die logika van Aristoteles en die Ideëleer van Plato as tipiese skeppinge van die Griekse gees nie, maar ook die byna metafisiese betekenis wat Plato aan die studie van meetkunde toegeken het: deur kennis daarvan benader die mens nie alleen die hoogste aardse nie, maar tewens kennis van die goddelike syn. [1])

Die indrukke wat deur die gesigsintuig ontvang word, is prinsipieel staties en dus in logiese wette vatbaar. Die Griek se logiese denke distansieer hom van die beskoude. Waar hy in die filosofie oor homself nadink (homself beskou), lei dit tot sy kenmerkende gespletenheid: hy is gelyktydig beskouer en beskoude. Die Jood daarenteë is deur sy voorkeur aan die gehoorsintuig met ander verbonde. Vir hom is nie logiese kennis nie, maar psigologiese begrip en meebelewing kenmerkend. Daardeur staan hy nader aan die natuurlike, altyd wisselende lewe as die Griek met sy subtiele maar byna bloed- en beeldlose abstrakte denke. Daardeur ken hy ook nie die Griek se siel-liggaam dualisme nie. Hy is nie ingestel op die abstrakte, met die rede alleen vatbare volmaakte nie, maar op meebelewing met die volheid van sy persoonlikheid van die dinamiese van die wêreldgebeure; sy lewe word gekenmerk nie deur die beskouing van ander nie, maar deur betrokkenheid op ander en op die geskiedenis.

Hierdie verskil in die basiese ingesteldheid teenoor die lewe en die wêreld lei daartoe dat elk 'n besondere lewensopvatting en kultuur opgebou het.

(b) Die skepping van die wêreld.

Die Griek beskou die gode nie as die makers van die wêreld nie, maar as sy vormgewers. [2]) Plato se opvatting is dat "matter was something existent, and that it resisted God." [3]) Vir die Griek is daar dus 'n grondliggende teëstelling tussen God en materie en bygevolg tussen die siel (as vonk van God) en die wêreld, wat die liggaam insluit. Die Grieke kon hulle die ontstaan van die wêreld alleen voorstel deur uit te gaan van een of ander preëksisterende oervorm van die wêreld wat deur God omgevorm is. [4])

Die Bybelverhaal dui daarenteen op 'n creatio ex nihilo: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape." [5]) Dit lê nadruk op die feit dat God orde uit die chaos en lig uit die duisternis geskep het. Daar word nie

---

1) Boman: Das hebräische Denken, p. 159.
2) Kellett: A short history of religions, p. 159.
3) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 50.
4) Krüger, G.: Fundamentele problemen der hedendaagse wijsbegeerte, p. 154.
5) Gen. 1:1.

gesê of God die duisternis en die chaos geskep het nie, maar Hy gee aan die duisternis die reg om te bestaan deur daaraan 'n naam te gee. [1]) In die oudheid was die opvatting algemeen dat die noem van die naam iets tot verskyning kon bring. [2]) Daarby het die Joodse opvatting van God as die Almagtige dit uitgesluit dat buite God se toedoen iets kon bestaan of ontstaan. Vandaar dat Augustinus die skepping radikaal as skepping uit niks kon dink. [3])

Omdat niks buite God se toedoen kan bestaan nie, moet die materie en die wêreld Godgeskape en dus goed wees. Die Jood ken daarmee nie die Griek se tragiese siel-liggaam gespletenheid nie: vir hom is siel en liggaam, hemel en aarde alles skeppinge van God en dus in wese goed. [4])

(c) Die chaos.

In sy weergawe van die skeppingsverhaal toon die Ou Testament groot ooreenkoms met die Babiloniese, soos uit die twee volkere se gemeenskaplike herkoms begryplik is. Israel se besondere betekenis lê daarin dat hy die gemeenskaplike stof radikaal omskep het deur aan die skepping 'n etiese doel ten grondslag te lê. "According to Jewish ideas, the world would not have been created, unless it had rested, as it were, on some solid foundation of piety and acceptance of God's Law - in other words, it required a moral, before it could receive a physical foundation." [5]) Waarom dit in die Ou Testament gaan, is naamlik God se etiese bedoeling en sy hele verhouding tot die mensheid wat Hy gemaak het. Daarom kry die begrip skepping slegs sin en doel deur die mensheid en deur God se betrekking tot die mensheid. [6]) Die verskil tussen die Ou Testamentiese en die Babiloniese skeppingsverhale lê met ander woorde in die interpretasie wat daaraan gegee word, en dit is veel belangriker as die ooreenkomste wat mag voorkom.

Volgens Babiloniese oorlewering staan aan die begin die goddelike ouers Apsoe (die soetwater-oseaan) en Tiamat (die soutwater-oseaan) en hulle seun Moemmoe (die newel wat uit die beide watermassas opgestyg het). Deureengemeng vorm die drie soorte water 'n geweldige, vormlose massa wat alle elemente bevat waaruit die heelal gemaak is. [7]) Deur eeue van mondelinge oorlewering val Tiamat, die chaotiese oseaan, mettertyd saam met Tiamat, die mitiese monster wat sy verblyf in die soutsee het. Al Israel

---

1) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 93.
2) Kohn: Martin Buber, p. 267.
3) Krüger: Fundamentele problemen der hedendaagse wijsbegeerte, p. 154.
4) Filson: The New Testament against its environment, p. 34-35.
5) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 82.
6) Knight: Op. cit., p. 92. Vgl. Jeremias: Das Alte Testament, p. 59.
7) Vgl. Thales se opvatting in Hoofstuk Drie van hierdie studie.

se bure ken die oorlewering van die oermonster van chaos wat in Babilonië as Tiamat bekend staan, in Indië as Vrta en in Griekeland as Typhon. By Israel is hierdie mite ook bekend, maar hier het dit 'n diepe etiese betekenis wat vreemd is aan die Babiloniese. [1]) In plaas van 'n godestryd teen 'n vyandige watermonster, ken Israel die skeppingsdaad van die Almagtige God wat ook die waters, die duisternis en die chaos in sy plan gebruik. [2])

Die Oosterse wêreldbeskouing sien die oseaan nie slegs as 'n band om die aarde nie, maar ook as 'n afgrondelike waterdiepte onder die aarde. [3]) Dit is die waters wat in die Hebreeuse skeppingsverhaal deur God 'n plek toegewys is en wat Hy tydens die sondvloed ook van onder af laat deurbreek en die aarde oorweldig het. [4]) Die dekaloogverbod op die maak van 'n beeld van wat in die waters onder die aarde is [5]), sou volgens Jeremias, wat meen om 'n baie noue verband tussen die Babiloniese mitologie en die Bybelse skeppingsverhaal te sien, betrekking hê op die oerchaos en die mitologiese watermonster as simbool van die godsvyandige. In die Babiloniese tempels en selfs in Jerusalem is sulke monsters inderdaad afgebeeld. [6]) Dit lyk egter waarskynliker om aan te neem dat die betrokke verbod ingestel is om te verhoed dat Israel in dieselfde dwaling as die heidene sou verval en die watergeweld tot 'n monster van die kwaad sou personifieer.

Hierdie mitologiese monster van die onderaardse waterdieptes was ook aan Israel bekend deur sy aanraking met die buurvolke. In die Ou Testament word met verskillende name daarna verwys, soos die Tannin, slang of draak [7]), die Leviatan [8]) of Rahab. [9]) Dit is vermoedelik egter niks meer as 'n toespeling op die monster wat in ander volkere se mites voorkom nie. Israel erken self geen outonome godsvyandige mag wat as monster gepersonifieer word of kan word nie. Dit is dus moontlik dat die profete hier van buurvolkere se geloofsinhoude, waarmee Israel uiteraard kennis gemaak het, ter illustrasie gebruik gemaak het. Dit kan voorts aanvaar word dat die sinkretistiese volksgeloof van Israel elemente bevat het wat nie in die amptelike godsdiens van die Ou Testament voorgekom het nie.

---

1) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 91.
2) Ibid., p. 91-92.
3) Vgl. Psalm 24:2.
4) Gen. 7:11. Vgl. Jeremias: Das Alte Testament, p. 63, 415.
5) Exodus 20:4.
6) Jeremias: Op. cit., p. 63-64. Vgl. Openbaring 12:9; 20:2.
7) Vgl. die Edenverhaal in Gen. 3. So simboliseer Ex. 7:12 moontlik God se mag oor die chaos.
8) Psalm 74:14; 104:26; Jesaja 27:1.
9) Jesaja 30:7.

In Israel se denke is daar die neiging om die volk se teëstanders met die godsvyandige te identifiseer. Sekere profete-uitsprake skyn selfs daarop te dui dat Farao as die draak en Israel se deurtog deur die Skelfsee as 'n simboliese herhaling van Jahwe se oorwinning oor die chaos van die oeroseaan beskou is. [1]) Die motief van die skepping uit die waterchaos en God se verlossing van sy volk uit die watergeweld word herhaal in die deurtog deur die Jordaan. Elke verval in die mag van die watere simboliseer volgens hierdie siening terugkeer na die chaos en die godsvyandige, terwyl redding of oorwinning altyd tot die opbou van 'n nuwe wêreld lei.

Die chaotiese watere van die oervloed is nog steeds in die mens se lewe aanwesig: die mens koester die diepte van die tehom in sy hart en dit is alleen aan God se guns te danke dat die waters nie oprys en hom oorspoel nie [2]), want dié waters is ook aan God gehoorsaam en Hy handel daarmee na sy wil.

(d) She'ol, die doderyk.

Die woord she'ol beteken oorspronklik diepte, put of kuil en het simbolies die naam geword vir die doderyk en die doodsmag. Die Ou Testament aksentueer deurgaans die betekenis van die aardse lewe en sien die dood as 'n vyand wat nie in die skepping van die Lewende God tuishoort nie en wat daarom deur God vernietig sal word. [3]) Die term she'ol druk egter nie soos die Griekse onderwêreld-opvatting 'n plek in die diepte van die aarde uit nie, maar word bloot simbolies gebruik. [4]) Om te lewe beteken in die Ou Testament dikwels om van God se guns te geniet, om in ware geluk te deel. "En zoo beteekent dood heel vaak: verstooten-zijn van God als Levensbron, neergestort-zijn in ellende en verderf." [5])

Die doderyk is vir Israel die tuiste van hulle wat die lewe verlaat het, 'n oord wat onkenbaar en totaal verskillend van die aarde is. Daar eindig al die mens se ondernemings in nietigheid. [6]) She'ol is vir God nie verberg nie [7]), maar die mens is nietemin daar van God geskei. [8]) Om dood te wees is 'n vreeslike lot, want dan is die band met die Lewende God verbreek. [9]) Dit is opmerklik dat daar in She'ol geen onderskeid tussen hel en paradys gemaak word nie. [10])

---

1) Jesaja 51: 9-10.
2) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 96-97.
3) De Bondt: Wat leert het Oude Testament, p. 222.
4) Ibid., p. 70. Vgl. oor die Griekse Hades: Kellett: A short history, p. 123.
5) De Bondt: Op. cit., p. 82.
6) Job 3: 13-19.
7) Job 26:6; Spreuke 15:11.
8) Jesaja 38:11.
9) De Bondt: Op. cit., p. 129.
10) Ibid., p. 103.

Vir Israel beteken die dood finale ondergang, verderf, vervreemd-wees van God, want Hy is die Lewende God en dus God van die lewendes. Wie na She'ol neergedaal het, het dus in die ou-Israelitiese opvatting nie meer met Hom kontak nie.[1]) Nogtans kan die gelowiges seker wees dat God hulle van die mag van dood en verderf sal verlos. In hierdie vertroue lewe en sterwe die regverdige. [2])

(e) Skepping van die mens.

Nadat die hele wêreld as tuiste vir die mens geskep is [3]), het God die mens uit die adamah, die stof van die aarde, gemaak en Hy het in sy neus die asem van die lewe geblaas. [4])

Man en vrou is tesame na die beeld van God gemaak en vorm saam één geheel. [5]) Die feit dat die mens die beeld van God is, skei hom van die diere oor wie hy moet heers. [6]) Die mens is soos God, maar hy is nie God nie. [7]) Onder beeld is in die oudheid nie slegs 'n nabootsing van iets verstaan nie, maar die sigbaarwording van die kern van 'n saak self. [8]) Sodoende is die mens as beeld van God dan 'n openbaring van God. [9]) Die beeld dra die vorm van die gerepresenteerde wat vanuit die beeld kenbaar word. [10]) Ook die liggaam behoort tot die beeld van God. Sodoende is die hele mens beeld en gelykenis van God. Hy is dit na siel en liggaam, na al sy vermoëns, kragte en gawes. Niks in die mens is van die beeldskap van God uitgesluit nie; dit strek net so ver as die menslike; dit is die menslike in die mens. Die menslike is nie die Goddelike self nie, maar dit is nogtans die eindige, kreatuurlike afdruk van die Goddelike. [11])

Op grond van sy beeldskap is die mens Gód se mens. Hy is slegs in sy verhouding tot God werklik mens; hy kan nie los van God verstaan word nie.[12]) Dit beteken dat "sy beeldskap Gods sowel omvattend en fundamenteel betrekking het nie net op sy vaste aard nie, maar juis ook op sy dinamiese

---

1) Vgl. De Bondt: Wat leert het Oude Testament, p. 79. Vgl. Psalm 115:17.
2) De Bondt: Op. cit., p. 223.
3) Gen. 1: 28-30.
4) Gen. 2:7.
5) Gen. 1:27; 5:2.
6) Gen. 1:28; 2:19. Vgl. De Boer: The imitation of Paul, p. 38.
7) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 18-19.
8) Robbers: Antieke wijsgerige opvattingen in het Christelijk denkleven, p. 83.
9) Stoker, H.G.: Die betekenis van 'Die mens as beeld van God' vir die wysgerige antropologie in Oberholzer: Homo viator, p. 30.
10) Robbers: Op. cit., p. 87.
11) Bavinck, H.: Gereformeerde dogmatiek, aangehaal deur Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 28.
12) Stoker: Op. cit., p. 31-32.

handelinge (en dus ook sy bestemming); die beeld van God is nie net 'staties' nie, maar ontwikkel en ontplooi ook histories." 1)

Op grond van die mens se beelddraerskap is daar talle analogieë tussen hom en sy Skepper. "God is absoluut vrymagtig en die mens tot (kreatuurlike) vryheid bestem: God is die absolute Heerser en die mens (kreatuurlike) heerser oor die kosmos; God skep in absolute sin en die mens skep (kreatuurlik) bv. kuns; God ken op algenoegsame wyse en die mens op kreatuurlike wyse; God openbaar Hom (en Sy verhouding tot alle 'dinge') in Sy Woord en die mens openbaar wat hy ontwaar (en sy instelling tot die ontwaarde) in menslike taal; God is die Voorsienige en die mens voorsien op menslik-kreatuurlike wyse sorgend vir wat hom in die toekoms te doen staan; God stel en skenk die reg en die mens positiveer (kreatuurlik) die reg; God bestier alle 'dinge' en die mens bestier (kreatuurlik) die gang van sake hom toevertrou. So kan voorbeeld na voorbeeld van analogieë van God en mens gegee word; en wel van égte analogieë, omdat die radikale andersheid van God en mens vooropstaan." 2)

God kan nie in klip of hout afgebeeld word nie, maar ook nie in woord of begrip nie; - nie alleen omdat Hy die Heilige is wat bo alle menslike wese uitgaan nie, maar veral omdat Hy as die Lewende nie in 'n statiese beeld gevat kan word nie. 3) Die hoogste openbaring van God is dié in die mens wat as sy kind na Hom onderweg is. Die mens ontvang sy karakter van die karakter van God: daar is 'n onmiddellike kontak van God se gees met dié van die mens. 4)

'n Besondere aspek van die mens se beeldskap van God is sy vryheid. Die mens is geroep tot gehoorsaamheid aan God se wil, maar "er gaat door het O.T. een frisse wind van geestelijke vrijheid, ondanks het diepe bewustzijn van de ontzagwekkende majesteit Gods. Deze vrijheid is een genadegift van de heerlijke God, die de mens, zo klein als hij is, zo onbeduidend hij wezen moge, geestelijke zelfstandigheid heeft gegeven (ook deze is ingesloten in de leer van het beeld Gods), en hem zelfs als zodanig bekleed heeft met de heerschappij over het werk Gods op aarde." 5)

Volgens die Ou Testamentiese antropologie staan die mens op die grens van twee wêrelde: deur sy stoflikheid volstrek aan die aarde gebonde, staan hy nogtans op grond van sy beeldskap van God aan God se sy,

---

1) Stoker, H.G.: Die betekenis van 'Die mens as beeld van God' vir die wysgerige antropologie in Oberholzer: Homo viator, p. 33.
2) Ibid., p. 35.
3) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 180.
4) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 30.
5) Vriezen: Op. cit., p. 325.

is hy heerser oor die aarde. [1] Hoewel deel van die aarde, is hy daardeur onthef van die primitiewe mens se angs vir die natuur want hy weet dat hy meer is as 'n blote natuurwese. [2] Hy is nie opgesluit in die natuur nie, maar is deur God met vryheid beskenk waardeur hy óf 'n heersersposisie kan beklee óf sy goddelike afkoms kan verloën.

Die misbruik wat die mens van sy Godgegewe vryheid maak, lei tot die sondeval.

(f) <u>Die sondeval</u>.

In die begin het God in die skepping, wat <u>baie goed</u> was, 'n beeld van Homself geskep. Maar ook die duisternis en die afgrond is deel van sy skepping en het in sy allesbeheersende plan en in sy voorneme 'n plek. Daarom ken ook die mens sowel God se lig as sy duisternis. [3] God het die aarde nie geskep om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word. [4] Die aarde en sy bewoners is deur God bo die chaos uitgelig. Adam en Eva was bestem om 'n geïntegreerde lewe te voer, maar hulle het in hulle die neiging tot desintegrasie gehad, 'n neiging wat lynreg teenoor die wil van God staan. [5] Die mens het die vryheid om oor die chaos te heers waarvan die slang die simbool is: die mens het immers aan die slang 'n naam gegee, wat heerskappy oor hom inhou. In die praktyk gee hy nogtans sy heerskappy prys en gee hy toe aan die roepstem van die chaos. Die neiging om te vernietig, om die gemeenskap te verbreek tussen mens en God (Gen. 3:10), tussen man en vrou (Gen. 3:12) en tussen mens en medemens (Gen. 4:8), is 'n reële trek in die natuur van die mens. [6]

Die plan wat God vóór die skepping gehad het, was afhanklik van die gewillige medewerking van sy vrye skepsel, maar die sonde en die eiewilligheid van die mens het hierdie oorspronklike genadeplan verydel. [7]

Deur die mens se vrywillige keuse téén God het die beeld van God in die mens egter nie verlore gegaan nie: die beeld van God in die mens is naamlik nie 'n teken van sy toestand van geregtigheid nie, maar die besondere verhouding waarin God die mens ten opsigte van Homself gestel het. [8] "De mens kan niet niet-beeld-Gods zijn, want dan zou zijn schepping ongedaan zijn gemaakt, dan was hij niet meer." [9] Aan sy verband met God kan

---

1) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 233.
2) Ibid., p. 234.
3) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 104.
4) Jesaja 45:18.
5) Knight: Loc. cit.
6) Ibid., loc. cit.
7) Ibid., p. 163.
8) Vriezen: Op. cit., p. 220.
9) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 40.

die mens nie ontsnap nie want eers daardeur is hy werklik mens. Sonde is dan ook nie in die eerste plek 'n verbreking van die sedewet nie, maar 'n verbreking van die betrekkinge met God. 1) Deurdat die mens homself van sy natuurlike oorsprong losgemaak het, het die beeld van God in hom wel nie verlore gegaan nie, maar die harmoniese orde van die veelvuldige aspekte van sy psigosomatiese natuur het verlore gegaan. Liggaam en psige, drif en gees het as 't ware uiteengeval en staan as gebroke, onvolledige dele naas en teenoor mekaar. Die verband bly onverminderd voortbestaan, maar die natuurlike harmonie is verbreek. 2) In die mens werk dus enersyds die tendens van God uit, van sy ware bestemming, en andersyds tegelykertyd die dwars daarteen in gerigte tendens van die sonde. 3) God het die mens geskep om sy skepsel te wees, maar die mens wil bo sy beperkinge uitstyg en soos God wees. 4) Hierdie breuk met God bring die dood in die wêreld want God is die Lewe. 5)

Die Jodedom erken die mens se goed-kwaad gespletenheid. Die duisternis sowel as die lig is van God en albei is noodsaaklik. Die mens moet in vryheid vír God kies. "In Testam. der twaalf patriarchen ... lezen we dat God twee wegen heeft gegeven... Goed en kwaad staan voortdurend tegenover elkaar. Beide wegen geeft God. Deze opvatting overheerst ook in de rabbijnse geschriften ... God schiep de mens met twee <u>jētserot</u>, de goede en de kwade. En toch heet het, dat zijn schepping zeer goed was. De kwade <u>jētser</u> brengt de mens tot de instandhouding van het menselijk geslacht: tot het bouwen van zijn huis, het huwelijk, het vaderschap en de handel. De kwade jētser moet derhalve niet uitgeroeid of onderdrukt worden, maar gericht en gecontroleerd. Daartoe bezit de mens de goede jētser, die hem er toe brengen moet Gods <u>tora</u> te vervullen." 6) Die mens moet met ander woorde uit sy moontlikhede dié kies en verwerklik wat 'n lewende verbinding met God moontlik sal maak. Religie is daarmee 'n inherente deel van elke aspek van sy bestaan. Daardeur is die Hebreërs een van die eerste volkere wat religie en etiek laat saamval het. 7)

Die Jood ken daarmee nie die Griek se gespletenheid in 'n goeie siel en 'n bose liggaam nie. Vir hom is die grens tussen goed en kwaad nie so eenvoudig nie: dit loop deur elke beslissing wat die mens neem en deur

---

1) Hosea 7:13; Amos 4:6.
2) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 33.
3) Ibid., loc. cit. Vgl. ook p. 39.
4) Gen. 3:5.
5) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 217.
6) Den Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 519.
7) Castle: Ancient education and today, p. 155.

elke aspek van sy lewe.

(g) Die verbond tussen God en die mens.

Nadat God met die sondvloed die deel van die mensheid wat teen Hom gekies het, laat omkom het deur hulle aan die geweld van die chaotiese waters oor te gee, het Hy met die res, wat ondanks hulle gevalle staat tog nog 'n rudimentêre sedelike bewussyn oorgehou het, 'n verbond gesluit, waarvan die belofte om die wêreld nooit weer deur water te laat vergaan (geheel in chaos te laat terugsink) nie, 'n voorloper was. God se nuwe opset bestaan daarin dat Hy sekere manne en vroue opneem in sy plan en hulle beperkte trou aan Hom gebruik as 'n middel om sy oorspronklike liefdevolle bedoeling nogtans ten uitvoer te bring. Hy skenk aan hulle die geloof waardeur hulle op sy roepstem kan antwoord. Hierdie nuwe plan is groots van opset: hier moet die goeie uit die kwaad voortkom, die lewe uit die dood. 1) God sluit 'n verbond met Israel waardeur al die volkere van die aarde van die mag van die sonde verlos moet word. Israel word uitgekies om God se vennoot te wees in sy verlossingsplan vir die wêreld. Hy is daarmee as persoon en as volk vir God belangrik en is nie bloot 'n werktuig nie. 2) Hierdie siening bejeën die mens met groot eerbied: hy is die metgesel van God. 3)

(h) Die mens se liggaamlikheid.

Die Jood ken nie die Griek se dualisme van siel en liggaam nie. Die liggaam is nie vir hom 'n vyandige instrument nie: liggaam en siel is as 'n eenheid deur God geskep en is deur die mens se vrye keuse van die sonde as 'n eenheid bederf. Liggaam en siel moet dus ook saam gered word deurdat die mens met inset van sy hele persoonlikheid uit sy natuurlike toestand van chaos rigting vind na God. 4) Saam met die mens moet ook die wêreld gered word.

Met sy grondliggende afkeer van die materie wat preëksistent is en die vormende invloed van God en die mensesiel teenstaan, wantrou die Griek die liggaam en die sintuie. Op soek na ewige en absolute waardes wil hy hom sover moontlik aan die liggaam onttrek: hy neem sy toevlug tot die burg van sy brein. Die Jood, daarenteë, sien liggaam en siel as 'n onskeibare geheel: hy beleef en hy dink met sy hele liggaam. Daarom is by hom nie die rede nie, maar die hart die kern van die mens. "Ze wisten niet, dat

---

1) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 165.
2) Boman: Das hebräische Denken, p. 93.
3) Bijlsma: Kleine catechetiek, p. 131. Vgl. Buber, M.: I and Thou, p. 95.
4) Friedman, M.S.: Martin Buber, the life of dialogue, p. 22.

de zetel van de gedachte in de hersens is; feitelijk geloofden ze dat de mens dacht en voelde met zijn hart. Men kan natuurlijk voelen dat het hart reageert op verschillende emoties, zoals het bijv. sneller gaat kloppen door opwinding of vrees. Men voelt geen fysieke sensatie of emotie in de schedel." [1])

Die Jood is sterk liggaamlik ingestel. Wanneer Socrates deur 'n probleem aangegryp word, bly hy urelank onbeweeglik in gedagtes versonke staan [2]): die liggaam, 'n kwaad waarmee die siel besmet is [3]), is sover moontlik uitgeskakel. Wanneer die Heilige Skrif daarteenoor in die sinagoge voorgelees word, beweeg die ortodokse Jood in diepe aandag en eerbied sy hele liggaam onophoudelik: soos die Griek dinge denkend belewe, beleef die Jood dit met sy hele wese. [4])

Omdat die Jood dinge met die inset van sy persoonlikheid belewe in plaas van dit tot abstrakte denke te reduseer, het hy nie die vlak van intellektuele ontwikkeling bereik waar die koele rede seggenskap eis in die bepaling van religieuse en etiese opvattinge nie. [5]) Hy is nie tot spekulatiewe denke geneig nie: hy objektiveer nie maar ervaar deur meebelewing.

Hierdie grondliggende liggaamlikheid van die Joodse denke en belewing kom onder meer ook in sy Bybel uit wat deur 'n spesiale ritme gekenmerk word. Dit is vir hom nie 'n boek nie maar 'n boodskap: dit moet gespreek en nie gelees word nie en daarom het dit die ritme van die menslike asemhaling: die sinsnedes loop van sesuur tot sesuur op so 'n wyse dat dit in een asem gesê kan word. [6]) Die Jood belewe dinge met sy hele liggaam, met inwendige sintuie wat in die huidige tyd deur onbruik en toespitsing op die brein alleen grootliks gedenatureer het. [7])

Die vanselfsprekende aanvaarding van die liggaam met al sy funksies en die verband wat dit met die sielelewe het, word onder meer geïllustreer deur 'n rabbynse oggendgebed wat deur Güdemann in 'n Duitse vertaling aangehaal word: "Gelobt seiest du Ewiger, unser Gott, König der Welt, der den Menschen gebildet mit Weisheit, und ihm anerschaffen hat Oeffnungen und Höhlungen allerlei Art. Offenbar und bekannt ist es vor

---

1) Knight: Christelijke theologie, p. 31. Vgl. Boman: Das hebr. Denken, p.117.
2) Platoon: Dialogen, p. 61.
3) Ibid., p. 124.
4) Boman: Op. cit., p. 166.
5) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 89.
6) Binger, Juliette: Martin Buber, p. 215.
7) Grosheide, F.W.: Paulus' tweede brief aan de kerk te Korinthe, p. 93.

dem Throne deiner Herrlichkeit, dass, wenn eine von ihnen geöffnet oder geschlossen würde, es unmöglich wäre, vor dir zu bestehen; gelobt seiest du, Ewiger, der da heilet alles Fleisch und es wunderbar gestaltet." 1) Liggaam en siel het vir die Jood elk die gehele mens verteenwoordig, onafskeibaar van mekaar soos die twee sye van 'n muntstuk. 2) Sonde is daarmee ook nooit slegs 'n geestelike feit nie, maar tewens 'n fisieke besmetting. 3)

Kennis is dus vir die Ou Testamentiese Jood van volkome ander aard as in die moderne Westerse wêreld wat deur die Griekse filosofie beïnvloed is. Die Westerling meen dat hy iets ken wanneer hy dit volkome geobjektiveer en ontleed het en alle faktore daarvan kan verklaar. In die Ou Testament beteken kennis egter om in noue verhouding met iets of iemand te lewe. 4) Ook van die kennis van God kan gesê word: "De kennis Gods is iets volkomen anders dan het hebben van een Godsbegrip, waardoor men het wezen Gods omschrijft. Het kennen Gods sluit niet een theorie over het wezen Gods in ..., maar wel een leven in de rechte verhouding tot God ...." 5) Kennis van God is die intieme antwoord van die mens se hele wese op God: dit eis egtheid en inset van die hele persoonlikheid.

'n Besondere teken van die liggaam-siel eenheid wat van die Israelitiese opvattinge kenmerkend was, word gebied deur die instelling van die besnydenis as liggaamlike teken van die religieuse verbond met God. Hoewel die besnydenis nie eksklusief was aan Israel nie 6), was dit tog nie algemeen in gebruik nie, soos die Egiptiese mummies en die afwesigheid van vermelding daarvan by die Babiloniërs van dié tydvak bewys. 7) Israel is trouens deur die besnydenis van die heidenvolkere soos die Filistyne onderskei en onderskei hom verder ook van die ander volkere wat dit wel toepas maar wat dit as 'n inisiasierite by geslagsryping gebruik het. 8)

Volgens oorlewering is die besnydenis deur Moses as teken van die verbond van God met sy volk ingestel en is dit saam met die reënboog

---

1) Güdemann, M.: Das vorchristliche Judenthum in christlicher Darstellung, p. 27.
2) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 27.
3) Snijders, L.A.: Het bijbelse verzoeningsbegrip <u>in</u> De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 52.
4) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 139.
5) Ibid., loc. cit.
6) Knight: Op. cit., p. 199; Kellett: A short history, p. 342-343; Gispen, W.H.: Bybelse ensiklopedie, p. 76.
7) Jeremias: Das Alte Testament, p. 292, 777.
8) Batelaan, L.: De strijd van Paulus tegen het syncretisme <u>in</u> Grosheide: Arcana revelata, p. 19.

'n teken van God se genade. [1]) Agter die instelling vermoed Jeremias, wat besondere aandag aan die naspoor van mitologiese motiewe gee, 'n archaïese betekenis wat verband hou met die opvatting dat die aanwending van bloed beskermende krag het. [2]) Dat die besnydenis met die mitologiese drakestrydmotief kultiese verband hou, word volgens hom miskien daardeur aangedui dat dit met 'n klipmes uitgevoer is [3]), wat mitologies die swaard van die drakebestryder was. [4]) So sou ook die afgesnyde voorhuide moontlik motiewe van die drakestryd toon (uitgesnyde tong en ledemate) en op dieselfde kultiese herkoms wys. [5])

Ook wat die besnydenis betref het Israel 'n hoogstaande etiese inhoud aan die beweerde ou mitologiese elemente gegee. As teken van die Verbond is daar baie hoë waarde aan die besnydenis geheg: dit is selfs beweer dat geen ander gebod van Moses aan die besnydenisgebod gelyk was nie. [6]) Die liggaamlike teken is van soveel betekenis beskou dat Antiochus in sy pogings om die inwoners van Jerusalem geweldiadig te helleniseer, vroue wat hulle pasgebore seuns laat besny het, saam met hulle suigelinge van die stadsmure laat gooi het. In hulle verset dood die Makkabeërs afvalliges, verwoes heidense altare en besny kinders waar hulle dié vind. [7])

Die besnydenis soos deur Moses ingestel met sy implikasie van heiliging aan die Verbondsgod, beseël met bloed en pyn die heilige verhewenheid van hierdie verbond. "Het volk Israël onderscheidt zich door de circumcisie van andere volken niet alleen, doch deze rite beklemtoont tevens de hoofdvoorwaarde van het Verbond: het gewaarborgd voortbestaan van het volk als lijfelijke eenheid door het godgewijde mannelijk voortplantingsorgaan." [8]) Israel se gewoonte om 'n eed by die phallus te sweer, gaan hiermee saam. [9]) Israel gee aan die primitiewe, selfs barbaarse rite van die besnydenis 'n verhewe en religieuse betekenis. [10]) "De besnijdenis vindt plaats aan het mannelijk lid dat feitelijk man en vrouw tot één vlees verenigt. Vrouwen worden in het Oude Testament niet besneden, omdat ze behoren tot de gemeenschap van het volk Gods door fysieke vereniging met de mannen, die besneden zijn. Wij zien dan hoe de

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 71.
2) Jeremias: Das Alte Testament, p. 407; Exodus 12:13, 22.
3) Vgl. Exodus 4:25.
4) Jeremias: Op. cit., p. 814.
5) Ibid., p. 366.
6) Brillenburg Wurth: De Christelijke vrijheid, p. 25.
7) Durant: De Griekse wereld, p. 678.
8) Polak: loc. cit.
9) Jeremias: Op. cit., p. 345.
10) Gispen e.a.: Bybelse ensiklopedie, p. 76.

betekenis van de rite in later tijden uitgroeide tot die van een symbool van de volmaakte zedelijke gemeenschap tussen Jahweh en zijn bruid Israël...." 1) Israel het nie skeiding gemaak tussen religie en die liggaam nie: die religie heilig die liggaam en die liggaam is draer van die teken van die verbond.

Saam met die hegte liggaam-siel eenheid van die Joodse opvatting gaan die besef van sy eenheid met die aarde. Gemaak uit die stof van die aarde, is die mens onafskeibaar van die aarde. 2) Saam met die mens het die hele heelal in opstand gekom teen die plan van God. So is die hele kosmos besmet met die sonde en verkeer dit in 'n staat van rebellie. Wanneer God dus sy verlossingsplan wil volvoer, moet Hy so handel dat hemel sowel as aarde, gees sowel as stof, bevry word van die vloek wat daarop rus. 3)

Hierdie identifikasie van die mens met sy eie liggaam en met die aarde bring vanselfsprekend 'n diesseit-lewensopvatting mee. "Men kwam ... vanzelfsprekend tot de gedachte dat, wanneer de fysieke organen met de dood te gronde gingen, de nefesj niet langer een volledig geheel was. Daarom zou de nefesj (die self) niet in staat zijn aan gene zijde van het graf God te prijzen." 4) Die Griekse opvatting dat God Hom tot die siel alleen rig, was totaal vreemd aan die Ou Testament. Daardeur het Israel aanvanklik geen uitgesproke hiernamaalsverwagtinge gekoester nie. 5) Soos in die ou Ooste was die lewe self die mens se kosbaarste besitting. 6) Israel het daarmee 'n eenvoudige vergeldingsleer gehad waarvolgens aardse geluk as teken van hoogstaande sedelikheid beskou is terwyl ongeluk en lyding as bewyse van sondigheid gegeld het. 7) As loon op deug geld by Israel soos in die Ooste onder meer 'n lang lewe, gesondheid, aardse seën, kinderrykdom en aansien in die samelewing. 8)

Die Ou Testament is daarmee, anders as die Griekse denke, nie wêreld-vyandig nie: dit skat die skoonheid van die aarde na waarde. In plaas van askese ken dit opregte lewensvreugde, 'n intense verblyding in die wêreld as skepping van God. 9)

---

1) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 200.
2) Ibid., p. 48.
3) Ibid., p. 108-109. Vgl. Jesaja 55:12-13.
4) Knight: Op. cit., p. 285. Vgl. De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 85.
5) Jeremias: Das Alte Testament, p. 60.
6) Job 2:4.
7) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament und im antiken Orient, p. 144.
8) Ibid., loc. cit.
9) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 235.

Wanneer by Israel die geloof aan onsterflikheid begin deurbreek, toon dit nie ooreenkoms met die Griekse opvatting van die onsterflikheid van die siel nie, maar behels dit geloof in die wederopstanding van die liggaam. [1]) Israel se waardeskatting van die liggaam en materie onderskei hom skerp van die Griekse en het belangrike implikasies ingehou.

(2) Die medemens.

(a) Die gemeenskap.

Dat die Joodse gemeenskap ten spyte van vervolging en verstrooiing deur die eeue heen bewaar gebly het, is grootliks toe te skryf aan die invloed wat sy religieuse beskouinge op sy leefwyse gehad het. [2]) Israel beskou homself naamlik as deur God geroep en sodoende is die nasionale idee in die religieuse gewortel. [3]) Die volk het slegs uit God se belofte voortgekom. [4]) God se liefde vir Israel impliseer nie dat ander volkere van sy liefde uitgesluit is nie, maar wel dat Israel hom daarvan bewus geword het dat hy te midde van ander volkere 'n eie plek inneem omdat hy glo dat hy kragtens God se verkiesing en roeping "God se volk" is. [5])

Die hele volk was "kinders van Abraham" met wie God sy verbond gesluit het. Dit lei tot 'n hegte gemeenskapsgevoel en 'n gevoel van nasionale eerder as persoonlike verantwoordelikheid teenoor God. Die besef van individuele sonde bestaan wel deeglik, maar die klem val nogtans op die gemeenskap wie se sondebesef besonder skerp afgeteken word: die enkeling staan en val saam met die groep. [6]) Die natuurlike gemeenskapsband weens die gemeenskaplike herkoms word in Israel deur historiese en godsdienstige motiewe versterk. Die lewensgemeenskap met Jahwe het die stamme tot 'n godsdienstige gemeenskap saamgebind soos in die politeïstiese Ooste nie bekend was nie. [7]) Die godsdienstige sentrum Jerusalem was daarmee die sigbare knooppunt tussen die Jode van Palestina en van die Diaspora en bring 'n gemeenskap tot stand wat nie deur geografiese ligging alleen bepaal is nie. [8])

Die verbond van Jahwe met sy volk is 'n driehoeksverbond waarin God,

---

1) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 84-85.
2) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 7.
3) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 55.
4) Ibid., p. 56.
5) De Beus, C.: De uitverkiezing van Israël in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 27.
6) Levison: Op. cit., 72-73.
7) Vriezen: Op. cit., p. 334.
8) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 77.

gemeenskap en enkeling - God-mens-medemens - in 'n onverbreekbare verband saamgevoeg is en waarin God die dirigent is. [1] Israel is in die eerste plek 'n religieuse gemeenskap, nie 'n versameling individue nie. Die fundamenteel selfsugtige gedagte dat 'n individuele mens hom van sy volk sou kon afskei en vir homself die saligheid in die hiernamaals soek, was volkome vreemd aan Israel se opvatting van die betrekking tussen God en mens. [2]

Nogtans gaan die enkeling in hierdie lewende liggaam nie verlore nie. Die Ou Testament bevat die verhale van uitstaande persoonlikhede soos die profete, rigters en konings, maar telkemale bestaan hulle grootheid in hulle lotsverbondenheid met hulle volk en met God. Daarby aansluitend beteken sonde van die enkeling nie slegs 'n morele belasting van homself nie, maar is dit 'n gevaar vir die samelewing as dié nie plegtig en demonstratief die band met die sondaar verbreek nie. As die kwaad nie herstel kan word nie, word die skuldige uit die gemeenskap uitgesluit, hy word "uitgeroei onder sy volk." [3] God is direk, persoonlik betrokke by die dinge van hierdie wêreld, allereers met Israel as volk, maar implisiet ook met die individuele Israeliet, met die volkerewêreld, ja selfs met die mens in die algemeen en die wêreld in die algemeen. [4] Daarom skend 'n daad wat die gemeenskap aantas, ook vir God, deur en vir wie die gemeenskap bestaan. [5]

Dit is waar dat die gedagte van die verbond en Israel se uitverkiesing soms aanleiding gegee het tot nasionale eksklusivisme waardeur die heidene Israel nie sonder reg nie van odium generis humani (haat van die mensdom) beskuldig het. [6] So is daar soms skerp onderskeid gemaak tussen die behandeling van die Jood en die vreemdeling. [7] "Even the Mishnah goes so far as to forbid aid to a mother (d.i. 'n heidenvrou) in the hour of her need, or nourishment to her babe, in order not to bring up a child for idolatry." [8] Onder leiding van die profete verdwyn die skeiding tussen Israel en die gojim (die heidenvolkere) later egter grotendeels, en selfs die eis van liefde en vergewensgesindheid teenoor die persoonlike vyand kom na vore. [9] Israel is egter deurgaans bewus van sy uniekheid:

---

1) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 211.
2) Ibid., p. 285.
3) Snijders: Het Bijbelse verzoeningsbegrip in De Beus e.a.: Op het spoor, p.5
4) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 141-142.
5) Ibid., p. 174.
6) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 237.
7) Groenewald, E.P.: Die Christelike broederskap volgens die Heilige Skrif in Grosheide: Arcana revelata, p. 24.
8) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 91.
9) Dürr: Das Erziehungswesen, p. 136. Vgl. Lev. 19:18; Spreuke 20:22.

hy is die volk van die "ander" God en daardeur is hy die "ander" volk. 1)

Die waarde van die medemens was vir die Jood in sy deelgenootskap aan die verbond geleë en dus in sy gehoorsaamheid aan die wet wat die voorwaardes vir die verbond omskryf. Daarom kon hy op die heidene neersien en verklaar dat hulle almal na Gehenna gaan, en daarom was die eenvoudige, onontwikkelde landgenoot, die Am ha'arets, wat buite die vervulling van die wetsbepalings staan soos die wetgeleerdes dit vasstel, ook die voorwerp van die Fariseër se veragting en vervloeking. 2) Met hulle beginsel: "Die ongeleerdes kan nie vroom wees nie" 3) benader die Fariseërs die Griekse redesnobisme. Die uitinge waarin die Am ha'arets gelyk gestel word met die dier, waarmee mens geen gemeenskap mag hê nie, is veelseggend. Selfs die vromes onder hulle moes vermy word. 4) Mense wat buite die verbond en die wet geleef het, soos die Samaritane, is deur die rasegte Jood met veragting behandel. (Die Samaritane was die nakomelinge van Jode wat aan die ballingskap onder Sargon ontkom en later met die Siriese koloniste ondertrou het. Hoewel hulle Jahwe aanbid en die pentateug aanvaar het, is hulle deur die Jode as 'n afvallige bastergeslag beskou, bevlek met heidense gebruike, en huwelike met hulle is belet). 5)

Naas hierdie hooghartige minagting vir die minderbevoorregte en die vreemdeling moet egter gekonstateer word dat ander lede van die Fariseërsekte die hele mensdom as één groot geheel beskou het. "The Pharisees believed in one humanity as they believed in one God. According to the Pharisees, all men are born equal. Israel's position among the nations is that of an older brother, since it was the first to recognize God as the Father. And it is Israel's duty and function to help other peoples to do so." 6) Hierdie grondliggende eenheid van die menseras word prinsipieel gefundeer in die mens se beeldskap van God. "Da alle von Gottes Ebenbild abstammen, ist Unterscheidung zwischen Menschen oder Menschenarten in diesem Letzten unzulässig, die Frage nach der Würdigkeit dieses oder jenes Menschen, geliebt zu werden, richtet sich also gegen Gott selber. Es heisst denn auch in einem Midrasch ... geradezu: 'Wisse, wen du verachtest. Im Ebenbilde Gottes hat er ihn erschaffen.'" 7)

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 74.
2) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 162.
3) Ibid., p. 290, 411.
4) De Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 501.
5) Kellett: A short history, p. 69-70; Edersheim: Op. cit. I, p. 396; Levison: The Jewish background of Christianity, p. 152.
6) Mansoor, M.: The Dead Sea scrolls, p. 116.
7) Buber, M.: Zwei Glaubensweisen, p. 73-74.

By Israel is daar dus enge eksklusivisme sowel as wêreldomvattende eerbied vir alle mense. Dit moet onthou word dat die Joodse godsbeskouing en die meegaande antropologie nooit 'n sluitende filosofiese stelsel was nie; vandaar die skynbare teësprake wat binne dieselfde geheel onopgeklaar bestaan.

Die medemens en veral die volksgenoot word deur die Israeliete op vanselfsprekende wyse hoog geag as die derde in die drieledige verbond. Soenoffers het byvoorbeeld slegs die sonde wat teen God begaan is, gedelg. Eers wanneer die oortreder sy skuld teenoor die medemens vereffen het, bring die offerande ook daarvoor versoening. 1) Talle vergrype soos sabbatskending, menseroof, towery en owerspel is as onvergeefbaar beskou. 2)

Die samelewing in Israel was nooit soos in Griekeland demokraties in die sin dat die volk seggenskap gehad het in die wetgewing waardeur die samelewing gereël is nie. Aan die ander kant was dit ook skerp onderskei van die tradisionele Oosterse despoteryke waarin die gemeenskap aan die willekeur van 'n alleenheerser uitgelewer was. Israel is naamlik nie deur 'n persoon regeer nie, maar deur die wet, en hierdie wet was, anders as in Athene, 'n religieuse wet, deur Jahwe, die Verbondsgod self op Sinaï aan sy volk gegee en verder deur Moses en die ander groot leiers uitgebou. Israel se leiers, sy rigters en konings was daarmee slegs uitvoerders van dié goddelike wet wat vir alle tye vasstaan en vir elke lid van die bevolking geld. Daarmee is Israel in 'n groot mate beskerm teen die wrede en wispelturige tirannie waaronder Oosterse gemeenskappe dikwels gely het. Andersyds is hy deur die boaardse oorsprong van sy wet en die meegaande onveranderlikheid daarvan beskerm teen die gevaar van wanorde wat aan 'n demokratiese regeringstelsel inherent is.

Die eerste jare van Israel se volkswording is die tyd van die groot wetgewers. Daarna speel die profeet 'n unieke rol om God se wil met sy volk bekend te maak. Die profeet is as 't ware die teoloog van die geskiedenis. 3) Hy herken in die geskiedenis die bedoelinge van God. Daarom is hy in staat om in die toekoms te sien. Deur hom spreek die stem van Jahwe wat onder alle omstandighede sy volk met raad en daad bystaan en as hy afvallig word, op die regte pad terugbring. Meer as die koning of die priester, is die profeet God se boodskapper, die vertolker van die verbond. 4)

---

1) De Boer: De godsdienst van het Jodendom in Waszink: Christendom I,p.521.
2) Snijders: Het Bijbelse verzoeningsbegrip in De Beus: Op het spoor,p.65.
3) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 67-68.
4) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 81.

Hy is die aankondiger van die nuwe tyd: hy kyk terug na God se leiding in die geskiedenis en die Tora, hy roep tot terugkeer en hy kyk na vore met die boodskap dat redding naby is. [1]

Die profeet het verder ook 'n sosiale funksie: hy tree in vir die veronregte en waak teen die verstarring van die kultus en formalisering van die etiek. Hy predik die gedagte van persoonlike verantwoordelikheid in teëstelling met die Oosterse geloof aan 'n onafwendbare noodlot: hy leer dat die volk in vryheid sy eie lot in sy hande het en daarom verantwoordelik is vir die kwaad wat op aarde is. Maar hy bring nie alleen 'n skuldbesef by die gemeenskap en die enkeling tuis nie (wat die eerste vereiste vir gewetensvorming is) [2], maar hy bring ook hoop aan die lydende mens deur te wys op die versoenende en vergewende liefde van God wat kwaad aanvanklik met kwaad maar uiteindelik met goed vergeld ooreenkomstig sy belofte. [3] Anders as die wyse van Griekeland verkondig die profeet nie menslike kennis nie maar goddelike wysheid wat deur direkte kontak met God geïnspireer is. [4] Sy boodskap is nie die uitvloeisel van redelike oorleg nie, maar van 'n direkte godsopenbaring. Veral deur die toedoen van die profete is religie met moraal verbind want God eis van die mens dat hy regverdig en deemoedig moet lewe. [5] Op grond van die noue verband tussen religie en geregtigheid is selfs die koning ondergeskik aan die boodskap van die profeet. Dit bring 'n peil van sosiale geregtigheid mee wat nêrens in die ou-Oosterse geskiedenis geëwenaar is nie. [6]

Na mate die wet se gesag onaantasbaar en die wetsbepalinge in besonderhede uitgewerk word tot 'n volledige stelsel van goddelike opdragte vir die lewe van die enkeling en die gemeenskap, is daar minder geleentheid vir en behoefte aan die persoonlike inspirasie van die profeet. [7] Persoonlike inspirasie en profesie word dus geleidelik deur formalisme en kasuïstiek vervang. In plaas van die profeet tree gaandeweg die priester en die skrifgeleerde op die voorgrond; hulle lê die klem op die kultus en vertoon 'n meer dogmaties-statiese karakter in vergelyking met die dinamies-progressiewe aard van die profetisme. [8]

---

1) Jeremias: Das Alte Testament im Lichte des alten Orients, p. 11-12.
2) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament, p. 120.
3) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 81-82. Vgl. De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 56.
4) Castle: Ancient education and today, p. 157-158.
5) Childe: What happened in history, p. 220-221.
6) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 171.
7) De Burgh: Op. cit., p. 73.
8) Polak: Op. cit., p. 81.

Met sy verwagting van 'n aardse gelukstaat is die Ou Testamentiese prediking geheel op die lewenspraktyk gerig. 1) "Over één ding kan en mag geen misverstand bestaan. Het toekomstig heil voor de joden is van deze, op deze en voor deze aarde. Het toekomstbeeld is uitgesproken en ontwijfelbaar 'diesseitig'. Centraal staat de vestiging door Jahwe .... van Zijn Koninkrijk op aarde. Het Rijk der Toekomst is een aards rijk, zoals het Beloofde Land er een was van melk en honig, uitdrukkelijk naar ligging bepaald. Het toekomstbeeld is dan ook bij uitstek naturalistisch, met de aarde - en een voor Israël uitverkoren, zich uitdijend deel op aarde - als middelpunt .... Er is vooreerst nog geen sprake van een hemel of een hiernamaals." 2) Hoewel die volk lank geen uitgesproke hiernamaalsverwagtinge gekoester het nie, was die saad van die hiernamaalsgeloof nietemin van die aanvang af in Israel se religie aanwesig. 3) Met die sterk klem wat die volk op die aardse bestaan lê, staan diesseitverwagtinge egter sterk op die voorgrond. Die profete verkondig en Israel verwag 'n aardse gelukstaat. "De joodse profeet is, met Plato, de grondvester van de utopie. Eenmaal, ja spoedig, komt Israël tot stralende heerlijkheid op aarde .... De aarde zal nieuw zijn .... een nieuwe mens, nieuwe dieren, vreedzaam levend met elkander en met de mensen, een nieuwe natuur." 4)

Die Jood kon die enkeling nie los van die gemeenskap en die mens nie los van die aarde dink nie. 5) Die opvatting dat die geheel deur die enkeling verteenwoordig kan word en dat Israel deur die "klein res" behoue kan word, is hiervan deel. 6) Die feit dat Israel hom ook geen voorstelling van iets anders as 'n aardse Messiasryk kon maak nie, het ook tot hierdie opvatting behoort.

Israel erken met sy verbonds- en verkiesingsgedagte van ouds af die mens se uniekheid en ongelykheid, maar ondanks alle uiterlike verskille is alle mense nogtans in wese gelyk: skepsels van dieselfde God uit dieselfde stof. Aangesien één God die skepper van alle mense is en hulle lotgevalle bepaal, word slawerny - soos trouens in dié tyd algemeen die geval was - as 'n natuurlike instelling aanvaar. Elke mens is immers 'n kneg of slaaf van God. Daarom geld die gesag en die beskerming van die wet egter ook vir alle mense, 'n gedagte wat vir die Ooste van daar-

---

1) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 345.
2) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 82. Vgl. Jesaja 30:23-26; Jeremia 31:12; Jesaja 35:1-2; 60:13-15.
3) De Bondt: Wat leert het Oude Testament, p. 154. Vgl. ook p. 160.
4) Polak: Op. cit., p. 82-83.
5) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 48.
6) Ibid., p. 24, 32, 220-221, 237. Vgl. Vriezen: Op. cit., p. 336.

die tyd ongehoord was. Die Mosaïese wet het 'n nuwe eerbied vir die menslike lewe gebring, ook wat die arme betref, en selfs die slaaf is deur die wet teen die grille van sy meester beskerm. [1]) Exodus 21:2 bepaal dat 'n Hebreeuse slaaf wat sy meester ses jaar gedien het, outomaties sy vryheid moet terugontvang. Die later wetgewing van Deuterónomium eis dat die eienaar so 'n slaaf voldoende kapitaal moet meegee om hom in staat te stel om op 'n gesonde ekonomiese basis 'n vrye bestaan te begin (Deut. 15: 12-15).[2])

Die handhawing van reg en geregtigheid moet dit moontlik maak dat die regte verhoudinge bly bestaan en dat die integriteit van elke lid van die gemeenskap gehandhaaf word. Só alleen kan die verbondsverhouding in die volk bly bestaan. Die slaaf is daarmee ook nie 'n handelsartikel nie, maar 'n mens. Hy moet deel hê aan die Sabbatsrus [3]) en tussen heer en kneg is volgens Job 31:13 gelykwaardigheid voor die gereg.

Gedurende die hele Ou Testamentiese periode was Israel se kollektiewe betrekking tot God die hoofsaak in die gedagte van die profete en geskiedskrywers. "Hoewel Israël, het gehele volk, samengesteld was uit een groot aantal individueele mannen en vrouwen, die God in zekere zin stuk voor stuk naar zijn eigen beeld had geschapen, toch was Israël in feite één grote, collectieve nefesj. Het volk in zijn geheel was geroepen om zijn zoon te zijn, zodat in laatste instantie dat volk als een collectieve eenheid naar Gods beeld geschapen was." [4])

Die mens is vir Israel enkeling en hy is baie. Hy is sowel individu as ras. Alle mense het dieselfde vlees [5]) en dieselfde bestemming in die dood. [6]) Nogtans is elkeen 'n werklik individuele persoon; die mens kan vergelyk word met 'n vinger van die hand: die skepsel wat na Gods beeld gemaak is, is sowel individu as "orgaan." [7]) Dit moet onthou word dat suiwer individualisme 'n moderne verskynsel is. Alleen as maatskaplike mens was die Israeliet waarlik mens; mens-wees was vir hom verbonde wees met ander; mens-wees bestaan vir hom slegs in gemeenskap. [8])

In prinsipe behels hierdie eenheid van die individu met die volk ook

---

1) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 195.
2) Ibid., p. 159.
3) Exodus 23:12.
4) Knight: Op. cit., p. 294.
5) Job 14:1-10.
6) Jesaja 40:6-7.
7) Knight: Op. cit., p. 20.
8) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 214.

'n eenheid met die mensdom as geheel, en met die aarde self. Die Jood ervaar hierdie wêreld as 'n geheel en verlossing kan vir hom nooit die verlossing van die losstaande individu of van slegs 'n deel beteken nie - dit moet die hele wêreld insluit. In sy uiterste trou aan hierdie aarde kan verlossing vir hom nooit verlossing uit die wêreld beteken nie, maar slegs verlossing van die hele wêreld. Die Jood het 'n onverbreekbare solidariteitsgevoel met die gemeenskap en die wêreld.

(b) Die huwelik en die vrou.

Die hoë en eerbare posisie wat die vrou en die huwelik in die Israelitiese samelewing beklee het, is 'n uitvloeisel van die skeppingsverhaal waarvolgens man en vrou sáám na die beeld van God geskep is. 1) Die mens, geskep na die beeld van God, het die gestalte van 'n verbinding van man en vrou. 2) Op homself aangewys is die mens nie volledig mens nie. Daarom ordineer God dat die manlike skepsel eers dan die volheid van sy wese kan vind wanneer hy sy bestaan deel met die vrou. 3)

Vir Israel bestaan daar nie so iets soos 'n man of vrou wat elk sy of haar eie weg gaan nie: die huwelik is die basiese lewenseenheid van die mens. Hoewel die mens uit twee persone bestaan, is hy nogtans één. Die woord 'adam sluit trouens die gedagte in dat die mens miskien uit minstens drie persone moet bestaan om volledig mens te wees. Adam en Eva is in die Bybelverhaal nie voltooi voordat Adam met sy vrou gemeenskap gehad het en uit daardie gemeenskap 'n kind gebore is nie, luidens die Joodse verklaring. Sowel die gemeenskap as die kind wat daaruit voortkom skyn dus noodsaaklike aspekte te wees van die totale samegestelde syn wat in Hebreeus 'adam of Adam genoem word. 4)

Reeds in die verhaal van die skepping van die mens is die Joodse gemeenskapsgedagte aanwesig waarvolgens daar geen afsonderlike, onverbonde enkeling kan bestaan nie.

Net soos die Joodse breë gemeenskap is ook die Joodse huwelik 'n driehoeksverhouding met 'n transendentele aspek: man en vrou is saam na God se beeld geskep en word deur God self na mekaar gelei.

Die huwelik is verder vir die Jood nie slegs 'n geslagtelike gemeenskap nie, maar ook 'n arbeidsgemeenskap. 5) Man en vrou is vir Israel

---

1) Gen. 1:27.
2) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 17, 19.
3) Gen. 5:2. Vgl. Knight: Op. cit., p. 103; Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 28-29.
4) Knight: Op. cit., p. 19.
5) Vgl. Gen. 2:20.

"een vlees", 'n gedifferensieerde maar nogtans onskeibare eenheid. Die geslagtelike verkeer is vanselfsprekend daarby ingesluit, maar dit is vir die verteller van die skeppingsverhaal slegs 'n moment van die liefde en nie soos in die huidige seksueel-oorverhitte tyd hoofsaak nie. Man en vrou word in troue liefde saam beeld van God [1]) en daar is 'n subtiele band tussen arbeid en liefde: die aarde word vrugbaar deur die man se arbeid, die vrou deur sy liefde. Die eenheid tussen man en vrou is 'n durende gemeenskap, 'n lewenseenheid. Anders as die Griek, het die Jood die huwelik nie in die eerste plek as 'n plig teenoor die staat of as 'n noodsaaklike euwel beskou nie, maar as die vervulling van die skeppingsplan. [2]) Nie die individu is daarmee vir Israel die basiese eenheid nie, maar die huwelik, wat dan ook opgeneem is in die seëninge wat God aan die mens gee [3]) en in sy verbond met die mens. Die huwelik het daarmee religieuse betekenis gehad wat ver bo die Oosterse sensualiteit uitgegaan het: die geslagsdaad is verhef tot deel van God se plan en ingeskakel by die voortgaande skepping. Daarom het die sluiting van 'n huwelik vir die Jood nie slegs gevoelens van feestelikheid gebring nie: die vromes het gevas voor die plegtigheid en boete gedoen vir hulle sondes. Toetrede tot die huwelikstaat is deur baie beskou as met die vergewing van sondes verbonde. As agtergrond van die huwelik het die gedagte aan die verhouding van Jahwe met sy volk gedien wat so dikwels as die verhouding van eggenoot en bruid geteken is. Sodoende was die huwelik die simbool van God se verbond met Israel, waardeur dit 'n besonder geëerde instelling was. [4])

Die hoë agting waarmee die huwelik bejeën is, spreek uit verskillende rabbynse tekste wat in die vertaling deur Juncker lui: "Bis ins 20. Lebensjahr ist Ehelosigkeit gestattet; wer nach demselben kein Weib nimmt, erregt Gottes Unwillen"; "Verdienstlich handelt und reinen Genuss hat, wer ein Weib nimmt und Kinder erzielt"; "Jeder Jude, der nicht teilnimmt an der Pflicht der Fortpflanzung des Menschengeschlechts, ist gleichsam ein Blutvergiesser, denn nach dem Verbote, Menschenblut zu vergiessen, folgt unmittelbar das Gebot: Seid fruchtbar und mehret euch (Gen. 9,6f)"; "Kein Armer (ist) wegen schlauer, berechnender Bosheit so zu verdammen, als wer seine erwachsene Tochter unverheiratet im Hause behält." [5])

Waar die huwelik en ouerskap in die verbond opgeneem is, is dit

---

1) Boman: Das hebräische Denken, p. 80.
2) Drazin: History of Jewish education, p. 123.
3) Gen. 1:28.
4) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 352-353.
5) Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 188.

begryplik dat 'n kinderlose huwelik as 'n ramp beskou is. In so 'n geval is egskeiding nie slegs toegestaan nie, maar soms selfs as 'n plig beskou. [1]) Dit is as 'n skande vir 'n vrou beskou om ongetroud te bly. [2]) In die vroeë tye was poligamie 'n waardevolle middel om alle vroue in gesinsverband te bring. [3]) Hier kan voorts slegs in die verbygaan na die leviritaatswet verwys word wat op die broer van 'n Israeliet wat oorlede is, die verpligting gelê het om met sy weduwee te trou of om vir 'n ander "losser" te sorg. [4])

Juridies was die vrou, soos in ander en selfs in moderne gemeenskappe, aan die man ondergeskik. Die vrou is wetlik as die eiendom van haar man beskou; hy kon om verskillende redes, wat gewissel het van egtelike ontrou tot die verbrand van sy voedsel [5]), van haar skei, maar sy kon nie van hom skei nie. [6]) Egskeiding is in godsdienstige kringe egter streng ontmoedig en die vrou is beskou as "die moeder van God se saad", die draer van die Messiasbelofte, wat as sodanig bemin en gekoester moet word, selfs as sy oud geword het. [7]) Owerspel en ontug is daarom baie swaar gestraf. Aangesien die gesin die basiese eenheid was, kon owerspel, wat die desintegrasie van hierdie eenheid beteken, as niks anders dan oorgawe aan die kwaad beskou word nie. Daar was in Israel geen sprake daarvan dat 'n ontugtige vrou die hoë sosiale posisie van die Griekse hetaire kon beklee nie.

Die Israelitiese vrou is op religieuse gebied hoog geëer, en van slaafse onderworpenheid was daar nooit sprake nie. [8]) Die Joodse huwelik is in sy oorsprong monogaam, wat eweneens 'n belangrike verskil met die algemene gebruik van die tyd was. [9]) Die huwelik is so hoog geag dat dit as simbool van God se verbond met sy volk gebruik is, 'n verbond wat ook deur vlekkelose liefde en nimmerfalende trou gekenmerk is. [10])

Seksualiteit het met die opname van die huwelik in die verbond 'n verhewe betekenis gekry wat vreemd was aan die tyd. [11]) 'n Voorbeeld van die verhewe siening van die liggaamlike liefde is die Hooglied van Salomo

---

1) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 131.
2) Ibid., p. 125, 129.
3) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 21.
4) Deut. 25:5-10.
5) Güdemann: Das vorchristliche Judenthum, p. 14-15; Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 332-333.
6) Knight: Op. cit., p. 182-183; Castle: Ancient education, p. 170.
7) Mal. 2:14-16. Vgl. Knight: Op. cit., p. 183.
8) Dijk, K.: De vrouw in de brieven van den apostel Paulus, p. 51-52.
9) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 219.
10) Knight: Op. cit., p. 186; Fensham: Kultuur in die tyd v.d. Bybel, p.25.
11) Vriezen: Op. cit., p. 204-205.

waarin liggaam sowel as siel in diens van die liefde gestel word. [1])

Die seksualiteit is volgens Israel se opvatting na die sondeval trouens deur God as reddingsmiddel aangewend: deur die huwelik sal uiteindelik die Messias aan die wêreld geskenk word wat die slang se kop sal vermorsel. [2])

Vir die Jood, vir wie kennis nie in rasionele begrip nie, maar in saamleef en inset bestaan en ook deur middel van die emosies verkry word, is die intieme saamleef van man en vrou in die huwelik 'n beeld van die meelewe met God waardeur die mens van God kennis moet ontvang. Dit lei tot die beeld van die bruid. [3])

Ná die Babiloniese ballingskap het die vrou se posisie in Israel egter geleidelik versleg [4]), miskien omdat die Kanaänitiese vroue met wie baie teruggekeerde bannelinge in die huwelik getree het, nie die hoë sedelike peil van die Israelitiese vrou kon handhaaf nie. Stoflike vooruitgang, wat 'n toenemend intellektuele sfeer vir die man gebring het, het die vrou meer en meer tot religieuse en huishoudelike pligte beperk en aan haar beperkinge opgelê wat haar as die man se ondergeskikte gestempel het.[5]) Uit hierdie dae stam die rabbynse oggendgebed wat in vertaalde vorm lui: "Blessed art Thou, Lord, our God, King of the World, that Thou hast not made me a stranger (a Gentile), ... a servant ... a woman." [6]) Uit hierdie tyd stam ook die opvatting dat die vrou nie kennis bygebring moet word nie, aangesien dit haar ontug leer. [7]) Veral teen die '<u>isja petrusja</u>, dit is die besondere, die opvallende vrou, is deur die rabbyne gewaarsku.[8])

Hierdie nuwe, on-Israelitiese waardeskatting van die vrou stam uit die tyd toe die ontredderende invloed van die Hellenisme op die Joodse denkwyse begin inwerk het. Uit die vertaling van rabbynse spreuke soos: "Happy is he whose children are males; alas for him whose children are females" [9]), klink 'n Griekse en nie 'n Joodse beskouing nie.

Die eerbare posisie van die Israelitiese vrou en die veredelde siening van seksualiteit as ingeskakel in God se plan en die verbond met

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 701.
2) Gen. 3:15.
3) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 148-149.
4) Dijk: De vrouw in de brieven van den apostel Paulus, p. 8-9.
5) Swift, F.H.: Education in ancient Israel from earliest times to 70 A.D., p. 112.
6) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 290.
7) De Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 492.
8) Ibid., loc. cit.
9) Castle: Ancient education and today, p. 172.

sy volk, het die Israel van die Ou Testament skerp afgeteken van die ander kulture van sy tyd.

(c) Die kind en sy opvoeding.

Kindermoord, wat in Griekeland en Rome algemeen bedryf is, was in Israel onbekend want die kind is as 'n gawe van God beskou.

Die ou Joodse gemeenskap was 'n patriargale samelewing. Die vader kon sy dogters in die huwelik of as slavinne verkoop, maar nie aan vreemdelinge nie. Oor die kinders het hy streng gesag uitgeoefen. Liggaamstraf is algemeen toegepas [1]) en 'n seun wat in ongehoorsaamheid volhard, is gestenig. [2]) Die wet het op die ouer die plig gelê om sy kind in die religie te onderrig, om in hom die bewussyn te ontwikkel van sy persoonlike verantwoordelikheid teenoor Jahwe. [3]) Die opvoeding van die kind is as 'n heilige plig beskou want elke kind was 'n verbondskind en moes as sodanig opgevoed word. Die ouer is deur die wet enersyds met gesag beklee [4]), en andersyds verplig om die wet van God en die tradisies van sy volk aan die kind oor te dra. [5]) "The Jews held all teaching in greatest reverence, particularly elementary instruction, which was universally despised by other peoples. Teaching was to them a sacred office; for as God, the first teacher, gave the law to Israel, so the teacher gives it to the children ... A famous rabbi declared, 'The world is only saved by the breath of school children.' A city in which there was no school was a forbidden place of abode for a Jewish family." [6])

Ooreenkomstig die seën van God aan die eerste mensepaar [7]), sien die Israeliet kinderrykdom as 'n seën en die kind word dus hoog geag. [8]) Daarmee saam was die onderwyser baie hoog aangeskryf. Hy is die geestelike vader wat selfs bo die natuurlike vader voorrang moet geniet. [9]) Hy moet 'n man van hoogstaande karakter wees en is met veel groter respek behandel as sy Griekse en Romeinse tydgenote. [10]) Van die basiese onderrig tot in die mees gevorderde rabbynse akademies is die opvoeding gekenmerk deur die grootste sorg, noulettendheid en wysheid en het dit in diens gestaan van die hoogste religieuse doelstellings. Die leermeester moes

---

1) Spreuke 19:18; 23:13; 29:15.
2) Deut. 21:21.
3) Swift: Education in ancient Israel, p. 49-50.
4) Ex. 20:12.
5) Deut. 6:1-9.
6) Eby & Arrowood: The history and philosophy of education, p. 156.
7) Gen. 1:28.
8) Psalm 127:3-5.
9) Eby & Arrowood: Loc. cit.
10) Vgl. hierdie studie, hoofstuk Drie.

aan die kinders die kosbare kennis van die wet meedeel met gedurige aanpassing by hulle bevatlikheid, met onvermoeide geduld, die diepste erns, met strengheid getemper deur vriendelikheid en bo alles met die uiteindelike doel gedurig voor oë. Vandaar die toewyding van die onderwyser in Israel en die hoë agting waarmee sy amp bejeën is. [1]) Omdat sy werk diepgaande religieuse betekenis gehad het, is aan die onderwyser die hoogste eise van egtheid gestel; daarom het Gamaliël II bepaal dat geen geleerde wie se innerlike en sy uiterlike nie ooreenstem nie, die leraarsamp mag beoefen nie. [2])

Die wet (Tora) het die kern van die opvoeding gevorm. Selfs sekulêre kennis is nie as afsonderlike kenniselemente geleer nie maar in sy betrekking tot die wet. Studie van die wette oor toelaatbare en verbode voedsel het byvoorbeeld baie feite oor plant- en dierkunde, fisiologie, anatomie, higiëne en medisyne betrek. Die Tora was dan ook die allesomvattende leerstof vir die opvoeding en het aan die daaglikse gedrag rigting gegee. Die rabbi's het alle ander kennis soos sterrekunde en meetkunde as van bloot periferiële belang beskou. [3])

Voorts was die aankweek van die besef van uniekheid weens geroepenheid een van die belangrikste oogmerke van die opvoeding: dit moes help om Israel van die gojim af te grens en aan God te wy. "Nur solange wir des Geistes sind, haben wir den Samen des wahren Lebens in uns; an dem Tag, an dem wir wie alle Völker würden, verdienten wir nicht mehr zu sein." [4])

Die religie van Israel was onlosmaakbaar met die etiek verbonde en daarmee onafskeibaar van die opvoeding. God is die absolute en almagtige wat Israel as sy volk uitgekies het, en die hoogste wysheid is: Vrees God en hou sy gebooie. [5]) Strenge gehoorsaamheid aan God se wet is die basis van die verbond en daarmee van die opvoeding: die volk moet leer om na sy stem te luister.

In die gesinsopvoeding, wat onder Moses die kern van die opvoeding behels het [6]), het die moeder die belangrikste rol gespeel. [7]) Nietemin het die meisie, soos ook elders in die Ooste, geen formele opvoeding ontvang om haar vir haar toekomstige taak voor te berei nie. So is dit

---

1) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 231-232.
2) Buber: Zwei Glaubensweisen, p. 64.
3) Drazin: History of Jewish education, p. 14, 142.
4) Buber, M.: Der heilige Weg, p. 66. Vgl. Dürr: Das Erziehungswesen, p.99.
5) Pred. 12:13; Deut. 10:12-13; Miga 6:8.
6) Eby & Arrowood: The history and philosophy of education, p. 117.
7) I Sam. 1:23. Vgl. Dürr: Op. cit., p. 106; Edersheim: Op. cit., p. 228.

byvoorbeeld verbied om aan 'n vrou onderrig in die wet te verskaf [1] en het sy hoofsaaklik 'n huislike opvoeding ontvang. Hierdie opvoeding moet egter nie te primitief voorgestel word nie: die onderrig veral in die tradisies en die wet het ongetwyfeld ook hier die kern gevorm. [2] Hoewel die meisie geen formele skoolonderwys ontvang het nie, was daar ongetwyfeld baie geleerde vroue. [3] Oor die meisie is strenge toesig gehou, soos blyk uit 'n Duitse vertaling van die woorde van Jesus Sirach: "Hast du Töchter, so habe Obacht auf ihren Leib und zeige ihnen nicht ein allzufreundliches Gesicht." [4] Veral gedurende die tyd van die meisie se ryping was die ouers baie besorgd oor haar, want as draagster van God se saad moes sy vir die huwelik rein bewaar word. [5]

Nadat die kind op driejarige leeftyd gespeen is, het die opvoeding van die seun die belangrikste taak van die vader geword. Naas lees en skryf omvat hierdie opvoeding veral inleiding in die vaderlike tradisies. Vooraanstaande gesinne het soms 'n opvoeder vir die seun benoem. Die opleiding in 'n beroep was 'n uiters belangrike aspek van die gesinsopvoeding. [6] Die grootste deel van die onderrig het, ooreenkomstig die gebruik van die tyd, mondeling plaasgevind. [7]

Wanneer die seun twaalf jaar oud is, word hy 'n "seun van die wet", maar eers aan die einde van sy twintigste jaar is hy aan die opvoeding en die gesag van sy ouers ontgroei, betaal hy hoofbelasting en word hy krygsdienspligtig en mondig. [8]

'n Baie belangrike deel van die opvoeding van die Joodse seun het deur deelname aan die lewe self plaasgevind. Dit was ook in Sparta en Athene die geval. In Israel het die "Vergaderplek in die Poort" 'n besondere rol in die voortgesette opvoeding gespeel. [9] Nog 'n uiters belangrike deel van die opvoeding is deur die groot jaarlikse godsdienstige feeste moontlik gemaak. In die tyd van die later Judaïsme is bo en behalwe Sabbatdae meer as dertig dae per jaar aan een of ander seremoniële huldiging gewy, waardeur 'n ketting van religieuse feeste dwarsdeur die jaar gestrek en elke geslag die verhaal van die volk se groot religieuse en

---

1) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 418.
2) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament, p. 113-114.
3) Vgl. Rigt. 4:4; II Kon. 22:14; Neh. 6:14; Eségiël 13:17.
4) Dürr: Op. cit., p. 115.
5) Vgl. Rut 1:13; II Sam. 13:12.
6) Dürr: Op. cit., p. 107.
7) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 125.
8) Dürr: Op. cit., p. 107.
9) Ibid., p. 108.

politieke ervaringe leer ken het. [1] By geleentheid van die tempelfeeste is die wet voorgedra en gedeeltes uit die geskiedenis voorgelees. So was met die kultus op natuurlike wyse die leer verbonde. Van sulke liturgies belangrike dae moes telkens 'n verbondsvernuwing uitgegaan het. [2] Benewens die religieuse betekenis wat die groot feeste vir die jeug gehad het, moes dit 'n belangrike bydrae tot die uitbou van die nasionale solidariteitsgevoel gelewer het waar, volgens Josefus, tot driemiljoen Jode op 'n keer die Paasfees in Jerusalem bygewoon het. [3]

Nog 'n belangrike opvoedingsmiddel was die monumente, gewoonlik klipstapels, wat God se verlossingsdade in herinnering geroep het. [4]

Verder het die priesters die opdrag gehad om die volk in die wet te onderrig. Eenkeer elke sewe jaar moes die wet op 'n massa-saamtrek aan die volk geleer word. [5] Die noodsaaklikheid dat vroue en kinders dit bywoon, is beklemtoon. [6] Die wet is so belangrik beskou dat Josua opdrag gekry het om dit daagliks te bestudeer. [7]

Uit die voorgaande is dit duidelik dat godsdiens die kern van die opvoeding van Israel gevorm het.

Dat die mens na die beeld van God gevorm is, het besondere betekenis vir die opvoeding. [8] So sê rabbi Akiba dat die mens hoog begunstig is, nie alleen deurdat hy na die beeld van God gemaak is nie, maar veral deurdat hy daarvan bewus gemaak is dat hy na die beeld van God gemaak is. [9] Die feit dat die mens bewus is van sy beeldskap van God moet as aansporing dien om sy lewe dienooreenkomstig te ontwikkel. So verklaar die Haggada die verskil tussen Gen. 1:26 waarin God sê: "Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis" en die daaropvolgende vers waarin by die werklike skepping slegs van die beeld melding gemaak word, deur te sê dat die mens net volgens die beeld van God gemaak is en nie volgens sy gelykenis nie want die gelykenis is iets wat hy self moet bewerkstellig. [10] Die mens het met ander woorde die taak en die verantwoordelikheid om sy

---

1) Swift: Education in ancient Israel, p. 103.
2) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament, p. 108-109.
3) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 77-78; Eby & Arrowood: The history and philosophy of education, p. 119.
4) Vgl. Jos. 4:5-7; Gen. 28:18; I Sam. 7:12.
5) Deut. 31:10-13; Jos. 8:33-35; II Kon. 23:1-3; Neh. 8:1-9.
6) Eby & Arrowood: Op. cit., p. 120.
7) Jos. 1:8.
8) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 19.
9) De Boer: The imitation of Paul, p. 42.
10) Ibid., p. 42-43.

beeldskap uit te bou tot 'n gelykenis van God. Daarmee is die opvoeding vir die Jood opvoeding tot bewuswording van die mens se beeldskap van God, van sy betrokkenheid op God.

Deur sy beeldskap tot gelykenis uit te bou, is die mens medewerker, vennoot, van God. Die Joodse interpretasie van die Ou Testament lei tot 'n ongeëwenaarde sintese van menslike vryheid en goddelike almag, en daardeur kry die opvoeding dieptes en moontlikhede wat dit in geen kultuur van sy tyd gehad het nie en wat dit in die moderne tyd grootliks verloor het: die mens moet deur die opvoeding gehelp word om die beste gebruik van sy vryheid te maak omdat dit transendentele betekenis het. Dit is volgens Buber se vertolking van die Ou Testament die grootheid van God dat Hy, die Almagtige, nie alléén wil handel nie maar dat Hy die mens aan die verlossing van die wêreld wil laat meewerk. 1) In God se handeling laat Hy, volgens hierdie siening, ruimte vir die mens se deelname. Elke mens staan in die naakte Adamsituasie waarin hy vír of téén God moet kies. God doen ooreenkomstig Buber se weergawe van die Joodse siening afstand van 'n deel van sy mag ten gunste van die mens: "He desires His creature to be able to oppose Him. He has given that creature freedom. He has given it the power to act, as though omnipotence did not exist. The creature is not deluded in thinking it can act contrary to God's will; it really can do so; it has the power." 2) God het Homself in sekere sin in die mens se hand gestel. "Wenn der Sprecher des Wortes Macht hat (und die Zehn Gebote setzen voraus, dass er Macht genug hatte, um Himmel und Erde zu erschaffen), hat er sich dieser Macht hinreichend begeben, um jeder Menschenperson faktisch freizustellen, sich seiner Stimme aufzutun oder zu verschliessen, also ihn selber zu erwählen oder zu verwerfen." 3)

Hierdie vryheid wat God die mens geskenk het, kan volgens Buber se interpretasie selfs téén Hom gebruik word. "The mystery of our existence, the superhuman chance of mankind is that God places Himself in man's hands: He wants to come into the world through man. Man is the completor of God's creation and the initiator of His redemption. He has, accordingly, real freedom - the freedom of a separate person to go the way of his own personality, to do good and to do evil." 4) Volgens Joodse siening

---

1) Flesseman-van Leer, E.: De afwijzing van het Christendom door Martin Buber in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 141.
2) Buber, M.: For the sake of heaven, p. 43. Vgl. ook Buber, M.: Geschehende Geschichte in Hinweise, p. 143.
3) Buber: Was soll mit den Zehn Geboten geschehen? in Hinweise, p. 174.
4) Friedman: Martin Buber, p. 24. Op hierdie punt is 'n onoorbrugbare verskil met die Christelike beskouing. Vgl. hfst. Vyf en Ses.

kan die skepping sonder die mens se medewerking nie voltooi, die sondevalbreuk tussen God en mens nooit geheel word nie. Die mens kan slegs deur inkeer, dit wil sê deur heelhartige wending na God in plaas van in rigtingloosheid te volhard, na God kom. Deur sy inkeer red die mens nie net homself nie, maar berei hy die weg voor vir die uiteindelike Messiaanse redding wat slegs deur God teweeggebring kan word. [1]) Hierdie inkeer is nie soseer die gevolg van 'n wilsinspanning nie as wel 'n doelbewuste wending van die hele persoon in ooreenstemming met 'n beslissing wat uit die diepte van sy wese voortvloei [2]), en die opvoeding kan daartoe bydra om dit moontlik te maak. Deur inkeer word die innerlike tweespalt oorwin: dit is 'n algehele wending weg van die weg van die mens af na die weg van God. [3]) Die opvoeding moet die mens help om rigting na God te vind. [4]) Die klem val dus nie op die aanleer van sedelike gedragskodes nie, maar op inkeer waaruit sedelikheid spruit: dit verander die mens nie van buite af nie, maar vanuit die kern. [5]) Die inkeer van die mens is die begin van die verlossing van die wêreld, en daarmee is die opvoeding 'n Messiaanse handeling: deur die kind bewus te maak van sy beeldskap van God en sy verbondsverpligtinge, help dit die kind om rigting na God te kry, en dit is die menslike handeling waarop God volgens Buber wag om die wêreld te verlos. [6])

Hierdie inkeer word uit die mens se lyding gebore. [7]) Daarmee kry lyding groot religieuse en opvoedkundige betekenis. Die opvoeding moet die mens derhalwe nie van lyding insuleer nie, want dit sou sy inkeer kon verhinder: opvoeding moet hom lei om die diepste betekenis van sy lyding te deurgrond, dit moet die smart om die onverlostheid van die mens en die wêreld wakker hou. [8]) Die Joodse godsdienstige feeste het dan ook die volk se lyding en God se uitredding beklemtoon.

Die opvoeding moet verder meewerk om die mens bewus te maak van sy aandeel in die verlossing van die wêreld; dit kan meewerk om die koms van die koninkryk van God te bespoedig of te vertraag. "Taten der jetzt nahenden Generationen können das graue Gesicht der Menschenerde licht

---

1) Vgl. Buber: For the sake of heaven, p. 231.
2) Friedman: Martin Buber, p. 21.
3) Buber: Op. cit., p. 246.
4) Ibid., p. 119.
5) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 191.
6) Buber: Op. cit., p. 114.
7) Ibid., p. 202.
8) Buber: Ueber Charaktererziehung in Reden über Erziehung, p. 76.
Vgl. ook For the sake of heaven, p. 223-224.

machen, können es verfinsteren. So also die Erziehung: wenn sie sich endlich erhebt und da ist, wird sie im Herzen der Täter die lichtspendende Kraft zu stärken vermögen - wie sehr, ist nicht zu ahnen, nur handelnd zu erfahren." 1)

Die mens is verbondsmens, lid van die verbondsvolk. Al sy dade en gedagtes moet derhalwe met egtheid deurstraal wees. Daarom moet hy God met elke aspek van sy lewe dien. Sy heil bestaan nie daarin dat hy hom van die wêreld afsonder nie, maar dat hy dit heilig, dit wil sê in ooreenstemming met die goddelike doel bring: sy arbeid en sy voedsel, sy rus en sy omswerwing, die opbou van sy gesin en die opbou van die gemeenskap. 2) Hieruit spreek weer die Jood se solidariteit met die gemeenskap en die aarde.

Nogtans word die betekenis van die enkeling nie uit die oog verloor nie, en dit vind ook in die opvoeding sy weerklank. Inkeer begin by die enkeling 3) en die menslike persoon is dus die onverskuifbare sentrale punt in die stryd tussen die beweging van die wêreld weg van God af of na Hom toe. 4) Daarom is die enkeling in sy uniekheid van die grootste belang, nie ter wille van homself nie, maar ter wille van God se plan. "God doet niets twéé maal: dat wat er is, is altijd éénmalig, is altijd nieuw ... Niets is hetzelfde als wat het vroeger geweest is. Dat is de eeuwigheid van de enkeling, want daarmee is hij onuitwisbaar in het hart van de Al-heid ingegrift, en ligt in de schoot van het Tijdeloze als iets wat _is_, en niet anders kòn zijn. Deze éénmaligheid is de mens gegeven om haar verder te ontplooien ... Ieder mens moet bedenken, dat hij in zijn soort énig is, en dat niemand hetzelfde is als hij, want anders zou hij niet behoeven te bestaan. Ieder mens is iets nieuws in de wereld, en kan zich slechts op zijn _eigen_ manier vervolmaken." 5)

Voorgaande skets van die wese en doel van die Israelitiese opvoeding geld in hooftrekke vir die hele Ou Testamentiese tydperk en selfs daarna. Met die Babiloniese ballingskap tree in die geesteslewe van Israel egter sekere ingrypende veranderinge in wat ook op die opvoeding hullè uitwèrking laat geld het en wat hier kortliks aangestip moet word.

In Babilonië het Israel in aanraking gekom met 'n veel hoër beskawing

---

1) Buber: Ueber das Erzieherische _in_ Reden über Erziehung, p. 13.
2) Buber: Mein Weg zum Chassidismus _in_ Hinweise, p. 181. Vgl. ook Zwiesprache, p. 40; Zwei Glaubensweisen, p. 54.
3) Buber, M.: De weg van den mens, p. 36.
4) Buber: Die Frage an den Einzelnen _in_ Das dialogische Prinzip, p. 233.
5) Binger: Martin Buber, p. 196.

as sy eie. [1]) Na die terugkeer in Palestina verander die gemeenskap van 'n landelike na 'n stadsamelewing. Die tyd van die profete met hulle geïnspireerde boodskappe is nou verby en nougesette studie van die wet neem die plek van profesie in; die priester vervang die profeet. Daardeur word die Tora (wet) ten slotte bo die profetiese boeke gestel en dit gee aan Israel se godsdiens 'n konserwatiewe, legalistiese karakter wat die profetisme versmoor. [2]) Die konserverende en lerende funksie van die priester word oorheersend. [3]) Dit lei tot 'n intensiewe wetsvroomheid en tot diepgaande studie en uitleg van die wet wat tot wetskasuïstiek aanleiding gee. [4]) Vroomheid en kennis van die wet val al hoe meer saam. Die amptelike plek van onderrig word die sinagoge en die opvoeder van die volk is die skrifgeleerde. [5])

Dit word aanvaar dat die sinagoge in die tyd van die ballingskap ontstaan het. [6]) Die sinagoges het in Babel die sentra van religieuse bedrywighede geword, maar hulle belangrikste funksie was om as populêre universiteite te dien. Kinders is eers baie later in die sinagoges onderrig. In hulle wysheid het die leiers van die volk die wet eers sorgvuldig in die harte van die ouers vasgelê en dan op hulle vertrou om dit aan hulle kinders oor te dra. [7]) Die sinagoge is as so belangrik beskou dat dit aan God geheilig is. [8]) Dit het nie die tempel vervang nie, maar 'n belangrike plek naas die tempel ingeneem. Dit was naamlik 'n plek van onderrig in die wet en het selfs in die tempelstad Jerusalem bestaan.[9]) Hierdie "plekke van samekoms" het so 'n belangrike funksie vervul dat daar minstens tien in Rome was. [10]) Volgens oorlewering was daar ten tye van die verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. 480 sinagoges in die stad. [11]) Toe die tempel verwoes is, het die sinagoge reeds so 'n belangrike bewaarplek van die godsdienstige tradisie geword dat die godsdiens die slag oorleef het. [12])

---

1) Eby & Arrowood: The history and phliosophy of education, p. 137.
2) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 278.
3) Ibid., loc. cit.
4) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament, p. 121.
5) Ibid., loc. cit. Vgl. Bronkhorst: De geschiedenis van Israël, p. 18.
6) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 430.
7) Castle: Ancient education and today, p. 166.
8) Edersheim: Op. cit., p. 437.
9) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 13-14.
10) Mulder, H.: Theophilus de 'Godvrezende' in Grosheide: Arcana revelata, p. 84. Vgl. Van Unnik, W.C.: Het Jodendom in de verstrooiing in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 547.
11) Eby & Arrowood: Op. cit., p. 143.
12) Schippers, R.: Cultus en ethos in het Nieuwe Testament in Grosheide: Op. cit., p. 111.

Die Babiloniese ballingskap is vertolk as God se straf op Israel se skending van die verbond. Om 'n herhaling van so 'n "egbreuk" te voorkom, moes die wet in die toekoms tot in die fynste nagekom word. "As a result of Ezra's indefatigable zeal for the study of the Law, Judah became 'the people of one book', and all Jews devoted themselves to learning the law in written form. From this time the scribes were the true leaders of religious life and to become a 'son of the law who searches the law of God' day and night was the supreme ambition set before every Jewish youth. Henceforth piety and a knowledge of the law were synonymous; and legalism that spent itself in the performance of petty details dwarfed the further growth of Jewish genius. Religion was no longer a communion with God, but a meticulous performance of the infinite requirements of the law." [1])

Veral die Fariseërs verkry toenemende invloed met hulle klem op die letter in plaas van die gees van die wet. [2]) Die klem op gedetailleerde kennis van die geskrewe wet, saam met die opkoms van die letterkunde, 'n ingewikkelder stadsamelewing en die dalende peil van die gesinslewe as gevolg van gemengde huwelike, maak georganiseerde onderwys noodsaaklik. [3]) Dit is begryplik dat die eerste Joodse skole uit die sinagoge ontstaan het. In die sinagoges, wat dwarsdeur die Diaspora ontstaan het, is die wet ooreenkomstig twee eksegetiese metodes bestudeer, naamlik die Halaka wat die wet met betrekking tot praktiese verpligtinge interpreteer het, en die Haggada wat die teologiese en mitologiese begrippe nagespoor het. Die hele onderwys van die sinagoge en die skool was om die wet gesentreer [4]) en die skool is as bolwerk teen die toenemende Hellenisering aangewend. Aanvanklik was alle onderwys in Jerusalem gesentreer maar later is in elke stad openbare skole opgerig wat kinders van hulle sesde en sewende jaar moes besoek. Oorlewering plaas die instelling van hierdie skoolplig tussen 130 v.C. en 63 n.C. Hierdie skole het slegs elementêre onderwys gebied en wie ná skoolverlating op 14 jaar verdere onderrig begeer het, was op privaat-onderrig of die rabbynse skool aangewys. [5]) Meisies is slegs tuis onderrig. Ook in hierdie elementêre skole (die sogenaamde Beth-ha-sefer of huis van die boek) was die Tora die hoofsaak. Die teks

---

1) Eby & Arrowood: The history and philosophy of education, p. 139.
2) Ibid., p. 140.
3) Ibid., p. 141.
4) Grant, R.M.: A historical introduction to the New Testament, p. 275. Vgl. Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 105.
5) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament, p. 112.

moes uit die hoof geleer word en die onderrig is veral mondeling gegee. In die Beth-ha-midrash (huis van die leer) is 'n hoër trap van wetonderrig gegee. Hier was nie louter kennis van die Tora die doel nie, maar die verdere studie van die sin en betekenis van die wet. Die studie van die wet was egter geen akademiese aangeleentheid nie, maar is teen die breë agtergrond van die praktiese lewe geplaas waardeur dit groot pedagogiese betekenis gekry het. Behalwe die wet en die geskiedenis is ook die apokriewe boeke, die Talmoed en die wysheidsliteratuur van Salomo bestudeer. [1]) Die Talmoed - daar was 'n Jerusalemse en 'n Babiloniese - was 'n kommentaar op die Misjna of uitbreiding van die Ou Testament. [2]) Slegs 'n deel van die jeug het die voorreg gehad om in die Beth-ha-midrash aan die voete van die groot leermeesters te sit.

Ongelukkig bring die kasuïstiek van die skrifgeleerdes en die rabbi's - afgesien van die besielende werking van beroemde figure soos Hillel, Shamai en Gamáliël - formalisme en verstarring in die religieuse lewe. Daarmee word die skrifgeleerde die gewete van die volk terwyl die ander volkslae weinig vryheid geniet en as Am ha'arets geminag en geregimenteer word.

Dit is opvallend dat die onderwys ook in Israel in krisistye as beskerming van die volkseie aangegryp is. Danksy die sterk band wat deurgaans tussen enkeling, gemeenskap en Verbondsgod bestaan het, het dit inderwaarheid 'n volk gevorm wat vir Jahwe toegerus was en wat dwarsdeur die lyding van die tyd teen die begin van die Christelike era aan sy hoë roeping getrou gebly het.

Deur die kind as beeld van God en as lid van die verbond en dus as vennoot van God te beskou, het die Joodse opvoeding 'n eenheid, krag en doelgerigtheid getoon wat nie maklik oortref kan word nie.

(d) <u>Die held as beliggaming van die waardevolle</u>.

Israel ken geen helde in die Griekse sin waarvolgens die held as 'n bo-menslike, half-goddelike wese vereer is nie. [3]) Hy eer nietemin wel deeglik die groot figure van sy geskiedenis. So gee Hebreërs 11 'n imposante lys van die volk se helde, beginnende by Abel, die aartsvaders en Moses, tot by Dawid en vandaar na die anonieme menigte wat naamlose lyding verduur het. Nogtans word die mens nêrens opgeroep tot navolging van hierdie helde nie: die klem val nie op wat hierdie manne was en wat hulle

---

1) Eby & Arrowood: The history and philosophy of education, p. 114.
2) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 52-53.
3) Vgl. die betrokke afdeling in hoofstuk Drie van hierdie studie.

verrig het nie, maar deurgaans op God en sy handelinge deur die mens. [1]) By die Griek val die klem op die mens en sy dade, by Israel op God wat deur die mens handel. [2])

God is vir Israel die onafbeeldbare, die dinamiese en dus nie volledig kenbare God wat nie slegs die goeie en die volksheld in sy plan gebruik nie, maar ook die kwaad en die volksvyand. [3]) Daarom is daar vir die Jood geen heldenavolging in Griekse sin nie. [4])

Die mens kan nooit soos God word nie: Hy is die totaal-andere: "Hoe sou dan 'n mens regverdig wees by God? En hoe sou hy rein wees wat uit 'n vrou gebore is? Kyk, selfs die maan - hy skyn nie helder nie; en die sterre is nie rein in sy oë nie. Hoeveel minder die mens, 'n maaier; en die mensekind, 'n wurm." [5]) God is die onafbeeldbare wat in geen gestalte vasgelê kan word nie. [6]) Vir die mens bly dit 'n versoeking om God in 'n blywende beeld te probeer vasvang. Deur soos Israel met die kalfsbeeld 'n beeld van God te maak, wil die mens God daarvan weerhou om Hom te verberg, wil hy God vir hom beskikbaar hou. Ook die drang om God in 'n mens se dade en persoonlikheid te ver-beeld is derhalwe 'n ontoelaatbare poging om God van sy dinamiek en andersheid te beroof en kenbaar te maak. Die heldekultus, wat op navolging van 'n menslike voorbeeld berus, is daarom vir die Jood in sy innerlikste wese onaanvaarbaar. [7])

Vir die Jood lê die patroon vir menslike gedrag in die wet, nie in die lewe van uitsonderlike mense nie. Die Ou Testament lê nie die klem op die bereiking van 'n bepaalde etiese standaard nie, maar op die meelewing met God. Dit is dus nie Abraham of Moses se <u>leefwyse</u> wat belangrik is nie, maar Abraham en Moses se <u>God</u>, met wie die nakomelinge in direkte en persoonlike kontak kan lewe. [8]) Hierby sluit die gedagte van die uniekheid van elke mens aan wat rabbi Susja later soos volg uitgedruk het en wat deur Buber in vertaalde vorm aangehaal word: "In het toekomende Rijk zal mij niet gevraagd worden: 'Waarom zijt gij niet Mozes geweest?' Mij zal gevraagd worden: 'Waarom zijt gij niet Susja geweest?'" [9])

---

1) De Boer: The imitation of Paul, p. 29.
2) Boman: Das hebräische Denken, p. 96.
3) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 78.
4) Nettleship: The theory of education in Plato's Republic, p. 51. Vgl. Castle: Ancient education and today, p. 154.
5) Job 25:4-6. Vgl. ook Job 4:18-19.
6) Buber: Gottesfinsternis, <u>in</u> Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 135.
7) Grant: Op. cit., p. 134; Deissmann, A.: Paulus, p. 100.
8) De Boer: Op. cit., p. 30.
9) Buber: De weg van den mens, p. 19.

Israel gaan daarvan uit dat mense in wese ongelyk is en dat elkeen sy eie besondere toegang tot God het. "Wat echter datgene is, dat juist deze mens, en geen andere, doen kan en moet, kan hem alleen uit hemzelf duidelijk worden. Het kan slechts op een dwaalspoor voeren, indien iemand er naar kijkt, hoever een ander het heeft gebracht en hij tracht hem dit na te doen; want daardoor ontgaat hem juist datgene, waartoe hij en uitsluitend hij geroepen is ... Langs welken weg een mens tot God komt, kan dus niets anders dan het inzicht in zijn eigen wezen hem zeggen."[1])

Navolging van 'n held beteken derhalwe vir die Jood nie alleen aantasting van God se majesteit deur Hom in 'n enkele statiese menslike beeld vas te vang nie, maar ook 'n versaking van die bydrae wat hierdie mens en hy alleen tot die koms van die Messias moes gemaak het. Identifikasie met 'n held kan nooit deel van die Jood se mensbeskouing wees nie. Daarom het Israel, ten spyte van die hoë eer waarin hy sy konings gehou het [2]), hulle nooit aanbid nie en ook konsekwent geweier om aan die voorgeskrewe Romeinse keiserkultus deel te neem. [3])

Wat vir die opvoeding van belang is, is nie die weg wat ander mense na God gevind het nie, maar die weg wat dié besondere mens vir homself moet vind - en dit doen hy deur na God se stem te luister soos Hy in sy wet tot sy volk spreek. [4])

In die Makkabeërgeskrifte word die navolging van 'n heldevoorbeeld egter uitdruklik gepropageer. [5]) Die oorsaak hiervan kan teruggevoer word tot die toenemende Hellenistiese invloed van dié dae wat in Alexander Jannai se regeringstyd (103 - 76 v.C.) tot 'n verbitterde Joodse burgeroorlog gelei het. [6]) Net soos van Josefus se heroïfisering van Moses [7]) is Hellenisering die grond van die Makkabese heldeverering.

Veral in die rabbynse tyd het die Joodse opvoeding uitgebreide gebruik gemaak van die voorbeeld van die opvoeder. "Here, as in Greece, the learning process was viewed as involving much more than acquiring mastery over certain amounts of study material. Rather, it was seen as a kind of apprenticeship in living, where the pupil went with the master ..,

---

1) Buber: De weg van den mens, p. 19.
2) Gen. 23:6; Ex. 22:28; II Sam. 16:9; I Kon. 21:10,13; Jesaja.8:21.
3) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 12; Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 276.
4) De Boer: The imitation of Paul, p. 32.
5) Ibid., p. 45-46.
6) Beek, M.A.: De geschiedenis van Palestina <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 402.
7) De Boer: Op. cit., p. 45.

observed his actions and reactions to all kinds of situations, and learned not only his knowledge but his way of life ... The task of the pupil is therefore not only to hear but also to see." 1) Hier het die Griekse lewensbeskouing reeds sy invloed laat geld op die tradisionele Israelitiese siening van die mens as luisterend na die stem van God.

Samevattend kan gesê word dat Israel sy helde geëer maar nie aan die jeug voorgehou het as voorbeelde om na te volg nie. Vir Israel is nie die mens van belang nie, maar die weg van God wat elke mens vir homself moet vind ooreenkomstig sy besondere aanleg en omstandighede. Met hierdie siening eis Israel van die opvoedeling 'n hoër en meer abstrakte begrip van die waardevolle as die Hellenistiese opvoeding. Daaraan verbind Israel ook die hoogste mate van persoonlike verantwoordelikheid.

(3) Die geskiedenis.

Die interpretasie van die geskiedenis is altyd 'n poging om die sin van die dade en die lyding van die mens daarin te begryp. 2) Aan die geskiedenis kan egter slegs deur 'n uiteindelike, allesvoltooiende gebeurtenis sin verleen word. Die Griek kon met sy sikliese beskouing geen uiteindelike sin in die gebeure sien nie. Die gedagte aan 'n unieke, allesbeëindigende gebeurtenis het in sy natuur-gebaseerde opvatting geen plek gehad nie. Hy is op soek na die volmaakte, wat vir hom die in sigself rustende, statiese harmonie is en wat dus nie in wisselende gebeurtenisse kan lê nie. Tyd, en dus die geskiedenis, het geen deel aan die ewige nie en is dus in wese sonder sin want tyd hang saam met verganklikheid. 3) Daarom is die toekoms vir hom sonder hoop: die geskiedenis is slegs 'n opeenvolging van hedes wat mekaar aflos sonder om werklik vernuwing te bring. 4) Oor alles heers die blinde en wispelturige noodlot wat die mens se handelinge en dus sy wil verlam en waarteen selfs die gode magteloos is. 5) Die toespitsing op die toekoms en 'n eschatologiese vervulling is heeltemal vreemd aan die Griekse denke. 6) Daarom skep die Griek vir homself as ideaal 'n tydlose wêreld, en daarin is vir die geskiedenis geen plek nie. 7)

Dit is in Israel dat die besef ontwikkel dat die geskiedenis doelge-

1) De Boer: The imitation of Paul, p. 43-44.
2) Löwith: Wereldgeschiedenis, wijsgerig en bijbels gezien, p. 9.
3) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 16.
4) Del Corral: De ontvoering van Europa, p. 144-145.
5) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 50.
6) Den Boer, W.: Greco-Roman historiography in Berkhof: Op. cit., p. 18. Vgl. Löwith: Op. cit., p. 11.
7) Berkhof: Op. cit., p. 17.

rig is en dus sin het. Vir Israel is die geskiedenis die verhaal van die ontvouing van God se plan met die mens. Hier heers geen blinde, onafwendbare noodlot of eindelose sirkelgang nie: die tyd ontplooi noodsaaklikerwys na die toekoms en sy inhoud is uniek en eenmalig. [1]) Die Jood beleef die geskiedenis nie in die konkreetheid van die hede nie, maar in die vooruitsien na die toekoms. [2]) Dit hang saam met sy geloof in Jahwe deur wie alles ontstaan het en wat ten gunste van sy volk in die geskiedenis ingryp. Omdat die volk vennoot van Jahwe is, is die geskiedenis terselfdertyd die terrein van menslike vryheid en verantwoordelikheid: die mens word vry gemaak van die natuur deur God en tot God. Die geskiedenis is met ander woorde heilsgeskiedenis, en priester en profeet hou hierdie besef by die volk lewendig. Daarmee kry die geskiedenis 'n uitgesproke opvoedkundige karakter: die interpretasie daarvan word 'n terugblikkende profesie wat die verlede as sinryke voorbereiding vir die toekoms sien. Vir Israel het die geskiedenis 'n transendentele sin wat vir die Griek met sy humanistiese, biologiese beskouing ondenkbaar was: die geloof in God en die toekoms word geskraag deur die geskiedenis van God se ingryping ten gunste van sy volk. Vandaar dat die geskiedenis in Israel deur woord en fees in dankbare herinnering lewend gehou word.[3])

Die geskiedenis toon verder vir Israel nie die goed-kwaad dualisme wat dit volgens die leer van Zarathustra het nie. [4]) Met sy monoteïsme ken Israel geen stryd tussen die magte van lig en duisternis nie. "Ek is die Here, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie; Ek gord jou hoewel jy My nie geken het nie, sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten My geeneen is nie; Ek is die Here, en daar is geen ander nie; wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die Here, doen al hierdie dinge." [5]) Die geskiedenis is daarmee nie 'n stryd tussen God en die kwaad nie: naas Jahwe is daar geen plek vir 'n afsonderlike figuur van die noodlot nie. "Noch ook voor een zelfstandige macht van het kwaad, voor een duivel, die op eigen gezag en kracht het boze in de wereld zou aanstichten. Er is geen godenstrijd in de hemelen van Israël, doch slechts die in het binnenste van de mens ... Jahwe brengt zelf welbewust het kwaad in de wereld en duisternis ook over Israël, juist omdat

---

1) Del Corral: De ontvoering van Europa, p. 145-146.
2) Ibid., p. 145.
3) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 75.
4) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 40.
5) Jesaja 45: 5-7.

en zodra dit Hem afvallig is ... Als onheilbrenger bewijst Jahwe zijn almacht, te meer waar hij daartoe ook andere volken (met hun goden) naar willekeur als werktuig tegen Israël bezigt, om dit desnoods met harde hand en bruut geweld tot inkeer te dwingen." 1) Vir Jesaja triomfeer in die val van Juda nie Baäl nie, maar Jahwe. So gesien, skok die rampe in sy geskiedenis nie Israel se godsvertroue nie, maar versterk dit juis. 2)

Die Joodse mensbeskouing leer dat die mens met twee neigings gebore is, ten goede en ten kwade, en ook die laasgenoemde is vir die voortbestaan van die wêreld nodig. Dit is in die mag van die mens om oor die bose neiging te heers. Die mens is oorspronklik bestem om 'n geïntegreerde, sinvolle lewe te lei, maar het in vrye keuse ooreenkomstig sy neiging tot chaos en desintegrasie gekies om God se teëstander te wees. 3) Die sonde het nie 'n bestaan los van die sondigende mens nie; daarom rig die toorn van God hom nie teen die sonde, 'n abstrakte begrip nie, maar teen die sondige volk, en omdat mens en wêreld vir Israel één is, teen die hele natuur. Met sy neiging ook tot die chaos en sy vryheid om vír of téén God te kies, het die mens self die kwaad in die wêreld gebring, maar God gebruik chaos en die kwaad vir sy plan. Sowel die opstandigheid van die mens as God se antwoord daarop in toorn kan dus slegs verstaan word as mens onthou dat <u>alles</u> wat God gemaak het goed is. So wil God selfs die boosheid van die mens tot Sy lof laat strek. 4)

Hoe die spanning tussen God se goedheid en sy geregtigheid opgelos word, word duidelik uit die ontplooiing van sy werksaamhede in die geskiedenis van sy volk Israel. 5)

Israel se geskiedenis is die geskiedenis van sy roeping tot die verbond met God en sy antwoord op God se stem. Tussen God en sy volk is daar werklike wederkerigheid: anders as die heidenvolkere is Israel God se medewerker en nie sy werktuig nie. 6) Die geskiedenis is 'n samespel van God en mens. Volgens Joodse siening is alles nie reeds vantevore gedetermineer nie, maar staan die uiteindelike uitgang van die geskiedenis wel by Hom vas, naamlik die verlossing van die skepping, maar die wyse

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 78. Vgl. Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 115.
2) Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 174.
3) Knight: Op. cit., p. 104.
4) Psalm 76:11.
5) Knight: Op. cit., p. 123.
6) Flesseman-van Leer, E.: De afwijzing van het Christendom door Martin Buber <u>in</u> De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 140.

waarop dit in die verloop van die geskiedenis verwerklik sal word, staan nie vas nie, maar is van die mens afhanklik. Die geskiedenis is daarmee nie 'n troonrede van God nie, maar 'n gesprek met die mensheid. 1) Weens die mens se aandeel daaraan staan ook die hoe en die wanneer van die verlossing nie vas nie: in God se handeling laat Hy ruimte vir die mens se handeling. Elke mens staan in die naakte Adamsituasie en moet in vryheid vír of téén God kies. Deur die neiging tot die kwaad te oorwin, kan elke mens, maar veral die volk Israel, die Messiaanse taak van voorbereiding vir die koms van die Koninkryk help uitvoer. 2) Andersyds het die mens die vryheid om ook teen God te kies en sodoende die koms van die Godsryk te vertraag.

Hierdie transendentele opvatting van die vryheid van die mens was in die heidenwêreld onbekend. Die Israelitiese geskiedenisbeskouing was iets nuuts: dit het die geskiedenis met teologiese, transendentele betekenis beklee. "It was the first comprehensive history that had ever been written; even the Greeks had nothing like it till centuries later. The history of Israel was set in the framework of the history of the world! The vast horizon which takes in the nations of the world in its sweep, together with the comprehensive grasp of history from the creation of mankind ... was a historiographical achievement of the first order. And equal in importance was the marshalling of the whole movement of history under one great idea ... as the working out of the purpose of God. For He was behind the great movement and He ordered events according to His plan." 3)

Ondanks sy geheel nuwe siening van die geskiedenis as verhaal van die mens se vennootskap van God waardeur die breuk wat die sondeval in die geskiedenis gebring het, herstel moet word, is daar een aspek van die Joodse geskiedenisbeskouing wat oppervlakkig gesien 'n sekere ooreenkoms met die Griekse opvatting van ewige wederkeer toon: die gedagte dat dieselfde situasies en figure telkens in die loop van die geskiedenis terugkeer. Tiperend hiervan is die rabbynse geskiedenis waarvolgens Farao as die enigste Egiptiese oorlewende by die deurtog deur die Rooi See agtereenvolgens opgetree het as die koning van Ninevé, Antiochus Epiphanes en Titus, deur wie Jerusalem verwoes is. "Tot het einde der

---

1) Weergawe van Buber se siening in Die Stunde und die Erkenntnis, volgens Flesseman-van Leer, E.: De afwijzing van het Christendom door Martin Buber in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 141.
2) Ibid., loc. cit.
3) Bewer, J.A.: The literature of the Old Testament in its historical development, aangehaal deur Eby & Arrowood: The history and philosophy of education, p. 113.

wereld zal hij duizend namen dragen, want, evenals Israël, is Israëls vijand eeuwig." [1]) Hierdie geskiedenisbeskouing is egter nie siklies soos die Griekse nie, maar tipologies: dieselfde tipes tree herhaaldelik op want die stryd tussen goed en kwaad word telkens herhaal.

Die verbondsgedagte is die hoeksteen van Israel se religie en sy geskiedenis. Die sentrale motief wat uit Israel se geskiedenis spreek, is sy gemeenskapsbesef wat op die verbond gebaseer is. Die lewensgemeenskap wat Israel met Jahwe aangegaan het, het die stamme tot 'n hegte eenheid saamgebind, 'n eenheid wat nie slegs op bloedverwantskap berus het nie, maar op religieuse geroepenheid en wat in die politeïstiese Ooste onbekend was. [2]) Hierdie gemeenskap- en geroepenheidsbewussyn het die volk Israel deur lyding, vervolging en verstrooiing laat stand hou. "Das Leben des Volkes dauerte Jahrhunderte und Jahrtausende; es ist aber ein Leben, weil das Volk während seiner ganzen Geschichte mit sich selbst identisch bleibt. In der Idee des Stammvaters kommt das Bewusstsein des Volkes von sich selbst als einer Einheit, einem Individuum, zum Ausdruck ... Es ist klar, welche Bedeutung das Bewusstsein Gottes für die Hebräer haben musste. Das Menschenleben umfasst einen kleinen Teil der Daseinsgeschichte, das Leben des Volkes einen grösseren Teil, das Leben und Bewusstsein Gottes umspannt alles. Das Bewusstsein Gottes ist ein Weltbewusstsein, in welchem alles Geschehen auf ewig aufbewahrt und festgehalten wird, und deshalb ebenso unverwüstlich wie die 'Materie' ist. Ohne ein Weltbewusstsein würde alle Geschichte der Menschheit und des Universums in nichts enden." [3])

Deur die geloof dat die geskiedenis in God se hand is en dat Hy dit in die volkome gemeenskap van die mens met Hom sal laat eindig, kry menslike handelinge en geskiedenis betekenis. Dit is aan hierdie visie te danke dat die geloof aan 'n herstel van Israel bewaar gebly het en dat die volk nie ondergegaan het nie. Deur die eschatologie het die wêreldgeskiedenis doel en perspektief gekry omdat dit in 'n sinvolle samehang voltrek word. [4])

Die koms van God is vir die Jood egter van die mens se inkeer afhanklik. [5]) Die toekoms van die wêreld, die sinvolheid van die geskiedenis, lê volgens hierdie opvatting in die hand van die mens, van die enkeling

---

1) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 104.
2) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 332.
3) Boman: Das hebräische Denken, p. 119.
4) Vriezen: Op. cit., p. 384-385.
5) Vgl. Buber: Zwei Glaubensweisen, p. 62-63.

en van die gemeenskap. Om aan die geskiedenis sin te gee, is 'n pedagogiese taak met Messiaanse strekking.

(4) Arbeid.

Wat sy arbeidsopvatting betref, onderskei Israel hom ingrypend van Hellas. Terwyl die Grieke neergesien het op alle vorme van arbeid wat nie suiwer geestelike inspanning behels het nie, het die Jood alle vorme van arbeid en veral handearbeid in hoë eer gehou.

(a) Redes vir die hoë agting vir arbeid.

(i) Religieus. Eerstens is die hoë agting vir arbeid terug te voer na Israel se godsbeskouing. Die God van Israel is 'n dinamiese, daadryke God in vergelyking met die Griekse statiese opvatting van die goeie. Aangesien die mens na die beeld van God gemaak is, behoort die vermoë, die plig en die voorreg om te arbei ook tot dié beeldskap. Die bevel om die aarde te onderwerp en daaroor te heers was dan ook een van die opdragte aan die eerste mensepaar en is onmiddellik verbind met God se seën. 1) Die mens is in die tuin van Eden gestel met die opdrag om dit te bewerk en te bewaak. 2) Arbeid is daarmee vir die Israeliet 'n belangrike aspek van die mens se oorspronklike gelukstaat toe mens en Skepper in 'n direkte en ongesteurde verhouding tot mekaar geleef het. Arbeid is daarvolgens arbeid aan God se skepping: deur sy arbeid neem die mens deel aan God se arbeid.

Dat hierdie arbeid in die Tuin van omvattender aard as bloot pastoraal was, word gesuggereer deur Gen. 2:12: "En die goud van die land is goed. Daar is ook balsemgom en oniksssteen." Aan die anderkant het die mens se arbeid ook bestudering van die dier behels: "En die Here God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sal noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees." 3) In die Ooste het die opvatting geheers dat die naam ideëel gesproke die eksakte weergawe van die besitter was en dat om iets se naam te ken, beteken het om sy wese te ken. Daardeur het die mens dan ook volledige gesag oor die gekende gehad. 4) Die naam word nie uitgedink nie, maar ontdek in die mens se ontmoeting met die dier of voorwerp; dit is nie iets wat as 'n etiket aan die gekende geheg word nie: dit is die benoeming

1) Gen. 1:28.
2) Gen. 2:15.
3) Gen. 2:19.
4) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 37, 103.

van sy wese, dit is die mens se antwoord op die dier of voorwerp se aanroep aan hom. [1]) Om die diere name te gee het met ander woorde ingehou om hulle te ken en te beheers. Die mens is met ander woorde tot 'n verskeidenheid van arbeidsvorme geroep: pastoraal, ontginning van die moontlikhede van die aarde en studie van die natuur, dit wil sê intellektuele arbeid.

Die eerste menslike gemeenskap was 'n arbeidsgemeenskap: die vrou is gemaak as hulp vir Adam. [2]) Gesamentlike arbeid is daarmee 'n belangrike deel van die huwelik en van die mens se hele bestaan. Die plig van getroue en volgehoue arbeid word dan ook uitdruklik in die dekaloog genoem [3]) en die spysoffer bestaan uit produkte van die arbeid. [4])

(ii) Eenheid van mens en aarde. Afgesien van die religieuse ondergrond waardeur die arbeid geheilig word, is 'n moontlike rede vir die Joodse arbeidsbeskouing die opvatting van die eenheid van mens en aarde. Vir die Griek is die mens 'n dualistiese wese. Hy beskou materie as preëksistent en godvyandig. Die Jood, daarenteë, beskou materie as Godgeskape en sien dus niks veragteliks in arbeid met materie nie. Sy gevoel van verwantskap met die res van die skepping en selfs met die grondmaterie verhinder dat hy arbeid in en ter wille van die skepping sal minag. Arbeid is vir hom 'n subtiele band tussen mens, skepping en God. [5])

(iii) Histories. Ook vanuit historiese oogpunt is daar verklarings vir Israel se hoë agting vir arbeid. Gedurende die veertigjarige omswerwing in die woestyn het die handwerkkuns nie tot stilstand gekom nie, - getuie die goue kalf, die koperslang en die verbondsark onder meer - maar omstandighede was nie gunstig vir die beoefening daarvan nie. [6]) Opgrawings van Kanaänitiese stede wat deur Israel verwoes en weer opgebou is, toon Israel se onbeholpenheid. Die besef van hulle agterstand by ander nasies sou ongetwyfeld hoë agting vir vaardige arbeid meegebring het.

Verder het die Filistyne aan die aanvang van Saul se koningskap blykbaar die monopolie van ambagte soos smidswerk vir hulleself opgeëis en die oorheerste Israel om veiligheidsredes nie toegelaat om dit te beoefen nie. [7]) So 'n verbod moes vanselfsprekend bygedra het om die aansien van die ambag te verhoog.

---

1) Kohn: Martin Buber, p. 241-242.
2) Gen. 2:20.
3) Ex. 20:9.
4) Gispen: De Christus in het Oude Testament, p. 14-15.
5) Vgl. Buber: Der heilige Weg, p. 85.
6) Fensham: Kultuur in die tyd van die Bybel, p. 19.
7) I Sam. 13:19-22. Vgl. Jeremias: Das Alte Testament, p. 495.

(b) Die Messiaanse betekenis van arbeid.

Ná die sondeval het twee instellinge wat by die skepping gemaak is, behoue gebly en tewens verdiepte en verlossende betekenis gekry: die huwelik en arbeid. Uit die huwelik sou die mensegeslag gebou en sou die Een gebore word wat die slang se kop sal vermorsel. [1]) Die mens se vermoë tot arbeid is hom eweneens deur die sondeval nie ontneem nie, maar die arbeid het moeitevol geword. [2]) Volgens Joodse opvatting moet die breuk wat deur die sondeval tussen God en mens gekom het, deur die mens mede-herstel word. Dit kan hy slegs doen deur inkeer, dit wil sê deur uit die chaotiese toestand van die sonde rigting te vind en te kies na God toe. Wanneer die mens in wanhoop oor sy eie onmag na God draai met die volle mag van daardie wanhoop [3]), sal God hom hulp verleen. [4]) Hierdie inkeer behels die volle inset van die persoonlikheid: die mens kies voortaan met elke aspek van sy lewe en met al sy kragte rigting na God toe. Hy sal dus ook met sy arbeid in die konkrete lewensomstandighede waarin hy verkeer na God toe streef. In plaas van sy lewe doelloos te laat wegsyfer, gee hy daaraan rigting deur sy betrokkenheid op God en sodoende kry dit eenheid en betekenis: met al sy krag en gawes streef hy na God toe en so help hy om die Messiaanse gemeenskap voor te berei. Daarom moet elke daad en elke handeling geheilig word. Liefde vir die medemens - want enkeling en gemeenskap en aarde is onafskeidelik verbonde - word daardeur daadwerklike liefde wat ook in die arbeid tot uiting kom: dit is nie liefdegevoel nie, maar liefdebetoon. [5])

Met sy aanvanklike diesseit-instelling wat gegrond is op die leer dat die mens met die aarde en die medemens uit één stof gemaak is, kon Israel nie anders as om aardse verwagtinge vir die eindstaat van die mens te huldig nie. [6]) Dit bring mee dat die Joodse Messianisme in wese materialisties was en in later eeue as grondprinsipe van die vooruitgangs-filosofie en selfs van die kommunisme kon dien. [7]) "Het bijbelse realisme, dat God kent als de Levende, aanwezige hier en nu, en dat het directe contact van God en mens herstelt, heeft niet alleen het aardse, materiële, geheiligd, maar is ook wel eens de brug geweest tot overwaardering van

---

1) Gen. 3:15.
2) Gen. 3:17-19.
3) Buber: For the sake, p. 44, 113. Edersheim: Life and times I, p. 169.
4) Buber: Op. cit., p. 113.
5) Friedman: Martin Buber, p. 138.
6) Knight: Christelijke theologie, p. 48; Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 80; Vriezen: Hoofdlijnen der theologie, p. 35.
7) Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 45-46; Edersheim: Life and times of Jesus the Messiah II, p. 28.

de materiële. Er is een zekere neiging in het O.T. om bijzonderlijk materiële zegeningen hoog te schatten." [1]) Die nuwe wêreld sal ooreenkomstig die Joodse Messiasverwagting nie die oue vervang of vernietig nie: dit word uit die oue gebore waarin dit reeds werksaam was. Die Jood verwag 'n nuwe aarde, maar dan in die sin van 'n vernuwing van hierdie aarde. [2]) Hoe gou dit bereik word, is ooreenkomstig Joodse opvattinge in die hand van die mens gegee. [3]) In hierdie siening het die mens 'n aktiewe deel in die voortgaande skepping en herskepping wat tot die Messiasryk sal lei. [4]) Vir die Jood lê die hele sin van sy lewe daarin dat hy medewerker van God kan wees: "Wenn Gott meiner bedarf, bedarf er meiner, um ihn zu erwarten, oder um ihn zu bereiten? Und wie könnte ich es fassen ... dass Gott meiner nicht bedürfe? Dass ich zum Spiel gemacht sei und nicht zu einer Vollendung?" [5]) Die mens se arbeid moet die koms van die Koninkryk voorberei. Sy arbeid is daarmee Messiaanse arbeid.

(c) Arbeid en opvoeding.

Waar arbeid so 'n verhewe doel moes dien, is dit begryplik dat dit ook in die opvoeding beklemtoon is. Verskillende uitsprake van die rabbi's getuig daarvan, byvoorbeeld: "Wie sy seun geen ambag leer nie, leer hom daardeur die rowersambag", en uit die opeenvolging van Gen. 2:15 en 16 is afgelei dat die mens eers moet werk en dan eet. [6]) Ook die wysheidsliteratuur bevat talle spreuke waarin die waarde van arbeid beklemtoon word. [7]) Die volk se beroemdste opvoeders, die rabbi's, het self die voorbeeld gestel. Hulle het onderrig gegee sonder om vergoeding te vra en een of ander ambag beoefen om in hulle stoflike behoeftes te voorsien. [8])

(d) Slawerny.

Die Joodse opvatting oor arbeid het ook sy houding ten opsigte van slawerny bepaal. Waar arbeid in diens van God se koninkryk staan en die hele mensheid weens sy skepping deur Jahwe één is, kan die arbeider, al is hy 'n slaaf, nie geminag of mishandel word nie. Daarom bevat die Joodse wetgewing vanaf die vroegste tye bepalings wat die regte van die slaaf beskerm. [9])

---

1) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 354.
2) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 171.
3) Buber: Mein Weg zum Chassidismus in Hinweise, p. 195.
4) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 44-45, 88.
5) Kohn: Martin Buber, p. 155.
6) Juncker: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 160.
7) Gispen, W.H.: De Christus in het Oude Testament, p. 36.
8) Grosheide: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 6, 56.
9) Ex. 21:2-11. Vgl. Job 31:13.

(e) Samevatting.

Die Joodse utopistiese eindtydverwagtinge, die siening van God as die nog altyd werksame Skepper en van die mens as sy vennoot wat die opdrag en die voorreg het om die koms van die Messias daadwerklik voor te berei, het aan die mens se arbeid transendentele betekenis gegee.

Eers toe die diesseitverwagtinge teleurgestel en plek gemaak het vir geloof in die jenseits, kon die aanhangers van die nuwe godsdiens wat uit Israel gegroei het, afsien van die noodsaaklikheid van die mens se arbeid as voorbereiding vir die Verlosser se koms en hulle vertroue vestig op die Redder wat sonder menslike bystand die voorwaardes vir die koms van die Koninkryk sou vervul.

(5) Lyding.

Die Griek is 'n hedemens, die Jood kyk terug na die oorspronklike gelukstaat van die onbedorwe mens en vorentoe na die utopistiese koninkryk van God wat hy geroepe is om te help verwesenlik. Wanneer hy om hom kyk, is hy bewus van die haat en vervolging wat hy van ander moet verduur, hy is bewus van sy eie tekortkominge en ontrouheid aan die verbond wat die enigste rede vir sy bestaan is. Israel is die "paria-volk": met sy "ander" God is hy die "ander" mens. Nie alleen is hy in opvatting en gedrag verskillend van die naburige volkere nie, maar hy aksentueer telkemale hierdie verskille, wel wetend dat hy daardeur haat en vyandskap verwek. Die verbondsbelofte van 'n heilstoekoms maak vir hom alle teenswoordige lyding draaglik. 1)

Israel luister na 'n ander stem as die ander volkere; hy verteenwoordig 'n godsgeloof wat in hierdie wêreld nie verdra word nie. 2) Bewus van die smartlike verskil tussen sy skuldlose geskapenheid en die heiligheid van die komende Godsryk enersyds en sy eie toestand van verval andersyds, is Israel 'n gesplete volk. Die mees bevoorregte volk moet ook vir sy vergrype die strengste gestraf word. Skuld en boete weeg oneindig swaarder vir diegene wat die verbond wetend skend as vir dié wat nie so met Jahwe verbonde is nie. 3) Israel ken bespotting, bloedige vervolging, slawerny, ballingskap. Miskien meer as enige ander nasie weet hy wat lyding is. Maar van al die volkere van sy tyd is hy die enigste wat sy lyding sinvol kan dui: dit word vir hom 'n teken van God se uitverkiesing. 4)

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 74.
2) Bijlsma: Kleine catechetiek, p. 170.
3) Polak: Op. cit., p. 83.
4) Ibid., p. 89.

Die betekenis van iets lê nooit in homself nie, maar steeds buite homself en dikwels buite sy eie tyd. Slegs 'n eschatologiese beskouing kan werklik aan die lewe en aan die lyding wat 'n groot deel van die lewe vorm, sin verleen. Vir Israel lê die sin van sy lyding in die verwagting en die voorbereiding van die koninkryk van God. Ooreenkomstig die skeppingsverhaal het lyding deur die mens se toedoen in die wêreld gekom. Die straf op die sondeval is vir die vrou pyn, smart en afhanklikheid; vir die man is dit moeisame in plaas van vreugdevolle arbeid. Nogtans gebruik God, omdat in sy almag die kwaad ook sý kwaad is net soos die mens sý mens is, dieselfde vervloeking om die uiteindelike seën en die heling van die sondebreuk te bewerkstellig: die geboortepyne van die vrou wys vooruit na die geboorte van die Messias wat God se ingryping in die geskiedenis sal uitvoer, en die man se moeitevolle arbeid sal deel wees van die voorbereiding wat nodig is eerdat die Messias kom.

Op 'n vlak hoër as die eerste primitiewe vergeldingsdogma waarvolgens lyding loon op die sonde is [1]), ontstaan deur Israel se eschatologiese verwagtinge die siening van lyding as die mens se weg terug na God. Dit kiem eers in die rabbynse gedagte dat as lyding die loon van die sonde is, dit ook die sonde versoen. God maak volgens die ontwikkelende denkbeelde van lyding gebruik om die mens nie in die sonde te laat volhard nie. [2]) Wanneer lyding egter verder as voorwaarde vir die mens se inkeer en dus vir die koms van die Messias gestel word, kry dit eschatologiese betekenis.

Die ontwikkeling van hierdie veredelde siening van lyding word in die Ou Testament op drie vlakke geskets. Op Job se vraag kom die antwoord dat lyding 'n geheimenis van God is; in die psalms klink dit dat die gewillig-lydende vir God welgevallig is en volgens Jesaja ly die persoon wat gewillig ly ter wille van God se heilsplan: in die koms van die Messias word beide die maat van die lyding en die heil vervul. [3])

Voordat die Messias kan kom, moet God se volk tot inkeer kom [4]), en hierdie noodsaaklike eerste stap op die weg na die herstel van die Godsryk word uit die mens se lyding gebore. [5]) Sonder lyding sal die mens nie na die herstel van die verhouding met God verlang nie. Daarom is lyding 'n teken dat God Hom met sy skepsel bemoei en hom lief het. Vir die Jood

---

1) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament, p. 144.
2) Lindijer: Het lijden in het Nieuwe Testament, p. 88.
3) Kohn: Martin Buber, p. 270.
4) Ibid., p. 271.
5) Buber: For the sake of heaven, p. 202. Vgl. Thackeray, H. St. J.: The relation of St. Paul to contemporary Jewish thought, p. 104.

het lyding vanuit religieuse oogpunt dus nie alleen die hoogste betekenis nie, maar die mens moet tewens bid dat dit verhewig moet word want slegs só sal hy tot inkeer kom en hom na God wend. "The world of the peoples ... is in tumult and agitation. Nor can we desire this thing to cease, for not until the world is broken by conflict do the birth-pangs of the Messiah begin ... The body of this world must travail as in birth and reach the very edge of death before redemption can be born. For the sake of redemption does God permit mortal forces to rebel against Him more and more." [1])

Volgens hierdie opvatting dien lyding nie alleen as boete vir die sonde van die verlede nie: dit het ook die mees betekenisvolle toekoms-projeksie. [2]) Volgens Joodse tradisie sal die tye onmiddellik vóór die koms van die Messias tye van groot lyding wees, van botsing tussen die nasies en die vernedering van Israel. Dit staan bekend as die "geboorte-pyne van die Messias", dit is die lyding wat sy koms voorafgaan en dit vorm die oorgang tussen hierdie wêreld en die koninkryk van God. [3])

Die apokaliptiese boek Daniël gee aan die lyding van Israel 'n ongekende dimensie. Nie alleen is die vuur van die ballingskap [4]) niks anders as die brandende liefde van God vir sy volk nie, maar God is self daarin teenwoordig [5]) en Hy verander die mens se lyding in samesyn met Hom. In die vurige oond is naamlik 'n vierde, goddelike persoon teenwoordig ooreenkomstig die Woord van God: "As jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie" [6]) en "Ek sal met jou wees." [7]) God is naamlik self aanwesig in die pyn en die verskrikking. Lyding <u>skei</u> dus nie die mens van God nie: juis in die lyding is Hy teenwoordig.

Die opvoedende betekenis wat lyding vir die mens, maar veral vir Israel as volk het, is deur die Joodse denkers op onoortrefbare wyse uitgebeeld. Op praktiese wyse is die betekenis van lyding by die volk tuisgebring deur die groot jaarlikse feeste wat nie alleen God se genade beklemtoon het nie, maar ook Israel se lyding, sy afhanklikheid en die onvolledigheid van sy geluk in herinnering geroep het. [8]) Hierdeur het veral die paasfees groot opvoedkundige betekenis gehad: dit het aan die

---

1) Buber: For the sake of heaven, p. 108.
2) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 308.
3) Thackeray: The relation of St. Paul, p. 105.
4) In die oond-beeld in Daniël 3.
5) Vgl. Vriezen: Op. cit., p. 287.
6) Jesaja 43:2.
7) Ex. 3:12. Vgl. Knight: Christelijke theologie, p. 234-235.
8) Die belangrikste Joodse feeste word genoem in Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 273-274.

kinders die geskiedenis van hulle volk, hulle geloof, hulle lyding en hulle vurige hoop tuisgebring. [1])

Die later geskiedenis van Israel toon ook watter betekenis lyding in die praktyk vir die volk gehad het. Toe Judaïsme op die punt gestaan het om deur die opkomende Hellenisme van die tyd van Antiochus geassimileer te word, was dit die lyding wat die volk moes verduur wat tot die Makkabeëropstand gelei het, sy godsdienstige en nasionale bewussyn verdiep en hom in beskermende isolement laat terugtrek het. [2]) Op 'n hoër religieuse vlak het Israel se lyding nog veel diepgaander betekenis gehad. In die smarte van die Babiloniese ballingskap verdwyn die hoop op 'n aardse utopie en word dit vervang deur 'n duideliker ontplooiing van die hiernamaalsverwagting, deur die opvatting van ewige loon en straf. Deur lyding geleer, het Israel van 'n hoër, voorheen sluimerende element in sy religie bewus geword: die geloof in die jenseits.

Samevattend kan gesê word dat Israel op grond van sy gespletenheid tussen hede en toekoms nie alleen met lyding bekend was nie, maar dat hy ook die diepste sin daarvan deurvors het. Hy sien lyding as die weg na God toe; hy leer dat die ware weg van die skepping tot aan die Godsryk nie op die vlak van sukses nie maar in die diepte van mislukking bewandel word. [3]) Die weg na God toe, die weg waarlangs die wêreld gered moet word, is vir die Jood nie die weg van wêreldlike prestasie nie: dit is die weg van mislukking en lyding. Israel ken die beeld van die lydende saaier: "Die wat met trane saai, sal met gejubel maai. Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra." [4])

(6) <u>Die sinvolle</u>.

(a) <u>Verbinding van religie en etiek</u>.

Israel se onverganklike betekenis lê in die unieke wyse waarop hy religie en moraal verbind het. Waar godsdiens duisende jare lank primêr ten doel gehad het om die gode se guns te wen en waar moraal 'n kwessie van sosiale organisasie was, is Israel een van die eerste nasies om dié twee met mekaar te identifiseer. [5]) Israel vertel die magtige verhaal van die aanvang van alle dinge nie uit die gesigspunt van <u>tyd</u> nie,

---

1) Castle: Ancient education and today, p. 174.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 678. Bronkhorst: Geschiedenis van Isr., p.42.
3) Buber: Biblisches Führertum <u>in</u> Hinweise, p. 166. Vgl. ook Falsche Propheten <u>in</u> Op. cit., p. 172.
4) Psalm 126:5-6.
5) Castle: Ancient education, p. 154-155; De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 322.

maar van doel. Daarvolgens sou die wêreld nie geskep gewees het as dit nie op 'n vaste fondament van vroomheid en die aanvaarding van God se wet gerus het nie: daar was 'n morele fondament voordat daar 'n fisiese was. 1) In die Ou Testament gaan dit om God se etiese bedoeling en sy verhouding tot die mensheid. Daarmee kry die begrip skepping alleen sin en doel deur die mensheid en deur God se betrekking tot die mensheid. 2)

(b) Ontwikkeling van Israel se religieuse opvattinge.

Anders as die Griek, wat die sinvolle in die filosofie, dit wil sê langs die weg van logiese denke, probeer benader, soek Israel dit in die religie. In teëstelling met die Griek, het die Jood nie dinge uitgedink nie en dus nie die peil van intellektuele ontwikkeling bereik waarop die rede religieuse en etiese beginsels bepaal nie. 3) In die Ou Testament is daarom geen enkele spekulatiewe gedagte oor God nie. God se wese en wil word in sy konkrete dade bekend gemaak. 4) Israel se denke is realisties, nie filosofies nie. 5)

Die basis van Israel se religieuse beskouinge is die verbondsgedagte waarvolgens die volk uitverkies is en 'n ooreenkoms met Jahwe gesluit het.

Die ontstaan en groei van die godsbegrip Jahwe kan uit die geskiedenis van Israel afgelei word. In die Babiloniese teologie is volgens Jeremias se afleiding 'n Godsnaam Ja've bekend. 6) Dit is egter nie veel meer as 'n vermoede nie, want vóór die tyd van Moses is weinig oor die godsdiens van Israel bekend, hoewel dit aanvaar word dat dit heelwat in gemeen moes gehad het met dié van die land van sy herkoms. 7)

Die verlossing uit die Egiptiese slawerny en die wonderbare deurtog deur die Skelfsee, vermoedelik 'n meer naby die Middellandse See-kus 8), het groot vormende invloed op die Israelitiese volk en religie gehad: hier was die eerste magtige daad van Jahwe in belang van sy uitverkore volk, waardeur Hy op hulle onverdeelde trou aanspraak kon maak.

Namate die Joodse volk en sy geestelike ingesteldheid ontwikkel, ontwikkel ook sy godsbegrip. Enige kultuur se godsbeskouing is gebonde aan die intellektuele en sedelike peil van die volk. "We must think of

---

1) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 82.
2) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 92.
3) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 89.
4) Knight: Op. cit., p. 76.
5) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 79.
6) Jeremias: Das Alte Testament, p. 309-310.
7) Vgl. hierdie studie, p. 160-163.
8) Kellett: A short history of religions, p. 39.

him with human thoughts, and define him in human phrases. And man is ever changing, sometimes moving upward and sometimes tending downward. As he thus changes, his God inevitably changes with him." 1) So het ook Israel se opvattinge van Jahwe verander saam met die wisselende lot van die volk wat daartoe gelei het dat Jahwe se dade in die geskiedenis telkens 'n ander aspek van sy wese belig het. Dit is nie Jahwe wat verander nie, maar die mens wat ooreenkomstig sy omstandighede en sy ingesteldheid telkens 'n ander faset van God se wese opmerk.

Sommige teoloë is die mening toegedaan dat Jahwe volgens die Joodse vertolking van die Ou Testament aanvanklik weinig meer as 'n stamgod was. "Er ligt een element van waarheid in de voorstelling van Buber, dat Jahwe oorspronkelijk de <u>leidende</u> God der nomadische stammen was ... Als zodanig is hij tevens de <u>strijdende</u> God, die aan het hoofd van de scharen der Israëlieten voorttrekt ... en die de helden in de Richterenperiode bezielt door zijn geest." 2) In hierdie tyd sou Israel, na beweer word, Jahwe nie as die enigste God van die kosmos beskou het nie, maar slegs as 'n groter god as die gode van ander nasies. Die bestaan van die gode van Egipte, Phoenicië en Kanaän is volgens hierdie opvatting nie ontken nie. 3) Die Jahwe van hierdie tyd sou, soos baie ander gode, 'n berggod wees waardeur Israel dikwels op die vlakte die neerlaag ly. 4) Hy is aan plek gebonde en sy heerskappy is beperk. So "gaan Kain weg van die aangesig van die Here, en hy het gewoon in die land Nod, aan die oostekant van Eden." 5) Dieselfde gebondenheid aan plek word beskou as die ondergrond van Naäman se meename van 'n vrag grond na Sirië. 6) Dit sou egter deur sy gebondenheid aan één plek wees - later die tempel in Jerusalem - dat die opvatting van Jahwe as Enige God getriomfeer het. 7) Jahwe se mag was ooreenkomstig hierdie siening voorts tot die lewendes beperk: oor She'ol, die doderyk, het Hy geen mag gehad nie. 8) Hierdie opvatting dat Jahwe vir Israel die uitverkore God tussen ander gode was en aan bepaalde beperkinge onderhewig was, staan egter nie bo verdenking nie. Die feit dat Israel daarvan kennis geneem het dat ander volkere ander gode gedien het, impliseer nie dat hy daardie vreemde gode as gode <u>erken</u> het nie. Die opvatting van God as die Enige en Almagtige is grondliggend

---

1) Kellett: A short history of religions, p. 566.
2) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 181.
3) Swift: Education in ancient Israel, p. 14.
4) Kellett: Op. cit., p. 42.
5) Gen. 4:16.
6) II Kon. 5:17.
7) Swift: Op. cit., p. 15.
8) Kellett: Op. cit., p. 43.

vir die Bybel. Dit kan egter nie betwyfel word dat daar 'n toenemende openbaring van God aan die gelowiges in sy volk was nie, en op grond van hierdie feit moet, veral in die volksgeloof, minder suiwer opvattinge oor die wese van God verwag word.

Hoewel Israel in vroeë tye bekend was met die gode van ander volkere [1]) en dikwels selfs tot diens van dié gode verval het, het die verbond van die volk volkome trou geëis aan die God wat hom uit Egipteland uitgelei het: verlossing en verbond is onafskeidelik. Aanvanklik was die karakter van die verbond uiters saaklik, byna juridies; dit was 'n kontrak wat vir albei bindend was en die voorwaardes wat die volk moes nakom, is in die wet uiteengesit. [2]) As teken van die verbond word naas die reënboog - wat vir 'n woestynvolk vrugbaarheid en voedsel suggereer en die poort van hoop vir die toekoms simboliseer - die besnydenis ingestel. [3]) In die verbond word 'n unieke sintese bereik waarvolgens Israel sy toekomstige lot self in sy hande hou en nogtans voortdurend deur God gelei en beskerm word. Israel sien in hierdie tyd sy God met die oë van 'n primitiewe mens: Jahwe neem volgens hierdie ongevormde siening wat waarskynlik in die ruwe volksgeloof kon bestaan het, deel aan feeste en ruik met genot die offergeur. Selfs mensoffers sou na bewering in hierdie tyd aan Hom nie onbekend gewees het nie: volgens Joodse oorlewering is Isak werklik deur Abraham geslag maar later deur God opgewek. In die uitdelging van die bevolking van verslane stede en die stukkend kap van Agag deur Samuel sien sommige skrifverklaarders sterk mensoffer-motiewe. Israel sien in hierdie tyd vir Jahwe as die genadelose oorlogsgod wat strenge en stipte nakoming van sy wet eis. [4]) Hierdie God is dinamies, emosioneel, onvoorspelbaar. Hy is soms vriendelik, maar kan ook gevaarlik wees. [5]) Hy probeer Moses dood [6]) en tree genadeloos op teenoor almal wat oortree. [7]) Nietemin verbind Israel Jahwe nooit met die ruwe onsedelikheid wat die geskiedenis van Griekeland, Rome en ander nasies bevlek het nie.[8]) Jahwe is deurgaans die totaal verskillende God. 'n Lang tyd is Hy selfs naamloos, en Hy kan nooit afgebeeld word nie. [9])

---

1) Vgl. Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 189.
2) Vgl. Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 70-72.
3) Ibid., p. 71.
4) Vgl. Jos. 7:24-26; Kellett: A short history, p. 47-49; Polak: Op. cit., p. 74, 79.
5) Kellett: Op. cit., p. 47-48.
6) Ex. 4:24.
7) Ex. 19:12-13.
8) Swift: Education in ancient Israel, p. 15.
9) Polak: Op. cit., p. 72-73.

Daar is nie aanduidings dat Israel se godsbegrip in die eerste eeue na die vestiging in Kanaän 'n belangrike ontplooiing ondergaan het nie. Sommige geleerdes is wel die mening toegedaan dat die opname van die vroue van Kanaäniete wat verslaan is, die geloof aan engele en duiwels kon meegebring het.[1] As dit wel die geval is, bring dit egter geen wysiging aan in die begrip wat Israel deur die godsopenbaringe van Jahwe as almagtige en enige God het nie. Hy word gesien omgewe deur engele, 'n magtige leër van goddelike wesens. Hierdie opvatting is egter nie strydig met die monoteïstiese godsbeskouing nie, maar dien om Jahwe se majesteit te aksentueer [2], veral aangesien hierdie wesens as God se dienaars beskou word [3], as sy boodskappers, sy wil in aksie. [4]

Die Kanaänitiese godsdiens met sy eenvoudige vrugbaarheidskultus en seksuele uitspattighede het vir die gewone Israeliet steeds bekoring ingehou. Israel se godsdienstige leiers het 'n voortdurende stryd gevoer waarin "het eigene van de godsdienst van Jahwe, rustend op de verbondsbetrekking tussen God en Zijn volk, door een minderheid moet worden verdedigd tegenover het volksgeloof van de massa, die - zowel in geloofsvoorstellingen als in cultische praktijken - de dienst van Jahwe aan de vruchtbaarheidscultus van Baäl poogden te assimileren." [5]

Die profete is die belangrikste leermeesters wat op grond van 'n godsopenbaring die volk gaandeweg tot 'n meer verhewe begrip van God lei. Die antropomorfisme word gaandeweg minder ru en daar ontstaan 'n meer vergeestelikte godsbeskouing [6]; die profete leer die volk dat Jahwe die <u>universele</u> God is en die verpligtinge teenoor die volksgenoot word uitgebrei tot broederskap van alle mense.

(c) <u>Sintese tussen God en mens</u>.

In die Mesopotamiese godsdiens was die enigste betrekking waarin die mens teenoor sy god kon staan, dié van volslae afhanklikheid, magteloos blootgestel aan sy grille want die mens is spesiaal geskep om die gemak van die gode te dien. [7]

Hierteenoor stel Israel sy siening van Jahwe as die Verbondsgod.

---

1) Kellett: A short history, p. 50-51; De Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 512.
2) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 191-192.
3) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 748.
4) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 61.
5) Van Leeuwen, C.: Hoe moeten wij het O.T. uitleggen? <u>in</u> De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 96.Vgl. Kellett: Op. cit., p. 59-60; Knight: Op. cit., p. 206.
6) Kellett: Op. cit., p. 62-63.
7) Frankfort: Het ontstaan van de beschaving, p. 92-93.

Om die wêreld ná die breuk wat die sondeval was nogtans te red, "beklee" Jahwe Hom met Israel, Hy verneder Hom om Hom met Israel te vereenselwig en om deur sy intieme betrekking met Israel al die volkere van die sondemag te verlos. God, wat met dieselfde gemak waarmee Hy die heelal oorspronklik geskep het dit sou kon herskep, verkies om van Israel as vennoot gebruik te maak. In die fundamentele paradoks van God se almagtige deemoed verkies Hy - om geen ander rede as sy liefde nie - om 'n verbond te sluit met sy eie skepping, met die volk Israel wat ook onder die vloek lê. Deur sy verbintenis met dié vloekwaardige volk wil God nie alleen sy plan vir die verlossing van Israel ten uitvoer bring nie, maar ook die hele mensheid en die gevalle heelal verlos. [1]) Hy gebruik die mens om in vryheid aan die verlossing van die wêreld mee te werk en so word die geskiedenis 'n samespel van God en mens. Die mens moet deur sy inkeer die koms van die Messias voorberei. [2]) Slegs deur in vryheid vír God te kies, kan die mens die koms van die Messias moontlik maak. [3]) Hierdie vryheidsopvatting was heeltemal nuut in die kultuur van die tyd. In die Ooste het die mens homself onvraagend aan die dwang van tradisie, staat en oorgelewerde sosiale strukture onderwerp: die gode het dit immers ingestel en dit was dus heilig. Griekeland, waar menslike vryheid groot hoogtes bereik het, sien die mens as opstandeling teen bonatuurlike magte, maar in dié stryd is hy tot ondergang gedoem. [4]) Vir Israel is die geskiedenis egter die terrein van menslike vryheid en verantwoordelikheid omdat dit die terrein is waarop God hom roep en lei. Die mens word vrygemaak uit die natuur omdat hy deur God en tot God vrygemaak word. [5]) Soos die mens kwaad in die wêreld gebring het deur sy vrye keuse téén God [6]), moet hy as God se vennoot meewerk tot die herstel van die breuk deur in vryheid vír God te kies. So ontstaan 'n unieke sintese tussen goddelike en menslike mag. [7])

Die god van die verbond is JHWH, Jahwe, ook uitgespreek Jahoe. Sekerheid oor die herkoms van die naam ontbreek [8]) en Jahwe maak Homself aan Moses bekend as "Ek is wat Ek is." [9]) Die Jahwe-naam, beskerm deur

---

1) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 166.
2) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 140.
3) De Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 518.
4) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 79.
5) Ibid., p. 18.
6) Knight: Op. cit., p. 104-105, 163.
7) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 72.
8) Knight: Op. cit., p. 41.
9) Ex. 3:14.

die derde gebod, wek die besef van die lewende, ontsagwekkende teenwoordigheid van God en bring die majesteit en ondeurgrondelikheid van sy wese na vore. [1]) Hy is die Almagtige, die skepper van alle dinge, die God van die hele wêreld, en Hy gebruik ander volkere met hulle gode om sy doel met Israel en die wêreld te bereik. [2]) Ander kosmologieë het reeds die kiem van monoteïsme bevat, byvoorbeeld Anaxagoras se opvatting van die Noes, en dit is miskien waar dat alle godsbeskouinge tot monoteïsme neig, soos die Grieke alle ander gode aan Zeus ondergeskik gemaak het. [3]) Dit was egter aan Israel dat God Hom as die Enige en Almagtige geopenbaar het en dit was met Israel dat Hy die verbond aangegaan het wat aan die volk en in wyer verband aan die mensheid se handelinge en wedervaringe 'n ongeëwenaarde etiese inhoud gegee het. Nie alleen het die verbond met één God die stamme van Israel tot 'n hegte godsdienstige gemeenskap verenig nie [4]), maar dit het van elke mens volkome trou in elke daad en gesindheid geëis en sodoende die hoogs moontlike sedelike vorming meegebring, wat opvoedkundig die hoogste betekenis ingehou het.

'n Besondere kenmerk van Jahwe, wat vir die tyd uitsonderlik was, is sy onafbeeldbaarheid. Die mens vind dit moeilik om 'n abstrakte begrip te verstaan en dus maak die primitiewe mens 'n beeld om sy god te veraanskoulik. Terselfdertyd kan hy daardeur sy god objektiveer en mag oor hom kry. [5]) Vir die Griek met sy visuele instelling was dit onmoontlik om nie in politeïsme te verval nie: die eienskappe van die god word oor verskillende persone verdeel om uitgebeeld te kan word. [6]) Die beeldverbod van Israel moes verhinder dat God in verteenwoordigende beelde van sy verskillende eienskappe versplinter. God is tewens vir Israel nie staties en dus uitbeeldbaar nie, maar die dinamiese Skepper, nog altyd werksaam. Hy is "der sich auf keine Gestalt festlegende, sich aus jeder Manifestation wieder zurückziehende Gott." [7]) Hy kan nie geken en dus in 'n beeld vasgelê word nie: nie alleen sou dit sy grensloosheid begrens nie, maar dit sou die mens oor Hom, die Almagtige, mag gee. God kan nie afgebeeld word nie, nie in klip of hout nie, maar ook nie in woord of begrip nie. [8]) Kennis van God is vir Israel nooit bloot

---

1) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 206.
2) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 78.
3) Kellett: A short history of religions, p. 569.
4) Güdemann: Das vorchristliche Judenthum, p. 32; Vriezen: Op. cit., p.334.
5) Vgl. Israel se meeneem van die ark in die stryd in I Sam. 4.
6) Boman: Das hebräische Denken, p. 102.
7) Buber: Gottesfinsternis, aangehaal uit De Beus e.a.: Op het spoor, p.135.
8) Vriezen: Op. cit., p. 180.

verstandelike kennis nie en die profeet rig hom dus nie slegs tot die intellek nie, maar veral tot die wil. [1]) Kennis van God beteken nie begrip van God nie, maar lewensgemeenskap met God, dit is die intieme antwoord van die mens se hele wese op God. [2]) Intellektuele kennis sonder inset hoort by die Griek met sy rede-liggaam dualisme, maar vir die Jood met sy eenheidsbeskouing is intellektuele kennis sonder meer ondenkbaar: kennis is onafskeibaar van inset van elke aspek van die persoonlikheid en sluit ook elke emosie en elke daad in.

Om sy volk in staat te stel om sy deel van die verbond na te kom, het Jahwe sy wil in die Tora of wet (die eerste vyf boeke van die Ou Testament) bekend gemaak. Die regte vertaling van Tora is eintlik leer.[3]) God, wat totaal anders as die mens is en wat Homself nooit ten volle aan die mens kan openbaar nie [4]), lewe nogtans in direkte, intieme kontak met sy volk [5]): Hy is sowel immanent as transendent. Hierdie gemeenskap van die sondige mens met die heilige God is alleen deur God se liefde en genade moontlik, en een van die belangrikste bewyse van sy genade is die Tora. Die besit van die Tora, die kosbaarste middel tot 'n goeie lewe, toon Israel se voorkeurposisie as bondsvolk. [6]) Die Tora is naamlik nie 'n eis wat God aan sy volk stel nie, maar 'n aanduiding (Weisung) van hoe die volk moet lewe ten einde die breuk tussen hom en God te heel. Die Tora is nie van kontraktuele nie, maar van pedagogiese aard. Eers na die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap is die gees van die wet deur formalisme en kasuïstiek vervang. [7])

Omdat die Tora die wil van God aandui, is die Judaïsme 'n godsdiens van studie en ondersoek van die wet. [8]) Die studie van die Tora lei naamlik tot insig en gevolglike inset en praktiese toepassing. Dit bly nie by intellektuele begrip nie en eis nie blinde gehoorsaamheid nie, maar dit is die beginpunt wat God in sy genade gegee het om hulle in staat te stel om die weg te vind na Hom toe. Daarmee is Israel se hele lewe religieus gefundeer met die Tora as basis. [9]) Die Tora is die weg na God toe,

---

1) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 60.
2) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 139.
3) Güdemann: Das vorchristliche Judenthum, p. 32.
4) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 67.
5) Ibid., p. 44-45; Vriezen: Op. cit., p. 174.
6) De Beus, C.: De uitverkiezing van Israël in de evangeliën en de brieven van Paulus in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 28.
7) Güdemann: Op. cit., p. 26.
8) Ibid., p. 33-34.
9) Ibid., p. 34.

die voorwaarde vir alle lewe. [1] "Van haar heet het dat de wereld ten behoeve van haar werd geschapen en dat tittel noch jota van haar zullen voorbijgaan." [2] As weergawe van God se wil is die Tora vir Israel alles wat orakels vir die heidenwêreld was [3], maar dit staan met sy eenduidigheid en die kontinuïteit van sy leiding op 'n veel hoër vlak.

Die Tora was tweevoudig en het uit die skriftelike en die oorgelewerde mondelinge wet bestaan. Laasgenoemde is deur die Fariseërs in hulle wetbeheptheid uitgebrei totdat dit 'n swaar las vir die volk was. [4] In die na-eksiliese tyd het die Tora uitgekristalliseer nadat dit oor baie eeue steeds aangegroei het.

As weg tot God bevat dit aanwysings vir elke aspek van die gemeenskaps- en privaatlewe. [5] Die skrifgeleerdes het geglo dat die mens in sy ywer vir God die wet vrywillig moes verswaar [6] en so word die Tora deur hulle toedoen outoritêr. [7] Daardeur verloor die Joodse religieuse lewe baie van sy vryheid en spontaneïteit en die wet word selfs 'n voorwerp van vrees. [8] Hierdie verlammende uitwerking was die gevolg van die Fariseërs se vermenigvuldiging van die mondelinge wetsbepalinge; dit was nie inherent aan die religie van Israel nie wat trouens die eis van egtheid en persoonlike inset vooropgestel het en daardeur as voorstadium van Jesus se liefdegebod gedien het. "Die jüdische Glaubenshaltung lässt sich etwa in dem Satz zusammenfassen: Erfüllung des göttlichen Gebots ist gültig, wenn sie nach dem vollen Vermögen der Person und in der vollen Glaubensintention geschieht ... Nicht von einer Vollkommenheit ist hier die Rede, die der göttlichen nacheifert, sondern von der Vollständigkeit, Ungeteiltheit, Ganzheit im Umgang mit Gott." [9]

Die Farisese voorskriftelikheid het van God se grootste genadegawe die ondraaglike las gemaak wat dit in Jesus se dae was. [10] Begryplikerwys het dit tot talle slinkse planne gelei waarmee die bepalinge van die wet omseil kon word. [11] Deur hulle oordrewe kasuïstiek het Israel se

---

1) De Boer, P.A.H.: De godsdienst van het Jodendom <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 505.
2) Ibid., loc. cit.
3) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 266.
4) De Boer: Op. cit., p. 505; Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 114.
5) Deut. 18:13. Vgl. Knight: Christelijke theologie, p. 192.
6) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 144.
7) Ibid., p. 381.
8) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 55.
9) Buber: Zwei Glaubensweisen, p. 54, 60.
10) Levison: Op. cit., p. 151.
11) Edersheim: Op. cit., p. 777.

religieuse leiers dus self die doel verydel waarmee God die Tora aan die volk geskenk het, naamlik om as weg na Hom te dien. Die swaartepunt van die religie het daardeur van innerlike gesindheid na uiterlike prestasie verskuif. [1] Daardeur word die Tora legalisties, 'n reeks kontraktuele eise wat dit nie oorspronklik was nie. Dit bring ook die opvatting mee dat nakoming van die Tora 'n geldige eis teen God sou wees. Hiermee het 'n groot deel van die pedagogiese waarde van die Tora, wat as kern van die Joodse opvoeding gedien het, dan ook verlore gegaan. [2]

(d) Die uitverkiesingsgedagte.

Die siening van Israel as die verbondsvolk impliseer die gedagte van uitverkiesing en daarmee saam van predestinasie. Op die etiek en die opvoeding kan 'n verkeerde opvatting van wat hierdie begrippe behels verlammend werk en tot fatalisme lei. Dit is dus noodsaaklik om hierdie aspek kortliks nader te beskou.

Israel is nie slegs tussen die ander volkere uit geroep nie: hy bestaan net ter wille van Jahwe. [3] Dit is nie 'n verbond van gelykwaardige vennote nie, maar 'n lewensgemeenskap wat uitgaan van Jahwe en waarby Israel volkome aan Hom gebind en van Hom afhanklik word. Die verbond verplig Israel om God se wil te doen; Israel kan nie homself bly nie, maar moet hom laat heilig. [4] Israel se aandeel in die verbond is om gehoor te gee aan God se stem: hy moet met gehoorsaamheid op God se uitverkiesende daad antwoord. Daarom word die eerste sonde dan ook as ongehoorsaamheid aangedui. [5] Die verbond bring mee dat Jahwe op Israel beslag lê. [6] Israel is gekies as kneg van God, as sy "kleed." [7] Die ooreenkoms is nie 'n verbond uit vrye wil nie: dit gaan van God uit [8], en selfs die ontrou van die volk kan daarom nie die verbond ongedaan maak nie.

Die mens het geen seggenskap oor sy verkiesing nie want dit word hom deur God opgelê, maar hy het wel die vryheid om in gehoorsaamheid daarop te antwoord of om God se plan met die verbond teë te staan. In laasgenoemde geval sal hy spesiale behandeling van God se wrekende liefde ontvang. [9]

1) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament, p. 125-126.
2) Castle: Ancient education and today, p. 173.
3) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 51.
4) Ibid., p. 153.
5) Gen. 3:17.
6) Schoneveld, J.: De uitverkiezing van Israël in het O.T. in *De Beus e.a.: Op het spoor van Israël*, p. 24-25.
7) Vriezen: Op. cit., p. 181.
8) Ibid., p. 152. Vgl. Grolle, J.H.: Het apostolaat der Kerk en het gesprek met Israël in De Beus e.a.: Op. cit., p. 152.
9) Schoneveld: Op. cit., p. 11, 23-24.

Die lot van die ontroue Israel sal ellendiger wees as dié van die nie-verkorene, maar nogtans sal dit nie op verwerping deur God en beëindiging van die verbond neerkom nie: God gebruik die oënskynlike verwerping om Israel tot gehoorsaamheid te bring. 1) In sekere sin kan gesê word dat die verwerping binne die verkiesing funksioneer. 2) Daarom kan Buber, een van die grootste vertolkers van die Ou Testament in die moderne tyd, skryf: "Wir wissen, ... dass wir gegen Gott tausendfach gesündigt haben, tausendfach von Gott abgefallen sind ... wir wissen, dass wir doch nicht verworfen sind ... dass uns in dieser Zucht und Züchtigung Gottes Hand hält und nicht loslässt, in dieses Feuer hinein hält und nicht fallen lassen." 3) Die mens kan téén God kies, maar hy kan daarmee die verbond nie tot niet maak nie, want dit sou daarop neerkom dat hy die plan van die Almagtige kan verydel.

God het Israel nie weens sy besondere aard of prestasie gekies nie, maar enkel uit liefde. 4) Die rede vir dié liefde bly 'n misterie maar God is liefde en sy liefde kan nie deur die mens se ontrou vernietig word nie. Die motief van God se keuse is nie begryplik nie want Hy laat hom nie deur die positiewe kwaliteite van die uitverkorene lei nie. Waar God kies, lê die nadruk dikwels op die negatiewe: Hy kies Abel (= Hebel, d.i. nietigheid, asemtog), Hy kies Dawid, die kleinste, in gevalle soos by Jakob en Efraim kies Hy nie die eersgeborene nie. In God se keuse word ruim plek gelaat vir sy liefde en genade, sy krag en heerlikheid. 5)

Die verkiesing van Israel waardeur hy in 'n heeltemal ander verhouding tot God te staan kom as die ander volkere, is dikwels, ook deur Israel self, verkeerd vertolk as sou dit die verwerping van die ander impliseer. Wanneer 'n jongman uit twee susters een as sy bruid kies, "het hy die een lief" en in die Semitiese uitdrukkingswyse "haat" hy die ander. So sê God in verband met die verkiesing van Israel: "Tog het ek Jakob liefgehad, maar Esau het ek gehaat." (Maleági 1:2-3). Dit beteken slegs dat Hy Esau nie tot sy bruid gekies het nie. Die rede van God se keuse is net so ondeurgrondelik soos dié van die jongman. 6)

---

1) Hosea 2:1-22.
2) Schoneveld, J.: De uitverkiezing van Israël in het O.T. in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 24.
3) Buber: Kirche, Staat, Volk, Judentum aangehaal deur Flesseman-van Leer in De Beus e.a.: Op. cit., p. 130, 146.
4) Deut. 4:37; 7:7-8.
5) Schoneveld: Op. cit., p. 10.
6) Knight: Christelijke theologie, p. 166. Vgl. Vriezen: Hoofdlijnen der theologie, p. 178-179; De Beus, C.: De uitverkiezing van Israël in de evangeliën en de brieven van Paulus in De Beus e.a.: Op het spoor, p.45.

Die uitverkiesing van Israel beteken nie uitverkiesing tot voorkeurbehandeling nie, maar tot besondere verantwoordelikheid. [1] Daarom sal God se toorn ook hewiger wees oor Israel as oor ander volkere. [2] Israel is gekies om die teokrasie te verwerklik [3]: hy moet die bemiddelaar wees deur wie die hele wêreld verlos moet word. [4] Hy het daarmee 'n dienende funksie: die volk is nie ter wille van homself gekies nie, maar om die koms van die Koninkryk voor te berei. [5] Daarmee het Israel 'n wêreldroeping, 'n sendingtaak. [6] Die groot moeite wat die Jode gedoen het om proseliete te maak, was 'n uitvloeisel daarvan.

Tot dusver was daar slegs sprake van die verkiesing van die volk en het die probleem van die verkiesing van die enkeling nog nie ter sprake gekom nie. Vir Israel was enkeling en gemeenskap so onlosmaakbaar aan mekaar verbonde dat wat vir die volk gegeld het ook vanselfsprekend vir die enkeling van krag was. Net soos die volk enkel deur God se liefde tot 'n besondere roeping uitverkies en daartoe spesiaal begaafd was, word ook die enkeling deur God uit liefde tot 'n besondere opdrag uitgekies en daartoe beskenk. Hiermee gee die Ou Testament 'n verhewe verklaring van die mens se uniekheid wat as besondere toerusting vir 'n spesifieke taak in diens van die medemens en die Godsryk beskou word. "Met iederen mens is er iets nieuws ter wereld gebracht, dat er nog niet was, een eerste en een enig iets. Het is ieders plicht in Israël te weten en te bedenken, dat hij in zijn hoedanigheid enig is ter wereld en dat zijns gelijke nog niet op aarde is geweest, want ware zijns gelijke reeds hier geweest, hij zou er niet behoeven te zijn. Ieder enkeling is een nieuwe verschijning op aarde en zijn taak is het, zijn aanleg te vervolmaken in deze wereld. Want waarlijk: dat dit niet geschiedt, zulks is wat de komst van den Messias vertraagt." [7]

Die uitverkiesing is roeping tot 'n Messiaanse taak wat van mens tot mens verskil. Soos Israel uit die volke gekies is om by uitstek te doen wat in wese vir alle volke bestem is, so word ook spesiale mense met besondere bekwaamhede begiftig om te doen wat almal aangaan. [8] Elke mens is egter geroep om die koms van die Koninkryk voor te berei, en elkeen het

---

1) Amos 3:2.
2) Joël 2:1-11; Jesaja 1:2-4.
3) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 59.
4) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 240.
5) Vriezen: Op. cit., p. 242. Vgl. ook p. 261.
6) Ibid., p. 43.
7) Buber: De weg van den mens, p. 18-19.
8) Flesseman-van Leer: De afwijzing van het Christendom door Martin Buber in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 144-145.

die vryheid om mee te werk of om te weier om aan sy eintlike bestemming te beantwoord. 1)

Die vraagstuk van die mens se vryheid in verhouding met God se almag en die voorafbepaaldheid van God se plan het in Israel diepgaande aandag geniet. Die basiese uitgangspunt is dat die mens werklike vryheid het, anders sou die verbondsgedagte en die mens se medewerkerskap sinloos wees. Die mens is God se medewerker, nie sy werktuig nie.

Net soos in Hellas toon die geskiedenis ook in Israel die na vore tree van die enkeling en 'n toename in sy vryheid. Daarom het die probleem van menslike vryheid teenoor predestinasie veral in die na-eksiliese tyd aan die lig getree.

Die Esseense sekte het, volgens die Qumranrolle, ál die klem op God se almag en op predestinasie gelê: God het elke mens van sy geboorte af vir kwaad of vir goed bestem, vir vernietiging of vir redding. Hy het die lot van al sy skepsels van voor die skepping af bepaal. 2) Van die vryheid van die mens was hier so min tekens dat dié opvatting sterk aan die Griekse noodlotsgeloof herinner. Hierdie starre opvatting van predestinasie ken geen menslike vryheid nie. Die grootste deel van die mensdom word van redding en opvoedbaarheid uitgesluit en niemand word geleentheid tot berou gegee nie. 3) Soos die Gnostici glo die Essene met hulle goed-kwaad dualisme dat God slegs aan uitverkorenes die kennis verorden het waardeur hulle gered moet word. Eties is dit nie 'n hoogstaande opvatting nie, maar dit sluit aan by die foutiewe vertolking wat sommige Jode aan die uitverkiesing geheg het as sou Israel alleen gered word terwyl die ander volkere, die gojim, na Gehenna verwys word. 4)

Die Sadduseërs huldig die teenoorstaande standpunt. Hulle ontken alle absolute voorbeskikking en meen dat die mens se keuse van goed of kwaad geheel van sy vrye wil en selfbepaling afhanklik is. 5) Hulle gaan uit van die veronderstelling dat dit vir God onmoontlik is om kwaad te laat plaasvind 6) en glo dat God Hom nie met menslike handelinge bemoei nie. Die individu word aan homself oorgelaat. Aan die volk as 'n groep verleen God beskerming as hulle sy bevele uitvoer, net soos Hy hulle

---

1) Wijngaarden: Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 29.
2) Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 102.
3) Ibid., p. 106.
4) De Beus, C.: De uitverkiezing van Israël <u>in</u> De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 28.
5) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 317.
6) Ibid., loc. cit.

straf as hulle die wette van die verbond oortree. [1])

Die Fariseërs, die toonaangewende sekte in die na-eksiliese tyd, het meer subtiele beskouinge oor die probleem van menslike vryheid teenoor God se almag en voorbeskikking en erken die noodsaaklikheid en die bestaan van albei. Die denke van die Jood, wat nie tot die logiese rede alleen beperk is nie, maar die totaliteit van sy bestaan betrek, beweeg nie soos dié van die Griek in skerp-afgebakende denkbeelde nie. Hy gaan uit van die opvatting dat die mens sy lewe in die sorg en nabyheid van God slyt. God is die onkenbare en daarom is die grondliggende waarhede van die menslike bestaan ook in misterie gehul en nie vir intellektuele uitleg toeganklik nie. Die Jood kan daarom skynbaar botsende opvattinge langs mekaar plaas sonder om dit te probeer verklaar. [2]) So kan hy glo dat goed en kwaad albei deel van God se plan is en dieselfde is van toepassing op menslike vryheid en God se voorbeskikking: in die ondeurgrondelike diepte vind beide 'n sintese in God se plan. [3])

Berusting in die wil van God was vir die Jood nie die fatalisme wat die opvattinge van die Stoa gekenmerk het nie [4]), maar 'n uiting van geloof en vertroue in God wat bo die mens se verstandelike begrip uitgaan. Alles is vir die Fariseër voorafbepaal, en nogtans is die mens vry en dus verantwoordelik. [5]) Die Talmoed stel dit: "As 'n man verkies om goed te doen, help die hemelse magte hom. As hy verkies om kwaad te doen, laat hulle vir hom die weg oop." Die Fariseërs kom dus tot die konklusie dat God die mens se keuse van gedrag kan bepaal, maar dat Hy nie verkies om dit te doen nie: Hy wil hê die mens moet in vryheid kies. [6]) Rabbi Akiba het die Fariseërs se opvatting kernagtig saamgevat wat in vertaalde vorm lui: "Everything is foreseen; free determination is accorded to man; and the world is judged in goodness." [7])

Met sy gawe om sy geestelike lewe nie deur die enge grense van die logiese verstand te laat beperk nie maar om die bestaansreg van die irrasionele ook te erken en die Onverklaarbare se magtige eenheidswerkende krag te erken sonder om dit met die beperkte intellek te probeer verklaar [8]),

---

1) Mansoor: The Dead Sea scrolls, p. 115.
2) Thackeray: The relation of St. Paul, p. 252.
3) Vgl. Levison: The Jewish background of Christianity, p. 159.
4) Vgl. De Beus, C.: De uitverkiezing van Israël in de evangeliën en de brieven van Paulus in De Beus e.a.: Op het spoor van Israël, p. 29.
5) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 318-319.
6) Mansoor: Loc. cit.,
7) Edersheim: Op. cit., p. 319. Vgl. Levison: Op. cit., p. 69-70.
8) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 54.

het Israel 'n ongeëwenaarde sintese tussen Goddelike en menslike mag bereik. Menslike handeling en God se genade lê daarvolgens nie in mekaar se verlenging nie en grens nie eens aan mekaar nie. 1)

Uit hoofde van sy verkiesing het die volk en het elke mens 'n besondere etiese opdrag: die verpligting om aan God se genade getrou te wees met volle inset van sy persoonlikheid en in elke aspek van sy bestaan. Aan die opvoeding het hierdie opvatting 'n doel gestel wat van eschatologiese betekenis was. 2)

(e) Die Messiaanse opdrag.

Uit die verbondsgedagte vloei die Messiasverwagting voort: die oortuiging dat Jahwe self eenmaal in die toekoms weer die bestuur van die wêreld in sy hande sal neem en die teokrasie van sy Koninkryk op aarde sal vestig. Met sy diesseitgerigtheid wat uit die opvatting van die eenheid van die mens met die aarde voortvloei, knoop hierdie toekomsverwagting aanvanklik byna vanselfsprekend aan die wêreldlike konings van Israel vas 3) en veral aan Dawid. 4) Uit die gedagte dat die Messias Dawid kan wees wat op bonatuurlike wyse terugkeer, ontstaan die verwagting van 'n bonatuurlike verskyning in die toekoms, van 'n boaardse Messias. 5) Hierdie gedagte begin in die Ou Testament reeds deurbreek en lei tot 'n inniger en meer vergeestelikte verhouding tot Jahwe. 6) Daarmee word die materialistiese verwagtinge van 'n uiteindelike aardse utopie verdiep tot 'n eschatologiese verwagting. Dit sou méér inhou as net 'n aardse Godsryk: dit sou niks minder wees nie as die vervulling van God se bedoeling met die wêreld. 7)

Hoewel die Messias ooreenkomstig hierdie nuwe siening van bonatuurlike herkoms sou wees en selfs van voor die skepping van die wêreld af sou bestaan 8), sou sy ryk volgens die Joodse vertolking van die Ou Testament egter 'n <u>aardse</u> ryk wees 9) en sou sy koms van die <u>mens</u> afhanklik wees. Sy koms word deur die boosheid van Israel vertraag en eers wanneer die volk tot inkeer gekom het, sal die Messias kom. 10) Van Israel hang

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 72. Flesseman-van Leer: De afwijzing van het Christendom <u>in</u> De Beus: Op het spoor, p. 140-141.
2) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament, p. 99-100.
3) Deut. 17:15.
4) II Sam. 6:21.
5) Polak: Op. cit., p. 92. Vgl. De Burgh: The legacy, p. 87: Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah II, p. 434.
6) Vgl. Jes. 9:5; Miga 5:2-4; Dan. 7:13-14; 12:1-7.
7) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 248.
8) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 175.
9) Knight: Op. cit., p. 48.
10) Jes. 59:1-20; Amos 9:7-12; Jer. 4:1. Vgl. Edersheim: Op. cit.I,p.509.

dit af hoeveel onheil daar nog moet kom en hoe lank dit nog verduur moet word. [1] Die wete dat die smarte van die heelal sý skuld is omdat hy nog nie tot God ingekeer het nie, is deel van die lyding van Israel. Die mens het die mag en die vryheid om hom iedere oomblik van die bose af na God toe te keer, anders sou die opvoedingswerk van die profete sinloos gewees het. Die taak van voorbereiding vir die koms van die Messias is self 'n Messiaanse taak en is aan elkeen opgedra. Heelhartige wending na God toe beteken vervulling van die besondere taak waartoe God die mens bestem het. [2] Slegs deur kennis van die Tora kan die mens kennis verwerf van sy besondere taak; daarom is die Tora die ware opvoeder [3] en is opvoeding self Messiaanse arbeid. Die opvoeding moet die mens van sy verantwoordelikheid bewus maak. Aangesien inkeer slegs na voorafgaande lyding plaasvind, moet in die mens die bewussyn van die lyding van die onverloste wêreld wakker gehou word: daardeur het elke mens deel aan die geboortepyne van die Messias.

Hierdie opvatting beklee die opvoeding met die diepste betekenis. Deur die Messiasverwagting kry die lewe en die geskiedenis 'n allesoortreffende doel. Dit is deur uit die krag van sy hoop op die parousie van God te lewe dat Israel staande bly en sy roeping sal vervul. [4]

(f) <u>Onsterflikheid</u>.

Baie skrywers beweer dat in die Ou Testament weinig aanduidings daarvan bestaan dat Israel 'n opstandingsgeloof geken het [5] en erken eintlik net Jesaja 26:19 en Daniël 12:1-3 as bewyse dat die verwagting van 'n opstanding uit die dood wel aan Israel bekend was. Die wysheidsliteratuur sou die dood as die volstrekte einde beskou en selfs koning Hiskia sien die dood as die volledige einde wat nie alleen 'n einde aan die omgang met die medemens maak nie, maar ook aan dié met God: "Ek het gesê: In die bloei van my dae moet ek heengaan in die poorte van die doderyk; ek word beroof van my orige jare. Ek het gesê: Ek sal die Here nie sien nie, die Here, in die land van die lewende; ek sal die mense nie meer aanskou onder die inwoners van die wêreld nie ... Want die doderyk sal U nie loof nie, die dood sal U nie prys nie; die wat in die kuil neerdaal, sal op U trou nie hoop nie. Die lewende, die lewende, dié sal U loof, soos ek vandag ..." [6]

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 88.
2) Buber: De weg van den mens, p. 41.
3) De Boer: The imitation of Paul, p. 30.
4) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 384-385.
5) Vgl. die oorsig van sulke beweringe in De Bondt: Wat leert het O.T., p. 148-150.
6) Jesaja 38:10-11, 18-19. Vgl. Ps. 115:17; 30:10;88:11.

Volgens De Bondt beteken hierdie en verwante uitsprake egter slegs dat die afgestorwenes Jahwe op aarde nie meer kan prys nie en dat dit geen verwysing na afwesigheid van kontak tussen God en die dooies inhou nie. Hy bring dit in verband met die skerp teëstelling wat Israel tussen dood en lewe gemaak het. 1) Nietemin is daar in die lig van hierdie en ander tekste seker grond om te beweer dat Israel geen algemeen-aanvaarde opstandingsgeloof gehad het nie. Dit sou egter ook foutief wees om te beweer dat Israel géén onsterflikheidsgeloof geken het nie. So toon Saul se stryd om heksery uit te roei 'n sterk volksgeloof aan die voortbestaan van die afgestorwenes. 2) In die vroegste tye het dit die vorm van geloof in onsterflikheid aangeneem terwyl dit ten tye van Jesus eerder 'n opstandingsgeloof behels het. 3) Die gedagte aan die opwekking van die dooies moes voorts ook bekend gewees het as agtergrond van die visioen van die profeet in Eségiël 37:1-14, en sekere psalms bevat onmiskenbaar ook die opstandingsidee. 4) Ook die wysheidsliteratuur, wat gewoonlik van pessimisme oor die dood beskuldig word, toon minstens die kiem van die gedagte van opstanding van die dooies. 5)

Vir die Ou Testamentiese skrywers was die lewe op aarde in homself sinvol sonder om na 'n toekomsprojeksie te vra. Al sou die mens sterf, bly sy naam (gedagtenis) lewe en hy sou ook voortlewe in sy kinders. Hy laat sy naam en karakter aan sy nakomelinge na, en dit is 'n sterk aansporing tot 'n sedelike lewe. 6) Met sy opvatting van die eenheid van liggaam en siel en die klaarblyklike feit van die verganklikheid van die liggaam, het die Jood geen duidelik-omskrewe en algemeen-aanvaarde verwagting van 'n ewige lewe gehad nie. Maar selfs as Israel geen vaste jenseitgeloof gekoester het nie, staan sy opvattinge oor die dood op 'n heeltemal ander vlak as dié van Babilonië en Griekeland. Reeds deur sy grondliggende opvatting dat die dood deur die mens se sonde in die wêreld gekom het, het die dood etiese betekenis gekry. 7)

Sekere skrifkenners is die mening toegedaan dat die sluimerende jenseitgeloof veral na die Babiloniese ballingskap en die lyding onder Antiochus sterk na vore getree het. Namate die verwagting van die Gods-

1) De Bondt: Wat leert het Oude Testament, p. 128-129.
2) I Sam. 28:9.
3) Levison: The Jewish background, p. 83; De Burgh: The legacy, p. 84.
4) De Bondt verwys hier na Ps. 16:10; 30:4; 49:16; 139:8.
5) Soos Job 14:3. As pessimisties word gesien: Job 14:7-12; Pred.3:18-20.
6) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 282.
7) Vriezen: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 217.

ryk as 'n aardse utopie verkwyn, word dit vervang met die denkbeeld van loon en straf in die hiernamaals. 1) Waar die Jood aanvanklik die moontlike bestaan na die dood onvragend aan Jahwe oorgelaat het, sou die lyding van die einde van die Ou Testamentiese tydvak die sedelike lewe van bloot diesseitige oorwegings begin losmaak het. Die probleem om die lyding van dié tyd sinvol te dui, laat gaandeweg die verwagting van die opstanding van die dooies duideliker na vore tree. 2) "Die Hand die sich an Jahwe in den Schwierigkeiten dieses Lebens angeklammert hatte, hielt ihn fest und wusste sich von ihm auch im Tode und über das Dunkel des Grabes hinaus getragen." 3) Dit lê in die lyn van die natuurlike ontwikkeling as die mens die lewe by die dood verbyprojekteer om die vergeldingsprobleem te verklaar. In verskeie Ou Testamentiese tekste lê die kiem van die onsterflikheidsgedagte reeds. 4) Die openbaring van God wat uit die Ou Testament spreek, deurloop 'n bepaalde geskiedenis, maar word van die begin tot die einde gedra deur die gedagte dat God almagtig is. 5) Daarom is Hy ook Heer oor die dood en kan Hy nie alleen die gelowige teen die dood beskerm nie, maar ook uit die dood opwek.

"Belief in some form of continuity after death was established in the teaching of the Old Testament, and ... it was a form more in keeping with the idea of immortality than resurrectionism ... In the teaching of the last three centuries before our era the belief took the form of resurrectionism ... It is evident that the Jewish people in our Lord's time believed in resurrectionism rather than in immortality." 6) Gedagtig aan die Joodse opvatting van die onverbreekbare eenheid van liggaam en siel, lê hierdie ontwikkeling in lyn met die beginsels van Judaïsme. 7) In die laaste literêre getuienisse van die Ou Testamentiese tyd, soos die boek Makkabeërs, is die geloof aan 'n ewige lewe reeds onmiskenbaar. 8) Saam met die opstanding van die liggaam gaan, ooreenkomstig die Joodse eenheidsgedagte, ook die wederopstanding van die hele skepping. Aanvanklik is die opstanding tot 'n ewige lewe baie materialisties gesien. 9) 'n Geleidelike wysiging en vergeesteliking van

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 704; Edersheim: Life & times II, p.791.
2) Lindijer: Het lijden in het Nieuwe Testament, p. 90-91. Vgl. Ps.73:22-8.
3) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament, p. 150-151.
4) Psalm 16:9-11; 17:15; 49:16. Sien vorige bladsy, nota 4).
5) Vgl. Amos 9:2; Hosea 13:14. Vgl. Bondt: Wat leert het O.T., p. 225.
6) Levison: The Jewish background of Christianity, p. 86. Vgl. De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 84-85.
7) Knight: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 288.
8) Dürr: Loc. cit.
9) Edersheim: Op. cit., p. 436; Thackeray: The relation of St. Paul to contemporary Jewish thought, p. 108, 18.

hierdie materialistiese jenseitsverwagtinge het egter in die laaste eeu voor die Christelike era ingetree en die weg vir Jesus se leer gebaan. [1]) Daarmee het 'n nuwe religieuse dimensie oopgegaan wat aan die etiek - en dus ook aan die opvoeding - ewigheidsprojeksie en -betekenis verleen het.

C. Samevatting.

Ter afsluiting moet nou 'n beknopte oorsig van die antropologiese beskouinge van Israel gegee word. Die Bybel is nie 'n wetenskaplike werk nie en bied dus geen antropologie nie. [2]) Dit gaan daarin om God, nie om die mens nie. Maar die mens is ooreenkomstig die Heilige Skrif God se mens: hy staan altyd in verhouding tot God. Sodoende kan daar uit die Ou Testamentiese verhaal en leer afleidings gemaak word oor die wese van die mens volgens Israelitiese beskouinge.

Die mens wat uit die Ou Testament en uit Joodse geskrifte na vore tree, verskil ingrypend van die Helleen.

Die grondoorsaak van sy andersheid is die verhouding waarin hy teenoor God staan. Oosterse gelowe sien die mens as bediende van die gode; die Griek sien hom in tragiese opstand teen die grillige noodlot; Israel sien hom as vennoot van God, in liefde aan God gebonde. Hy staan aan God se sy en beantwoord die liefde van God wat hom uit geen enkel ander oorweging nie tot sy medewerker gekies het. Hierdie opvatting is totaal nuut vir sy tyd. Ongeag die mate van ooreenkoms wat tussen die godsdiens van Israel en sy buurvolke aangetoon kan word, onderskei Israel hom van hulle deur sy verhewe etiese ingesteldheid.

Uit Israel se opvatting van sy verbond met God vloei sekere belangrike implikasies voort: hy is medewerker van God. Daardeur kry die mens 'n waardigheid en geborgenheid wat hy in geen ander toenmalige godsdiens gehad het nie. Nogtans lei dit nie tot hoogmoed nie, want die mens van Israel het 'n diepe skuldgevoel en deemoed wat voortspruit uit die wete dat deur sy vrye keuse van die kwaad die heelal in lyding gedompel en die dood oor alles gebring is. Hierdie skuldgevoel het nietemin nie die verlammende uitwerking van die Griekse noodlotgeloof nie, want in sy genade het God die vervloekte mens uitverkies as medewerker in die groot verlossingsplan wat alle volke en die hele kosmos insluit. In plaas van

1) Kellett: A short history of religions, p. 79.
2) Stoker, H.G.: Die betekenis van 'Die mens as beeld van God' vir die wysgerige antropologie in Oberholzer: Homo viator, p. 31.

verlorenheid of heroïese uitdaging van die gode ken Israel dus deemoedige vertroue op God en 'n diepe blydskap dat hy met God mag saamwerk. Verder ken hy nie die tragiek en die pessimisme van die Griekse gees nie, want hy weet dat die goeie uiteindelik sal triomfeer.

Lyding is vir hom nie die onassimileerbare vreemde liggaam wat dit deurgaans in die Griekse filosofie gebly het nie, dit is die belangrikste weg tot God. Die mens ly nie deur die toedoen van God nie: deur teen God te kies, het hy self lyding in die wêreld gebring. God is bý hom in sy lyding en gebruik tewens sy lyding om die verlore mens na Hom terug te bring.

Anders as die Griek ken die Jood geen tragiese siel-liggaam gespletenheid nie. Vir die Griek is die siel 'n vonk van God, gevange in die godvyandige stof. Sy lewe word dus deur stryd tussen siel en liggaam gekenmerk, wat óf op askese óf op sensualiteit uitloop. Met sy strenge monoteïsme ken die Jood daarenteen geen preëksistente materie nie: ook die aarde en die liggaam is deur God gemaak en dus in oorsprong goed. Die mens moet dus nie die liggaamlike minag nie, maar dit heilig en in God se diens gebruik om daardeur die koms van die Messias te bespoedig. Die gedagte van die onsterflikheid van die siel, wat op die skeiding van die mens in 'n goeie siel en 'n bose liggaam berus, is vir die Jood onaanvaarbaar. Hy het daarom aanvanklik geen uitgesproke onsterflikheidsverwagtinge nie, en wanneer hy later jenseitsverwagtinge ontwikkel, sluit dit op vanselfsprekende wyse die opstanding van die liggaam en die herstel van die aarde in.

Deur sy opvatting van die wesenlike eenheid van die mens is die Jood nie in homself gesplete nie. Hy is <u>in die tyd</u> gesplete: deur sy sonde het die mens 'n breuk in die geskiedenis veroorsaak waardeur hy tans in 'n tussenstadium van godsvyandigheid lewe, 'n tyd van verdorwenheid wat deur sy toedoen die gelukstaat van die aanvang van die skepping vernietig het - maar wat ook mede deur sy toedoen oorbrug moet word. In plaas van om soos die Griek in die hede alleen te leef, is sy hele bestaan toekomsgerig, ingestel op die heling van die sondebreuk tussen God en mens.

Anders as die Griek verabsoluteer die Jood nie die denke om dit die maatstaf van sy handelinge en oortuiginge te maak nie. Hy erken die basiese eenheid en goedheid van die menslike persoonlikheid as beeld van God en skakel ook emosie en liggaamlikheid by sy denke in. Daardeur bereik hy nooit die abstraksie van die Griekse filosofie nie en word sy denkbeelde nie tot oorsigtelike skemas saamgevat nie. Hy erken die

bestaansreg en die diepe betekenis van die bo-rasionele en probeer nie om die onverklaarbare intellektueel te deurgrond nie. Daarom is sy denkbeelde, anders as die Griekse wysbegeerte wat slegs vir die intellektuele elite toeganklik was, vir almal.

Die Jood is nie op die verobjektiverende rede ingestel nie maar op die gehoor: hy moet om waarlik mens te wees na die stem van God luister. Daaruit vloei 'n verbondenheidsgevoel voort, 'n vanselfsprekende gemeenskapsbesef wat die Griek met sy basiese egoïsme nie geken het nie. Die dialoog met God sluit vir die Jood vanselfsprekend die dialoog met die medemens in, want God se verbond met Israel is in die eerste plek 'n verbond met die <u>volk</u>. Maar die individu kan slegs as enkeling in die konkreetheid van sy bestaan van hier en nou tot inkeer kom, hy kan sy voorbereidingswerk vir die koms van die Messias slegs doen deur sý unieke moontlikhede te ontwikkel. Sowel individu as samelewing kry daarmee transendentele betekenis.

Die verbondsgedagte heilig ook die huwelik wat by die Griek weens sy liggaam-siel dualisme ontredder is. Deur die huwelik moet volgens Joodse siening nie alleen die voortbestaan van God se volk verseker word nie, maar moet ook die Messias gebore word. Die kind word dus met die grootste eerbied bejeën: hy is lid van God se verbondsvolk; hy kan self die verwagte Messias wees, of hy is minstens geroepe om te help om die koms van die Messias voor te berei.

Uit die Messiasverwagting en die gedagte van die mens se vennootskap van God, tesame met die opvatting dat materie ook Godgeskape en dus goed is, vloei die Jood se hoë agting vir die arbeid voort. Elke handeling moet by die rigting na God toe ingeskakel wees, dit moet Godgerigte arbeid wees want dit moet vir die koms van die Messias voorberei. Die Jood ken nie die Griek se minagting vir arbeid met dinge nie, want alles is uit God se hand. Ook die oorweging dat liggaamlike skoonheid deur arbeid ontsier kan word, tel by die Jood nie. Hy is nie opties ingestel nie en soek nie na onveranderlike skoonheid nie; hy is bewus van die dinamiese van sy eie bestaan en van die wete dat dit 'n weg na God is en dat net God van werklike belang is. Van al die kulture van sy tyd is dit net Israel wat 'n beeldeverbod het want in 'n beeld stol die eienskappe van die afgebeelde tot 'n beskou- en beheerbare voorwerp. Soos die Griek is die Jood bewus van die veranderlikheid van die mens se bestaan, maar vir hom is dit nie aanleiding tot tragiek nie maar inteendeel geleentheid tot arbeid, tot heling van die God-mens breuk. Die vooruitgangsoptimisme van die 18$^{de}$ en 19$^{de}$ eeu n.C. het juis hieruit ontstaan, hoewel dit sy oor-

sprong en doel jammerlik uit die oog verloor het.

Vir die Jood is die mens nooit uit homself te verstaan nie: hy staan altyd saam met sy medemens in relasie tot God. Daarom het die geskiedenis vir hom transendentele betekenis: dit is God se geskiedenis, dit is die verhaal van die samespel van God en mens onderweg na die verlossing van Israel en die wêreld, dit is heilsgeskiedenis. In plaas van die uitsiglose en fatalistiese sikliese beskouing het Israel daarmee 'n liniêre beskouing van die geskiedenis. Die eindpunt staan volgens die Joodse opvatting vas, maar die mens dra in 'n onnaspeurlike mate ook verantwoordelikheid vir die herstel van die sondevalbreuk. God skenk naamlik in sy plan met die wêreld aan die mens ware vryheid. Daardeur word die geskiedenis 'n fyn ewewig tussen die almag van God en die mag en vryheid van sy skepsel wat ondanks die feit dat hy maaksel en dus wesenlik anders as God is, nogtans na sy beeld gemaak is en dus ook vryheid het.

Vanuit opvoedkundige oogpunt beoordeel is Israel se antropologie besonder hoogstaande. Dit ken nie die Griekse verskeurdheid in gees en liggaam nie, dit verabsoluteer nie die intellek nie en beroep hom ook nie op die Stoa se onnatuurlike onaandoenlikheid nie. Voorts sien dit die mens ook nie as vyand van die wêreld nie maar inteendeel as medehersteller van die geluk en skoonheid daarvan. Dit sien die lewe en die geskiedenis as in die hoogste mate sinvol en ken ook aan lyding 'n oortuigende betekenis toe. Verder sien dit elke mens as uniek en eenmalig, in sy uniekheid 'n onmisbare medewerker van God, en dit beskou die enkeling se opname en geborgenheid in die gemeenskap so natuurlik en vanselfsprekend dat dit nooit as 'n probleem aangevoel word nie. Enkeling en samelewing, arbeid, huwelik, opvoeding en geskiedenis kry alles die diepste betekenis omdat dit in diens van die Godsplan staan.

In die heelheid van sy mensbeskouing en die transendentele betekenis wat dit aan die mens se bestaan gee, bied Israel aan die opvoeding 'n onoortrefbare fondament. Dit stel daarby aan die opvoeding 'n doel wat nie slegs tydelike nie maar ook transendentele betekenis het.

Terwyl die Joodse eindtydverwagting lank hoofsaaklik utopisties en materialisties was - God se koninkryk op aarde - kry dit gaandeweg 'n uitgesproke jenseitsverlenging. Die nuwe dimensie van 'n ewige voortbestaan kom verrykend by en die verwagting van ewige loon en straf laat Israel deurbreek na 'n hoër vlak van die etiese. Daarmee kry ook die opvoeding voorheen ongekende betekenis: dit is nie meer vorming vir die aardse bestaan alleen nie, maar ook vir die ewigheid. Die lyn van die

mens se bestaan, en dus ook van die betekenis van die opvoeding, word by die breuk wat die dood is, verbygetrek.

Soos die Griek op die gebied van filosofie en wetenskap, het Israel op die gebied van religie en moraal sy unieke bydrae tot die wêreld se kultuur gemaak. Dié teëstelling moet egter nie te skerp gedink word nie, want op sy hoogtepunt mond die Griekse filosofie by Socrates en Plato in moraal en religie uit; andersyds het Israel geeste voortgebring wat die religieuse probleme met die diepste en mees toegewyde denke deurvors het. [1])

Dit is opvallend dat Griekse wysbegeerte en Judaïsme uiteindelik albei hulle vervulling vind in die geloof aan 'n ewigheidsprojeksie van die mens se bestaan, 'n opvatting wat die hoeksteen sou vorm van die Christelike leer.

---

1) Boman: Das hebräische Denken im Vergleich mit dem griechischen, p. 159.